



NEW!



Leica PRS 5-30x56i.

The long-range specialist with 6 x zoom.

When it comes to accuracy at a distance, long-range shooters can rely on the uncompromising technology of the new Leica PRS 5-30x56i riflescope. Its generous magnification range of 5x to 30x offers a wide array of uses – at various distances and under the most difficult conditions. Thanks to the high-quality metal components, the PRS 5-30x56i is extremely rugged and precise, while the powerful optics deliver light transmission of over 90% as well as high-contrast images. The shooter can concentrate fully on the target – ensuring optimum performance for long-range sport shooting.

leica-prs.com

#masterthedistance



For more information please contact Ian Hardie:
leicasales@tudortech.co.za | 082 894 1528

JAGSTORIE

**VAT WAT JY
KRY – VOOR JY
SNOEP RAAK!**



BOOGJAG

**IS JY GEREED
VIR JOU EERSTE
BOOGJAG?**



JAGVOERTUIG

**DIE JAGTER
EN SY
VOERTUIG**



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER



BEWARING

**DIE HONDE IN
DIE VOORSTE
LINIES**

HUNTING STORY

**HUNTING
DURING THE
LOCKDOWN**

**THE ANATOMY
OF A BAD
FIRST SHOT**



HISTORY

**GROUSE GEESE
AND THE
ANTARCTIC
LINK**

**WINCHESTER'S
CURRENT MODEL 70 – STILL
THE RIFLEMAN'S RIFLE?**

UITGAWE • EDITION
JUNIE/JUNE 2021

NO. 06169
RSA R70.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$70.00



9 770259 935002

0 6 1 6 9

THE RIFLE THAT TAMED AFRICA



OWN THE LEGEND – END OF AN ERA

LAST PRODUCTION RUN IN PROCESS. DON'T DELAY ANY LONGER.

- Legendary CZ 550 Magnum action
 - Adjustable set trigger
 - Straight Safari Magnum stock
 - 2 steel cross bolts
- Steel follower and floorplate
 - 5 + 1 magazine capacity
- Mauser style extractor/ controlled feed
 - Express sights

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4

 **FORMALITO**
SPORTS • ARMS • OUTDOOR

JAGTER HUNTER

WEBTUISTE
www.sajagterhunter.com
ALGEMENE NAVRAE
072-700-9147 (kantoorure)

REDAKSIE

REDAKTEUR: Johan van Wyk
johan@sahunter.org
Johan.vanWyk@media24.com
SUBREDAKTEUR: Marisa Beeton
(Taalversorging, webblad en sosiale media)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
UITLEGKUNSTENAAR: Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
ADVERTENSIE-ONTWERP:
Malinda Craythorne
Malinda@sahunter.org
Malinda.Craythorne@media24.com
KANTOORBESTUURDER:
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
MEDEWERKERS:
Herman Jonker
Francois van Emmenes
Cassie Nienaber
Prof. Brian Reilly

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER:
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
ADVERTENSIEKONSULTANT:
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

NAVRAE EN INLIGTING

INTEKENARE:
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
SAJWV-LEDE: Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
RAKVERKOPE: Armand Kasselmann
Tel: 021-503-7164
E-pos: armand.kasselmann@onthedot.co.za

MEDIA24

MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira
UITGEWER: Theuns Venter
ADMINISTRASIE: Johan Terblanche
SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie
KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:
Armand Kasselmann
INTEKENARE: Elmarie Eygelaar
HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson
HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Jameelah Conway



DRUKKER:
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:

Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000



© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou.
Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente
word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf
nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te ver-
ander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreek-
likheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespase of guns-
tige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestem-
mings vir gratis jagte of produkte nie.

JUNIE 2021-UITGAWE

INHOUD



VOORBLAD

GEWEER: Winchester Model 70
Coyote Light in .243 Winchester.
AGTERGROND: Panorama,
Vanderkloof-distrik, Noord-Kaap.
FOTO'S: Johan van Wyk.

RUBRIEKE

- 4 PADLANGS
- 6 SNELVUUR
- 8 KOMPETISIE
- 10 DOOIERUS – RED ONS
- 46 BOKSPOG
- 56 NATUURFLITS

SAJWV

- 44 AFRIKA-VARKPES EN
HOE SA JAGTERS
KAN HELP
BOETIE KIRCHNER

PRODUKTOETSE

- 60 STEVENSON-HAMILTON:
TROTS SUID-AFRIKAANS
SEDERT 1994
JACQUES BOSHOF
- 62 LA.VA-VAKUUMVERPAK-
KINGSMASJIEN
FRANCOIS VAN EMMENES

ARTIKELS

- 12 **WINCHESTER'S CURRENT MODEL 70 –
STILL THE RIFLEMAN'S RIFLE?**
After many reinventions, is the current
Model 70 still up to the task?
JOHAN VAN WYK
- 16 **DIE HONDE IN DIE VOORSTE LINIES**
M BEETON
- 18 **GROUSE GEESE AND THE ANTARCTIC LINK**
A delightful historic quirk.
KOBUS DE KOCK
- 24 **IS JY GEREED VIR JOU EERSTE BOOGJAG?**
Daar is 'n paar dinge om te onthou...
REAN STEENKAMP



- 30 **VAT WAT JY KRY – VOOR JY SNOEP RAAK!**
JOKI LE ROUX
- 34 **THE ANATOMY OF A BAD FIRST SHOT**
Sometimes haste nearly makes waste...
JOHAN VAN WYK
- 38 **HOE OM MET MIN GELD TE BEGIN
HERLAAI – DEEL 2**
CASSIE NIENABER
- 42 **MAAK LENGTE REGTIG SOVEEL SAAK?**
Gaan dit oor die horings of die bok?
JOHAN VAN VUUREN
- 48 **DIE JAGTER EN SY VOERTUIG**
Deur jou jagvoertuig reg te bestuur kan jy
verhoed dat 'n nare ongeluk jou jag bederf.
PIETER GAYBBA
- 50 **BOSVELDOMHELSING**
Soos 'n dief in die nag het Covid-19 ons
in 2020 van 'n jagseisoen beroof!
GERHARD COREEJES
- 54 **VAN SUKSES TOT 'N LES**
Daar kom 'n tyd in elke jagter se lewe dat
hy 'n bok gaan kwes en harde lesse leer.
HANS STRONKHORST
- 58 **HUNTING DURING THE LOCKDOWN**
Fate tends to intervene on the side of the deer,
even during a pandemic.
MIKE FERRAR



OM DIE LANGPAD TE VAT

JOHAN VAN WYK

Soos ek hier sit en tik is ek sopas terug van 'n jag in die Karoo op 'n goeie vriend se pragplaas. Die pad soontoe was lank, maar die jag en geselskap baie bevredigend, en dit was heerlik om 'n slag weer lekker ver te kon stap, lekker moeg en vuil te word, en tegelykertyd die geleentheid te kry om 'n paar bokke op die tradisionele manier te kon jag.

Die jagbedryf het in 2020 'n ernstige bloedneus gekry as gevolg van die gewraakte virus, en daarmee saam het die kostes om toerusting soos dryfmiddel, koeëls, ammunisie, vuurwapens, optiese toerusting en ander noodsaaklike jagbenodigdhede in Suid-Afrika ingevoer te kry die hoogte ingeskiet. Tydens 'n onlangse gesprek met die bestu-

rende direkteur van 'n welbekende groothandelaar het ek weer besef dat dit 'n gróót klip was wat laas jaar in ons dam ingegooi is en sy golwende rimpeleffek gaan nog vir lank met ons wees. Dis duidelik dat ons ons hande dieper in ons sakke gaan moet steek om dieselfde toerusting as waaraan ons gewoond is te kan aanhou gebruik, en beskikbaarheid gaan ook in die toekoms 'n groter wordende kwessie wees.

Aan die positiewe kant blyk dit egter dat jagplase in baie gevalle goeie ondersteuning by ons jagters kry. Te oordeel aan die hoeveelheid advertensies vir jaggeleenthede wat oor my tafel kom, en ook hoe dikwels daar in dié advertensies melding gemaak word dat slegs beperkte

datums beskikbaar is, is ek dankbaar dat wildboere en jagondernemers so ietwat kan opmaak vir verlore tyd in 2021.

Die onlangse verklaring deur die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserie, Barbara Creecy, dat verreikende wetgewing beoog word wat onder meer die intensiewe teel en jag van sogenaamde "geblikte" leeus verbied, het behoorlik die internet aan die gons. Aan die een kant is daar diegene wat die praktyk ondersteun en luidkeels uitwys dat dit onafwendbaar tot verdere werksverliese sal lei, en aan die ander kant is daar diegene wat die minister se verklaring steun in die lig van die blou oog wat dié ondergereguleerde bedryf die Suid-Afrikaanse jagindustrie besorg het


oor die laaste klompie jare. Die SAJWV se standpunt oor dié bedryf is deur die jare op verskeie forums duidelik gestel, maar dis bykans seker dat die laaste skote in hierdie betrokke veldslag nog nie afgevuur is nie.

Met my Karoojag wat iets van die verlede is, is daar egter darem nog so een of twee ekspedisies wat vir my voorlê voor die son weer vroeër begin opkom. Ek hoop van harte dat jy in dieselfde posisie is en dat daar somer nog baie én lekker jag vir jou en jou gesin in 2021 voorlê!

Soos altyd, wees veilig!

CZ P10

Everything you want in a striker-fired pistol




ANY OPTION YOU COULD POSSIBLY WANT FOR THE BEST VALUE FOR MONEY

1. CZ P10C 9mm, Optic Ready, black 2. CZ P-10C 9mm Compact, black 3. CZ P-10C 9mm FDE Threaded Barrel, flat dark earth
4. CZ P-10C 9mm FDE, flat dark earth 5. CZ P-10S 9mm SUB-COMPACT, black 6. CZ P-10F 9mm FULL-SIZE, black



UTILISED FOR: LAW ENFORCEMENT, MILITARY, SPECIAL FORCES, SELF-DEFENCE AND SPORT SHOOTING.

SNELVUUR



RIETVLEI SE JAGLUIPERD GAAN OP 'N UITSTAPPIE

Njosi, 'n jagluiperdwyfie wat gedurende 2020 deur die Trust vir Bedreigde Spesies (EWT) in die Rietvlei-natuurreservaat in Pretoria hervestig is, het laas maand op 'n klein uitstapjie gegaan.

Die Tshwane-metroraad, onder wie se beheer Rietvlei val, het op 4 Mei 'n waarskuwing uitgestuur dat Njosi ontsnap het. Dit is nadat die eienaar van 'n aangrensende eiendom haar opgemerk het en die bestuur van die reservaat in kennis gestel het. Daar word vermoed dat sy ontsnap het deur 'n gat wat kleiner diere onderdeur 'n he-

ning gegrawe het.

Daar is amper vyf dae lank na haar gesoek. Njosi dra 'n GPS-halsband wat juis gebruik word om haar beweging dop te hou, maar selfs lede van EWT kon haar nie opspoor nie. Die mense op aangrensende eiendomme is gewaarsku en 'n veearts was gereed om haar te verdoof, sou sy opgespoor word.

Die soektog het tot 'n einde gekom toe sy op 9 Mei in die reservaat afgeneem is waar sy probeer om 'n blesbok te vang. Die metroraad sê dit blyk dat sy uit haar eie na die reservaat teruggekeer het.

AL HOE MEER LANDE BEGIN MOR OOR DIE VERBOD OP VERKOPE VAN IVOOR



Ongelukkigheid is besig om in verskeie lande in Suider-Afrika te broei oor die 32 jaar oue verbod op die handel in ivoor. Botswana, Zambië, Namibië en Zimbabwe besit tans saam ivoorreserwes waarvan die waarde op ongeveer \$700 miljoen geskat word. Al vier dié lande voer aan dat hulle toegelaat moet word om hul ivoor te verkoop ten einde broodnodige fondse vir bewaring en ekonomiese ontwikkeling beskik-

baar te stel.

CITES het in 1989 'n verbod op die handel in ivoor ingestel. Op daardie stadium was Afrika se olifantbevolking onder groot druk as gevolg van stropery, maar danksy goeie bewaringsinisiatiewe is olifantgetalle in Suider-Afrika besig om te styg.

Zimbabwe se ivoor-voorraad beloop ongeveer 130 ton, en bowendien besit dié land meer as 2 000 renosterhorings wat hulle ook wil verkoop ten einde fondse te genereer.

Die situasie in al dié lande is deur die Covid-19-pandemie vererger deurdat hulle toerismesektors vir alle praktiese redes tot stilstand gekom het en daarmee saam die inkomste wat daaruit verdien word.

(Bron: Southern Times)

SKRYF 'N BRIEF EN WEN



Ons nooi ons lesers uit om pen op papier te sit en vir ons 'n brief te skryf. Ons kies elke maand 'n wenbrief en as jy gelukkig is om as die wenner gekies te word, ontvang jy 'n Safari Outdoor-geskenkbewys ter waarde van R1 000.

Stuur jou brief aan *marisa.beeton@media24.com* of *marisa@sahunter.org* om oorweeg te word vir plasing. (Let wel, die besluit oor die plasing van 'n brief berus by die redaksie van SA JAGTER/HUNTER).

TEEL VAN LEEUS IN MINISTER SE VISIER

Die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserie, Barbara Creecy, het onlangs planne bekend gemaak om die teel van leeus vir trofeejag en troetelplase vir toeriste te verbied.

Die besluit was in reaksie op aanbevelings ná 'n regering-onderzoek oor dié omstrede praktyke. Die paneel het die reëls wat die jag, handel en aanhouding van leeus, olifante, renosters en luiperds bestuur, ondersoek. Creecy het tydens 'n perskonferensie gesê die bevinding is dat die tem van leeus deur hulle in aanhouding te teel, gestop moet word.

“Ons wil nie teel in aanhouding, jag van leeus in aanhouding, troetel van welpies in aanhouding of enige gebruik van leeus in aanhouding hê nie,” het sy gesê. Die besluit moet nog in 'n beleid geformuleer word en gaan heel moontlik die regering op die oorlogspad sit met die leeuteelbedryf.

Die minister het ook gesê die aanbevelings se doel is nie om

die jagbedryf in te perk nie. “Die wettige, geregleerde jag van ikoniese spesies sal steeds toegelaat word.”

Die jag van leeus in aanhouding is lank reeds 'n omstrede praktyk in Suid-Afrika waar groot getalle diere in kampe aangehou word wat met elektriese draad omhein is. Veldtogte in Amerika, Australië en verskeie Europese lande om die invoer van trofee van leeus in aanhouding te verbied, het ook die afgelepe paar jaar stoom opgetel.

“Die intensie hier is om te verseker dat mense wat daarin belangstel om wildlewe te jag, 'n outentieke ervaring beleef en dat hulle nie diere wat uit 'n hok gehaal word, jag nie,” het die minister gesê.

Volgens wildwegroepe word tussen 8 000 en 12 000 leeus op sowat 350 plase in Suid-Afrika aangehou. Dit in vergelyking met die 3 500 leeus wat volgens die Trust vir Bedreigde Spesies (EWT) in die natuur voorkom. (Bron: iol.co.za)





AN ELEPHANT HUNTER'S RIFLE

James “Jim” Sutherland is remembered by history as one of the pre-eminent elephant hunters of the early part of the previous century. He hunted his elephant in the thick bush of what was then German East Africa, today's Tanzania, as well as in parts of Africa that was then under French colonial rule, today's Central African Republic.

Because of the thick terrain, Sutherland was a staunch heavy-calibre man. Sutherland's choice was a single-trigger Westley Richards detachable-lock double rifle chambered for the venerable .577 Nitro-Express. The rifle was completed in September 1906 and, according to the Westley Richards records, was ordered with a spare set of locks, an oak-and-leather case with waterproof

cover, spare foresight beads and strikers, a full-length leather slip, 400 rounds of ammunition loaded with solid bullets, as well as 100 rounds of soft-nosed ammunition. To ensure that his rifle would always be ready, Sutherland also ordered a spare set of locks to be made for the .577 – a prudent precaution, given the remoteness of where he hunted.

Sutherland passed away in 1932, after complications from being poisoned by a hostile tribe of natives. He bequeathed the rifle to another legendary African hunter, Major GH “Andy” Anderson. Although battered and bruised from many years of hard African use, Sutherland's rifle today has pride of place in the Westley Richards collection in Birmingham.

ZIMBABWE OORWEEG MASSA-UITDUN VAN OLIFANTE

Zimbabwe oorweeg vir die eerste keer sedert 1988 'n massa-uitdunning van hul olifante. Dié land se olifantbevolking staan op 100 000 en is naas Botswana die wêreld se tweede grootste. Die regering voer aan dat so 'n stap nodig is om die habitat vir ander spesies te beskerm en ook om gevaarlike mens-dier-interaksies te verhoed.

“Ons is op soek na maniere om die getalle te verminder, maar dit moet op beleidsvlak deur die regering bespreek word,” het die Minister van Omgewingsake, Mangaliso Ndlovu, aan die staatsbeheerde Zimpapers Television Network gesê. Hy het bevestig dat verskeie opsies op die tafel is en uitdunning is een daarvan.

Hoewel olifantgetalle in die laaste twee dekades geval het, het die bevolking in Suider-Afrika, insluitend in Zimbabwe, gestyg. Dié buurland is tans besig om sy wetgewing vir parke en wildlewe te hersien om sodoende sy natuurbronne beter te bestuur.

Zimbabwe het tussen 1965 en 1988 vyf keer massa-uitdunnings uitgevoer waartydens 50 000 olifante geskiet is. Uganda, Zambië en Suid-Afrika het ook in die verlede uitdunningsoperasies uitgevoer.

Wanneer olifante uitgedun word, word 'n hele trop geskiet om post-traumatische stres by oorblywende diere te vermy. “Die enigste manier om olifante uit te dun is om die hele trop te skiet,” het Rob Lurie, voorsitter van die Zimbabwe professionele jagers- en gidsvereniging aan Bloomberg News gesê. “Dit is nie 'n maklike taak nie en verg mannekrag en geld as jy dit reg wil doen.”

Ander maniere om die bevolking te beheer sluit in kontrasepsie en om hulle te skuif. (Bron: Bloomberg News)

SA IMPLICATED IN ILLEGAL TRADE OF HIPPO IVORY



South Africa is one of 48 countries implicated in the illegal trade in hippo ivory, according to a recently released report by wildlife trade specialists Traffic.

According to the *Mail & Guardian* newspaper, the report's aim was to assess the legal and illegal international trade in semi-aquatic mammals between 2009 and 2018. This was done by analysing data from the trade database of the Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora (CITES), as well as

from data from Traffic's wildlife trade information system.

Evidence of 163 incidents of illegal trade in hippo ivory was uncovered, with law-enforcement authorities seizing an estimated 957 kg and 6 335 specimens of hippo ivory in that period.

The illicit trade, the report says, implicated many of the countries and territories that commonly imported or exported hippo ivory legally. Hippo teeth were the most-seized specimen, with carvings and skulls also seized in smaller quantities.


Uganda was responsible for about 27 % of the seizures, followed by Tanzania, with mainland China and Hong Kong collectively accounting for 31 %.

South Africa was involved as the country of export, or as a transit country, in eight seizures of hippo ivory, while being responsible for three seizures itself. Malawi, Cameroon, and Kenya made between five and ten seizures each.

The common hippo is listed as vulnerable on the International Union for the Conservation of Nature's Red List of Threatened Species. The largest number of hippos are found in Kenya, South Africa, Tanzania, Uganda, and Zambia.

Many countries and territories in which hippos are found allow permitted trophy hunting of hippos and the export of hippo ivory that comes from government stockpiles, including Ethiopia, Mozambique, South Africa, Tanzania, Zambia, and Zimbabwe, according to the report.

(Source: *Mail & Guardian*)



ONWETTIGE HANDEL SKUIF UIT OORLOGSONE

Teen verwagting in het sindi-
kate hul netwerke van onwet-
tige handel uit die insurgie-
gebiede in Mosambiek geskuif.
Hierdie areas wat klaarblyklik
deur Islamitiese rebelle beheer
word, is hoogs gemilitariseerd.

Daar is voorspel dat die rebel-
le finansiële sal baat by onwet-
tige handel in hierdie gebied in
die noorde van Mosambiek.
Die Wêreldinisiatief teen trans-
nasionale georganiseerde mis-
daad (GI-TOC) sê egter navor-
sing wat hulle in Januarie en
Februarie vanjaar gedoen het,

kon nie noemenswaardige be-
wyse vind dat onwettige handel
'n groot bron van inkomste vir
die rebelle is nie.

“Die voortslepende gevegte in
die streek het 'n uitkrangeffek op
die onderskeie onwettige handel-
bedrywe, insluitend wildewe-
produkte wat al dekades lank in
Cabo Delgado ingegrawe is,” sê
hul verslag.

Dié uitkrangeffek het veroor-
saak dat die onwettige handels-
roetes geskuif het en dit blyk dat
wildewe-produkte soos leeu-
tande en -kloue, en lewendige
ietermagogs uit die Niassa-reser-
vaat via Malawi na Asië gevlieg
word. In die meeste gevalle word
dié produkte saam met edelge-
steentes gesmokkel. GI-TOC sê
wel dat dit lyk of ivoorhandel
gestop het. Hulle kon geen tekens
vind dat ivoor deur Pemba of
Malawi vervoer word nie.

(Bron: *Africa Sustainable Con-
servation News*)

RHINO POACHING ON THE RISE AGAIN

Rhino poaching is on the rise
again in South Africa since
the government loosened coro-
navirus restrictions, following a
year-long lull due to the pande-
mic, wildlife parks say. The strict
limits on travel, including inter-
national travel, imposed in
March last year had the happy
side effect of keeping poachers
at bay. In 2020, 394 rhinos were
poached, 30 % fewer than the
year before and the lowest year-
ly tally since 2011.

But then South Africa began
easing international travel re-
strictions in November. “Since
November, December last year
and into 2021, this landscape
and particularly Kruger Nation-
al Park has been experiencing
serious numbers of rhino poach-
ing incidents,” Jo Shaw, the
Africa Rhino Lead for WWF
International Network told Reu-
ters. She declined to say how

many incidents had occurred.

“There is a very real and real-
ised threat as poaching pressure
has increased since lockdown,
perhaps to meet the demand
from the international markets,”
she said.

Rhino poaching often in-
volves both local poachers and
international criminal syndi-
cates that smuggle the high-
value commodity across bor-
ders, often to Asia where de-
mand is high.

Reserves, which have been
battling tighter budgets amid a
coronavirus-induced decline in
tourism, have also been forced
to cut back on anti-poaching
patrols, compounding the threat
to rhinos. Some reserves use
dehorning as a way to prevent
armed poachers from taking
advantage of easier cross-border
travel.

(Source: Reuters)

WEN

MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande
trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.

Besoek ons webtuiste

WWW.SAJAGTERHUNTER.COM

en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 9 Junie 2021.



HIERDIE MAAND SE PRYSE:

DENNIS KAPPETIJN-MES



Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde
van R1 500. Vir meer inligting, sien ons
webtuiste; besoek www.kappetijnknives.com
of kontak hulle by 082-923-5639 of
082-968-4242.



DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekie-
sie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dove-
tail-ammunisiekissies word gemaak en
geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak
Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting.
Elke kisse is ongeveer R525 werd.

WENPRYS



SALTY
SAFARI WEAR

Twee
kortmouhemde
ter waarde van
R540 BTW ingesluit

www.stevensonhamilton.co.za

admin@promark.co.za

Produk van Suid-Afrika

Kry jou prys by



PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-pro-
dukte word verskaf deur
Promark en is landwyd by
GWK-takke beskikbaar.
Verskillende pryse/pro-
dukte (soos hoede, belde,
skoene, kamoefleerklere,
ens.) kan elke maand
gewen word. Vir verdere
inligting oor Promark se
produkte, besoek gerus
hul webtuiste by www.stevensonhamilton.co.za.

MEIMAAND SE WENNERS:

- ⚙ **DOVETAIL:** MATTHEW ELS, HEIDELBERG; MONIQUE VAN DEVENTER, KLERKSDORP.
- ⚙ **KAPPETIJN-MES:** JOHANN WINNERTZ, MOKOPANE. (Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys).
- ⚙ **STEVENSON HAMILTON-BAADJIE:** WILLEM VILJOEN, PRETORIA.

Die name van Juniemaand se pryswen-
ners sal in die volgende uitgawe van **SA JAGTER/
HUNTER**-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons
webtuiste bekend gemaak word.



JOHN DEERE

'n Bekostigbare, veelsydige trekker vir die wildplaas.

Die 5-Reeks is die perfekte kombinasie van grootte, krag en kapasiteit.



Hou ons sosiale media-platforms dop vir meer inligting.


Kontak jou naaste handelaar. **Glo in meer**

*Bepalings en voorwaardes geld en kontakbesonderhede is beskikbaar by www.deere.com/sub-saharan.

www.deere.com/sub-saharan | africa@johndeere.com | Kliëntediens: 0800 983 821

JohnDeereAfrica





RED ONS

Dit is nou al meer as 'n jaar sedert ons mekaar die eerste keer wantrouig van agter 'n masker begin beloer het. Baie het verander in daardie jaar, en baie ellendes en tragiese dinge het oor ons pad gekom.

Ten spyte van alles is iets soos Covid-19 egter steeds nie 'n ramp in groter aardsterme nie. Eerder 'n oplossing, want die mensspesie is 'n oortallige patogeen wat die hele aarde besmet en siek maak met sy koorsagtige gierigheid.

Sal Covid-19 genoeg wees om hom tot ander waardes en insigte te bring? Net tyd sal leer.

Die lastige mens dra egter ook allerhande ander siektes onder homself rond, waarvan nie almal noodwendig biologies van aard is nie. Soos bemoeisiekheid.

Om neus in ander man se sake te steek is natuurlik niks nuut nie. Maar met sosiale media wat dit nou vir elkeen moontlik maak om wyd en syd gehoor te word, raak dit 'n probleem. Veral teen die agtergrond van daardie ander siektes van ons tyd: politieke korrektheid en wokebeheptheid.

Gaan plaas 'n foto van iets doodgewoon soos 'n Jack Russell met 'n dooie rot op Facebook of Instagram, en kyk 'n bietjie wat gebeur. Jy kan jou maar staal vir 'n koor van aanvallende bemoeisiekheid in die kommentaar: Jy stel jou “doggie” in gevaar! Dis wreed teenoor die rot! Jou “doggie” kry nie genoeg kos nie! Hoe kom het jy nie die rot gered nie! Neem dadelik die hond veearts toe! Neem dadelik die rot veearts toe! En, en, en.

Nêrens is mense meer bemoeisiek as wanneer hulle dit onder 'n weldoener-vaandel pro-

beer doen nie. Weldoeners se bedoelings kan natuurlik goed wees, maar partykeer is dit eerder inmenging met bymotiewe. Iemand wat daarvan droom om belangrik te wees, plaas homself byvoorbeeld graag in die rol van redder. Veral wanneer dit by diere kom.

Diere red? Jagters uitmaak as wreedaardige slagters? Red óns, wil ek vra. Red ons van mense wat kwansuis alles wil red.

Maar laat ek my versoek darem net eers kwalifiseer: Alle respek aan brandweer- en ambulansmanne, NSRI-lede, soeken-reddingspanne, dierewelsyn-

hy weer sou terugkeer veld toe. En veral daardie bemoeisiekies wat dink elke hond of kat wat bloot 'n draai gaan loop, is desperaat verlore.

Wat is dit met die redbeheptheid van sulke mense?

Dis asof die woord “*rescue*” 'n emo-raampie gekry het, met soet harpklanke en dansende engeltjies. Wat klop, want in baie gevalle wentel dit om 'n emosioneel onstabiele persoon wat hom-/haarself in diertjies toedraai om die realiteite van die lewe te probeer ontken. Dink maar net aan daardie welbekende stereotipe: Die tatie

hede en sakepraktyke betref, werklik van 'n dieretuin?

Natuurlik is daar 'n stryd om te veg vir die beskerming van diere – verwaarloos en mishandeling is algemeen, veral in arm gemeenskappe! Maar wat ook algemeen geraak het, is kansvatters wat mense se empatie uitbuit onder die vaandel van *rescue*. 'n Mens kan eenvoudig net nie meer vertrou dat diere-redders en die foto's en vertoë wat hulle plaas, almal opregte bedoelings het nie.

Hoe weet jy egter wie is opreg en wie nie? Waar kontroleer jy een of ander sogenaamde *sanctuary* se geloofsbriewe voor jy 'n donasie maak of inligting omtrent hulle aanstuur?

Dis waar ons rêrig 'n redder kort, glo ek. Een of ander instansie – kundig, deeglik en professioneel, met volle oorsig en verantwoordbaarheid – wat vir die publiek 'n databasis kan bied waar enigeen kan gaan naslaan wie is bewese redder en wie is wolf. Daar moet sekerlik 'n behoefte hiervoor wees, want die persone en instansies wat werklik na bewaringsake en hulpbehoewende diere omsien, kan hulself tans nie onderskei van die klomp kansvatters wat die donasies afskep nie. Net so word waardevolle rolspelers in die jag-, wild- en voedselbedrywe as slaansakke gebruik om openbare emosie in wins om te sit.

Ons leef in bedrieglike tye. Soveel dinge is deesdae *fake*. Dit verg 'n oop kop en versigtigheid. Selfs 'n steekhaarbrak kan nie eens meer met veiligheid 'n draai gaan loop om 'n briefie teen 'n paal te los nie.

Red ons, asseblief! 🙏

Ons leef in bedrieglike tye. Soveel dinge is deesdae *fake*. Dit verg 'n oop kop en versigtigheid.

inspekteurs, natuurbewaarders, medici en ander legitieme en opregte redders en ontfermers. Van julle ysters is daar te min. Maar van mense wat kastig alles wat leef wil “red” omdat hulle eie kanaries nie almal in die koutjie is nie, is daar deesdae te veel.

Goed en wel as daar regtig 'n krisis is, maar wat sulke bloeiende harte as red beskou, is in baie gevalle niks anders as die ontvoering van 'n dier wat in geen reële nood was nie. Ek praat van daardie gevalle waar mense 'n skilpad langs die pad kry en hom dan “red” deur hom huis toe te vat en in 'n agterplaas gevange te hou. Of wat 'n skaapstekertjie by 'n slangpark gaan aflaai omdat hy by 'n visdam kom water drink het voor

tante wat in vieslike omstandighede met dosyne verwaarloosde optelhonde of -katte leef.

Maar nie almal wat hulself aanstel om diere te red is noodwendig 'n bietjie koekoes nie. Daar is talle wat dit uit opregte omgee en oortuiging doen, en dan ook dié wat dit sien as 'n konkelkans om te probeer geld maak uit mense se deernis.

Dieretuine, soos ons dit geken het, is aan die verdwyn. 'n Goeie ding, sou mens dink, want diere hoort nie in gevangenskap nie. Maar wat is al hierdie *sanctuaries* en *shelters* en *rehabilitation centres* wat oral opduik? Hoeveel van hulle is werklik *legit*?

En hoe verskil sulke plekke, wat aanhoudingsomstandig-



NOTHING BEATS A 100

Win a R5000 Safari Outdoor Voucher
Details on our Facebook Page
 100Reserve

Not for Sale to Persons Under the Age of 18.

The Winchester Model 70 Coyote Light is fitted with a Bell & Carlson synthetic stock with aluminium bedding block standard from the factory.

WINCHESTER'S CURRENT MODEL 70 – STILL THE RIFLEMAN'S RIFLE?

After many reinventions, is the current Model 70 still up to the task?

Aside from the Mauser M98, there can be little doubt that the Winchester Model 70 is the best known and most venerated of bolt actions. For almost a century, and despite many changes, some good and others less so, the Model 70 has managed to remain in production and continues to sell well, despite

fierce competition from other US and international competitors.

THE START OF THE MODEL 70

The Model 70 as we know it today went into production on 20 January 1936 at Winchester's historic plant in New Haven, Connecticut. It was officially released on 1 January 1937, by which time the factory had pro-

duced more than 2 000 rifles. The initial price listed for a standard Model 70 sporter was a hefty \$61,25. How times have changed!

Model 70 receivers were machined from chrome-moly steel and finished by hand, including the Winchester logo roll-marked on the sidewall of the action. This was followed by spot-hard-

ening of the extraction cam behind the bridge as well as heat-treating, tumbling, and bluing before the actions could be sent for assembly.

A few things set the Model 70 apart from its competitors of the time. It was fitted with a well-designed and comfortable stock and soon earned a reputation for good accuracy. In addition,



The Winchester three-position safety is one of the best in the business and has been copied by many.



The Mauser-type claw extractor has been one of the redeeming features of the original Model 70. It is a standard feature on the latest Model 70s as well and is seemingly here to stay for good.

the Model 70's bolt-handle was designed to clear low-mounted scopes and it had a simple, reliable and fully adjustable trigger.

Calibre-wise, the Model 70 was chambered for cartridges such as the .22 Hornet on the one hand of the spectrum up to and including the mighty .458 Winchester Magnum, introduced in 1956. The two most popular chamberings were the .270 Winchester and .30-06, and almost half of the Model 70s produced up to 1963 were chambered for either of these two cartridges. From an African perspective, however, the two most important chamberings were the .300 and .375 Holland & Holland Magnums. By chambering rifles for these two car-

tridges, Winchester proved the adaptability of the Model 70 action in that it could be lengthened to accommodate .375-length cartridges. In addition, by chambering rifles for the .375 H&H, Winchester placed a solid, reliable, and affordable big-game rifle within reach of the man on the street. It was, in hindsight, a stroke of genius and Model 70s in .375 H&H are to this day something of an African stalwart.

THE MODEL 70 ACTION

The heart of any rifle is its action, and the Model 70 certainly has a lot of redeeming features. The most noticeable characteristic of the action is the broad, non-rotating claw extractor, bor-

rowed straight from Mauser. The claw ensured positive extraction as well as control-feeding and has come to be regarded as a must-have for any rifle intended for dangerous game or even just rough work afield.

We have already touched on the bolt-handle that will clear a low-mounted scope, and in combination with this, the safety catch will not interfere with a scope's dimensions either.

Another feature of the Model 70 is not so obvious: it makes use of a cone-breeching system. What this implies is that the breech end of the barrel is funnel-shaped. It is a system that certainly aids in the smooth feeding of cartridges into the chamber, but critics claim that it

is not as strong as the system used, for instance, on the Remington 700 or Mauser M98 if a case fails or a catastrophic overload is accidentally fired. With ammunition loaded to normal service pressure there won't be any problems with cone-breeching, however, and it certainly wouldn't have remained a feature of the Model 70 for all these years if it was a weak spot.

CORPORATE TROUBLES

By the early 1960s, the Model 70 was sadly in trouble. Manufacturing costs had risen steadily through the years and by 1960, the decision was made to alter the Model 70 action to make it easier (and therefore cheaper) to manufacture. The »



The original rifleman's rifle, in this instance a rare .338 Winchester Magnum dating from 1960. (Photo: www.pre64win.com)



The lettering on the latest Model 70s clearly indicates that the rifles are assembled in Portugal.

» result was a much-altered Model 70 action that was introduced in 1963, starting with serial number 700 000. To say that the new action caused a major earthquake in the rifle world would be a vast understatement.

The “new and improved” Model 70 did away with the tried-and-trusted claw extractor. The magazine box and trigger guard assembly were now made from aluminium and the stock had cheap and nasty white line spacers, pressed chequering and poor inletting. The accountants

had certainly done a proper hatchet job on the Model 70. To make matters worse, the public did not take kindly at all to the changes and sales suffered further still.

Winchester, however, stuck to their guns with the Model 70. In 1968 a new anti-bind rail smoothed bolt travel and a few years later, changes were made to the design of the stock. By 1984, Winchester had a shorter Model 70 action in the works for cartridges such as the .243 Winchester and in due course, stain-

less steel and left-hand actions became available as well.

Olin, long-time owners of Winchester, sold Winchester in 1981 to a group of investors calling themselves the US Repeating Arms Company (USRAC). In 1984, USRAC themselves had filed for bankruptcy. In 1987, a group of five investors acquired Winchester, and one of these investors was Fabrique Nationale from Belgium, who were then taken over by the giant French armaments conglomerate, GIAT, in 1991.

Notwithstanding the corporate shenanigans, Winchester made a somewhat hesitant return to the claw extractor on some models in 1987. The public immediately responded positively and during the next five years, Winchester largely shelved what had become known as the post-1964 Model 70 action.

Because of union contracts and other factors, however, the Model 70 still couldn't come close to covering its manufacturing costs. By 2006, Winchester's owners made the decision to close down the historic Winchester plant in New Haven. Annual losses were in the millions, and yet again, everyone thought that the Model 70 was doomed, this time finally. Luckily, it was not to be, however.

A NEW FACTORY, A NEW RIFLE

FN moved manufacturing of the Model 70 to a new, state-of-the-art factory in Columbia, South Carolina, and started manufacturing a somewhat changed Model 70 rifle there in 2007. The changes to the action include a new anti-bind system, as well as a new trigger system called the MOA three-lever trigger. This last change has always been somewhat puzzling to me as the original trigger system



Threads for a silencer or muzzle brake is in keeping with the tendency today to fit moderators of sorts to hunting rifles.

was easy to adjust, relatively simple to manufacture and reliable to a fault. The new system works, however, so Winchester presumably had their reasons for making the change.

In 2013, final assembly of the Model 70 moved yet again, this time to a plant in Portugal, and this is how things stand at the time of writing. The new, Portuguese-assembled rifles are clearly stamped, "Made in USA. BACO, Inc., Morgan, Utah – Assembled in Portugal by Browning Viana". After such a marathon session of moves and shakes, the question remains: is today's Model 70 still up to the task?

TAKING A LOOK AT THE NEW MODEL 70

In 2019, I was idly walking around a well-known Pretoria gunshop when I spotted what appeared to be a heavy-barrelled, short-actioned Winchester Model 70 on the shelf. A closer look revealed it to be a Portuguese-assembled Winchester Model 70 chambered for the .243 Winchester. It is a model Winchester calls the Coyote Light and it was clearly aimed at the huge varmint shooting market in the US. As the price was right and I had been contemplating a new springbuck *voorsit* rifle for some time, I went home that afternoon with the necessary licence application form and the inevitable long wait for the little white

plastic card.

After what seemed like ages, the licence eventually came through and I set about putting the Winchester through its paces. The Coyote Light features a blued-steel action to which a 24" fluted, medium-heavy profile stainless steel barrel was fitted. The stock is synthetic, made for Winchester by Bell & Carson, and came with an aluminium bedding block as a standard fit from the factory. The stock is rounded off by a black Pachmayr Decelerator pad.

All in all, the empty rifle weighs in at almost eight pounds, so it was clearly designed to be used from a fixed or static position and not necessarily for walk-and-stalk hunting. As mentioned, however, my idea is to use the rifle for *voorsit* shoots in the Karoo, so the extra heft is of no consequence to me. The barrel is threaded for a silencer, an optional extra that many South African hunters these days prefer.

The MOA trigger breaks a touch heavy for me for a rifle like this at just over four pounds but to its defence, it breaks crisply. However, it is adjustable, so I will have it lightened by a gunsmith in due course. The short Model 70 action is well machined and functions without hiccups. It feeds cartridges smoothly from the magazine and ejects empties with authority. Magazine capacity is ample

at five cartridges plus one in the chamber. The safety catch is Winchester's traditional three-position safety catch, situated on the right side of the bolt shroud. It is one of the most copied safety catches of all time, and with good reason, too. It is positive, easy to use, and blocks the trigger as well as the striker when in the "on" position.

ON THE RANGE

I mounted a dated but trusty Leupold Tactical 4,5-14x scope on the rifle and, armed with a tin of powder and a few boxes of Hornady 87-grain V-Max and Nosler 90-grain AccuBond bullets, set about putting the .243 through its paces.

Shooting the .243 from the bench at the shooting range, it quickly became clear that the rifle was a shooter. It has a strong liking for the 87-grain V-Max bullets and at just under 3 100 fps with the help of Somchem S-385, I have no trouble in shooting half-inch groups at 100 metres and one-inch groups at 200 metres. For a rifle intended for springbuck on the open plains, this is comforting indeed. My supply of S-385 is just about finished, however, so depending on how things work out for our local propellant manufacturer, a shift to an imported equivalent is likely in the near future on the cards for me with the .243.

Also surprising was how easy the barrel was to clean after use.

It takes but a few patches soaked with solvent to remove all traces of copper, and Winchester clearly went to great lengths with the barrel manufacturing process as it is smooth and shoots great. From previous experience, I know that some stainless steel barrels can be finicky, accuracy-wise, when new. The barrel on my .243 is definitely an exception, though.

CONCLUSION

Although a sample of one is perhaps not always indicative of a trend, I am of the opinion that the new, Portuguese-assembled Winchester Model 70 rifles are fine rifles indeed. I have handled a few of them and in addition to my own rifle, have some experience with a Safari Express in a larger calibre (this test report will appear in a subsequent edition of SA JAGTER/HUNTER). It, too, handled and shot flawlessly.

In spite of all the corporate turmoil, mishaps and other troubles, the Rifleman's Rifle seems to be on the right path again and is set to be with us for many years to come. The Model 70 is certainly worthy of a place around the campfire, and I wouldn't hesitate to buy another one.

** Winchester rifles are imported into South Africa by Inyathi Sporting Supplies in Pretoria. You can contact them on 012-808-9911 or via e-mail at info@inyathi.net*




RANYATI
FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD

- NEW FIREARM LICENSE APPLICATIONS.
- RENEWAL OF EXISTING FIREARM LICENSES.
- ASSOCIATED WITH NATIONAL RIFLE AND PISTOL ASSOCIATION (NRPA), WHICH OFFERS MEMBERSHIP AND DEDICATED STATUS TO MEMBERS.
- COMPETENCY APPLICATION FORMS.

087 151 0987 / 8

info@firearmmotivations.co.za
www.firearmmotivations.co.za



DIE HONDE IN DIE VOORSTE LINIES

Die jaar 2020 sal vir baie dinge onthou word, hoofsaaklik vir Covid-19 en die impak wat dit op die wêreld gehad het, insluitend die jagbedryf in Suid-Afrika. Dit was ook die jaar wat 'n paar bekendes ons verlaat het en een van dié bekendes wat ons moes groet, het vier bene, groot ore en 'n dodelike reuksintuig gehad. K9 Killer was seker Suid-Afrika se bekendste teenstropingsheld. Hy was een van die eerste drie honde wat in die Nasionale Krugerwildtuin ontplooi is om stropers te vang. Saam met Ngwenya, sy suster, en Loco het dié drie Belgiese malinois-honde honderde stropers vasgetrek.

Maar Killer was spesiaal. Hy en sy hanteerder, Amos Mzimba, het saam byna 200 stropers aangekeer. Hy het ook regsgekiedenis gemaak toe die hof toegelaat het dat 'n hanteerder

'n spoorhond se werksmetode tydens die aankeer van 'n verdagte, in die hof weergee en dit as getuienis aanvaar het. Dan is hy ook in 2016 met die Britse organisasie, People's Dispensary for Sick Animals, se goue medalje vereer vir sy bydrae in SANParke se teenstropingsprogram. En hy het selfs op 'n keer vir prins Harry ontmoet.

Killer het in 2019 saam met Amos afgetree en in Junie laas jaar is die moeilike besluit geneem om hom van kant te maak. Hy was met sy aftrede reeds 11 jaar oud en in 2020 het hy siek geword. Volgens media-berigte het Killer baie pyn gehad as gevolg van heupdisplasie. Amos was by hom toe die oomblik aangebreek het.

“Ons wil graag vir Killer vereer. Hy was die eerste van dié honde wat 'n reuseverskil gemaak het in die veldtog teen stroping,” sê Lizel Oosthuizen,

bestuurskomiteelid van die K9 Ereveldwagters SANParke Nasionaal. Hulle hoop om deur die publiek van Killer te vertel, bewustmaking te kweek van die goeie werk wat die K9-teenstropingseenheid doen in die stryd teen die slagting van veral renosters in SA se nasionale parke.

Sedert die ontstaan van die K9 Teenstropingseenheid in die Krugerwildtuin in 2012, het dit gegroei van drie honde na 43. Dit het ook uitgebrei na ander nasionale parke en vandag werk daar 19 honde buite die Krugerwildtuin.



Hierdie goed opgeleide honde sluit in Belgiese malinois en honde wat 'n Dobermann/bloedhondkruis is. Dié rasse is uitstekend om stropers in die veld mee op te spoor. Hulle kan ook vuurwapens, ammunisie en wildleweprodukte wat onwettig die parke ingebring of uitgeneem word, opspoor. Die honde werk

regdeur die wildtuin en word saam met hul hanteerders per helikopter in die veld ontplooi.

Wat die honde so besonders maak, is hul vermoë om 'n reuk wat dalk al ure oud is op te tel en oor indrukwekkende afstande te volg. Daarom is hulle so effektief in die bekamping van stroping en onwettige aktiwiteite in die wildtuine. In 2017 alleen het 90 % van die voorvalle waarby honde betrokke was gelei tot die arrestasie van die verdagtes. In 2019 het hulle speurwerk gelei tot 320 kontakte met stroopverdagtes en -aktiwiteite.

Maar om honde aan te skaf, op te lei en te onderhou kos geld en dit is waar die ondersteuning van die ereveldwagters se K9 Project Watchdog van onskatbare waarde is.

“Een hond kos R85 000 (wat die GPS-harnas en BTW insluit) en soms gebeur iets met daardie



FOTO'S: Ván die honde wat in die land se nasionale parke gebruik word om nie net stropers te vang nie, maar ook vuurwapens, ammunisie en wildleweprodukte wat onwettig die parke in-gebring of uitgeneem word, op te spoor. Die honde werk regdeur die wildtuin en word saam met hul hanteerders per helikopter in die veld ontplooi.



hond. Daar was al 'n geval waar 'n hond wat 'n stroper gejaag het in die proses sy nek gebreek het. Dit is 'n geweldige terugslag. So 'n hond moet vervang word en benewens die geld is dit ook ure se opleiding wat verlore gaan," sê Lizel.

Deur K9 Project Watchdog beywer die SANParke Ereveldwagters hulle om geld in te samel en ook om ander ondersteuningsfunksies te verrig. Donasies aan Project Watchdog word gebruik om seker te maak die honde ontvang die beste sorg deur al hul inentings en voorkomende medisyne te kry, asook die regte voeding en veilige verblyf.

"Nasionale parke gee vir ons 'n wenslys van wat hulle nodig het en ons gebruik die fondse wat ons insamel om dit vir hulle te kry," verduidelik Lizel.

K9 Project Watchdog het ook hul eie wenslysie. Dit sluit in om genoeg geld in te samel om honde en ook handteerders

op te lei, hondehokke en opleidingsfasiliteite te bou, asook vir veeartsdienste, opsporingshalsbande en aftreeplanne vir die honde wat te oud of siek raak om te werk.

Benewens fondsinsameling bied die ereveldwagters ook op praktiese maniere ondersteuning soos versoek deur SANParke se K9-meester.

"Dit behels soms dat ons by die honde se opleidingskamp uithelp, maar 'n ereveldwagter wat daar diens doen moet eers 'n noodhulp- en K9-oriënteringskursus doen voordat hulle oorweeg word." Die bydrae wat die ereveldwagters tot bewaring in Suid-Afrika maak, kan nie onderskat word nie. Daar is 1 931 lede wat in 30 streke in die land werk en tans is hulle betrokke by sewe nasionale projekte en 19 nasionale parke.

Maar dis goed om in gedagte te hou dat die K9-eenheid en die ereveldwagters nie net renosterstropery bekamp nie. Hulle be-

ywer hulle ook om die stroop van leus, olifante en iettermagogs stop te sit en in die Tafelberg Nasionale Park word die honde gebruik om die aanval en/of roof van besoekers te voorkom.

"Die enigste manier om dié tipe misdade te bestry is deur die gebruik van honde, daar is nie 'n ander manier nie, maar daarvoor het ons die publiek se hulp nodig," sê Lizel.

HOE KAN JY HELP?

Diegene wat bydraes wil maak, kan finansiële donasies maak, maar skenkings van voorraad en toerusting is ook welkom.

Die mense wat donasies maak sal ook 'n belastingcertifikaat ontvang van die SANParke Ereveldwagters.

Finansiële skenkings kan gemaak word aan: Lombard & Partners Trustrekening Nedbank Rekeningnommer: 1604 672 803

Takkode: 160 445

Verwysing: K9 / VAN

Ander tipe skenkings kan afgelewer word by:

Lombard & Partners Inc
Justice Mahomedstraat 992,
Brooklyn,
Pretoria

* Vir meer inligting oor K9 Project Watchdog skakel Lizel Oosthuizen by 082-871-5620 of stuur 'n e-pos aan K9.fundraising@sanparksvolunteers.org

SLAAN 'N KISHOU VIR BEWARING

Die SANParke Ereveldwagters hou in Junie 'n gholfdag om geld in te samel vir die K9 Project Watchdog. Al die geld wat op dié dag gemaak word, gaan aan die K9-eenhede en teenstropingsinisiatiewe. Die gholfdag word op 2 Junie om 12uur by die Pretoria Country Club aangebied.

* Vir meer inligting of om in te skryf, stuur 'n e-pos aan K9.fundraising@sanparksvolunteers.org of besoek www.sanparkvolunteers.org

I had absolutely no chance of getting anywhere with history at school. One would've thought that the right thing to do would be to welcome your new and impressionable students with an exciting lecture. Something like what John Keating (played by Robin Williams) in *Dead Poets Society* did, ripping out the introductory chapter of their poetry manual – now that's teaching!

But on my first day in standard 6 (I was never in grade 8), I slammed into a history brick

wall and summarily decided this was the end of the line for me. The slob of a teacher sat behind his desk and slowly read from the book – smacking his lips between every sentence – murdering a subject that should get a young boy dreamily lost in the exploits of famous adventurers and explorers. But instead of getting us hooked on polar exploration and Scott and Wilson dying in the snow, or cannibalism on the high seas following the sinking of the *Essex*, by a whale, I fell off the

bus between the Phoenicians and hieroglyphics and never got back on again. Somehow, I missed the first day's homework assignment and was given the task of writing out the paragraph on the Phoenicians and their hieroglyphics 25 times.

This was sheer murder for a young boy – pull him over a desk and give him five of the best – but writing out for a kid that flunked *skoonskrif* in standard 1 wasn't fair. I hated history and that teacher with a passion.



Edward Wilson. Photo taken from George Seavers' book, *Edward Wilson of the Antarctic*.

GROUSE, GEESE AND THE ANTARCTIC LINK

A delightful historic quirk.



They all died coming back from the South Pole. Wilson, Scott, Evans, Oates and Bowers at the South Pole on the 17th of January 1912. Photo from Ranulph Fiennes's book, *Captain Scott*.

GROUSE IN BRITAIN

Grouse shooting is of huge economic importance to Britain. The sport annually attracts thousands of well-heeled sportsmen to the moors of Scotland and the north of England. In years gone by, prodigious numbers were bagged.

To quote but two instances: "On August the 30th of 1888, Lord Walsingham killed 1 070 grouse by his gun alone." And, "On the 12th of August in 1915 on the Littleddale and Abbeydale moors in Lancashire (grouse season traditionally opens on the 12th of August when sportsmen go bonkers to be the first to have a grouse cooked in certain restaurants) eight guns killed 2 929 grouse." Such slaughter will hardly be condoned today, but many shoots still comfortably offer 100 plus brace days.

Grouse are mainly shot in two different ways. You can either stand in an ancient stone-walled and moss-covered butt, waiting for the beaters to push the grouse up the valleys past your stand. Apparently, they fly incredibly fast, and as a novice

you are bound to miss the first batch that will be past you before you even realise it.

I've never experienced it, but I presume it must be something like shooting homeward-bound rockies at Phisantekraal, especially if they are helped from behind by a storm-strength tailwind. A rock pigeon can outfly a peregrine in level flight; it's only when stooping from a great height that a peregrine can catch them. Now there cannot be many birds faster than that! Oupa Jasper always claimed that his clients mostly averaged one bird for every eight shots.

Not that Lord Ripon (claimed to be one of the best shots the world has ever known) missed many. On the Dallowgill moor of his 24 000-acre Studley Royal Estate, he spent his last day shooting grouse at a butt called Tom Corner. By then, Lord Ripon was 71 years old and still shooting like a sharp-eyed young man with super-fast reflexes. He had already killed 51 grouse when a snipe came over his stand. He missed with both barrels from his first gun but killed it with the first shot of his second gun. He



Red grouse, probably the most exciting game bird in the world. Photo from the 2012 *Summer Fieldsports* magazine.

then had a seizure, fell down and died. Fancy a snipe doing that to you!

Or you can shoot grouse over pointers and I presume over a pair of well-trained spaniels. The latter would be my wish of

course. Although not as historically significant as doing it from an ancient butt, but still with the potential of that all-important grouse feather able to grace my cap. And it would be a little more affordable. »



Grouse in full flight over a Scottish moor. Photo from the 2012 *Summer Fieldsports* magazine.

» Today, this multi-million-pound industry, based on this uniquely British bird, is superbly well-managed. Initially, they described the red grouse as the only uniquely British bird, but my book says they now think it is a subspecies of the circumpolar willow grouse. The red grouse does not turn white in the winter nor has white primaries in summer. *Lagopus lagopus scoticus* – sounds like something of the Scotchman in there.

HABITAT MANAGEMENT IS KEY

Unlike pheasant and partridges, numbers cannot be supplemented by artificial breeding. Habitat management is the key. So, when numbers started fluctuating in the late 1880s, in some years dwindling to economically marginal levels, moor owners and gamekeepers were justifiably concerned, and huge efforts were launched to get to the bottom of the problem.


An Agricultural Commission for the Investigation of Grouse Diseases was formed. Initial research approached the problem on a very wide basis, looking at it from as many different angles as possible. Gamekeepers were convinced that in cer-

tain years the grouse were killed off in great numbers by an epidemic disease, the birds dying off quickly and in good condition. One of the earlier researchers, a Professor Klein, initially confirmed this when he found bacillus bacteria in the lungs of dead birds. The “problem” was subsequently known as Klein’s disease.

However, the true cause was only discovered when a Dr Edward Wilson was appointed as Field Observer. The Grouse Commission felt they needed a field naturalist who was also a bacteriologist and a doctor. Wilson fitted that description perfectly. A medical doctor on Scott’s first Antarctic expedition, Wilson was a dedicated naturalist and brilliant artist. Extremely hard-working, energetic, and devoted to the task, Wilson, during the years 1905 to 1910, dissected in the region of 2 000 grouse and made minute observations on the physical and pathological condition of every bird sent to him.

Wilson one day dissected a brace of birds sent to him by a benefactor. On enquiry after he found nothing wrong, he learned he had accidentally dissected two birds meant for his table!

What grouse shooting is all about! Photo from a 2010 *The Scottish Sporting Gazette*.



Peter Scott as a young man, punt gunning. Photo from his autobiography, *Eye of the Wind*.

Minute colonies of pernicious nematodes were found in the dewdrops or moisture condensed from mists at the ends of young heather shoots on which the grouse feed. Today they are known as strongyle worms, *Trichostrongylus tenuis*. The ingested nematodes would find their way into the caeca of the grouse, destroy the inner lining which absorbs their food, and thus bring about the death of weaker individuals.

MANAGE THE LAND!

Today we know that grouse numbers are not controlled by a single parasite alone. A holistic approach of managing good-quality heather is the key. Correct patch-burning is quoted as 80 % of moor management (very similar to burning *fynbos* down here in the Western Cape – get rid of the old, dense, and moribund stuff at the right fre-

quency, and you can expect beautiful veld).

The young heather shoots are vital for the nutrition of the brooding hens. Only then can the keeper look at other factors such as vermin control, the supply of grit (grouse need approximately 35 grams of grit per month to aid with the digestion of the fibrous heather shoots) and draining waterlogged areas.

Edward Wilson, however, never saw the culmination of his work. The report by the Grouse Commission was published in 1911. Wilson died on the 29th March 1912 as part of Captain Robert Falcon Scott’s second Antarctic expedition. He was the chief scientist, zoologist and medical doctor to the expedition that reached the pole on the 17th January 1912. He died with Scott and three others (Bowers, Oates, and Evans) on their way back to their base at McMurdo Sound. »

UNMATCHED. UNEQUALED. UNRIVALLED.



NORDISKE SERIES 8 4-32X56

Uncompromising performance and reliability in the toughest of terrains.

- ED Glass
- Fully multicoated lenses
- 4-32 x Zoom
- 56 mm Objective
- 34 mm body tube for superior strength and maximum adjustment range
- Side parallax adjustment
- Target turrets with $\frac{1}{4}$ minute adjustment
- Flip up covers included
- Fast focus eyepiece
- Wide Magnification Range – 8x zoom
- Zero Lock and Illuminated reticle



Ultimate Scandinavian Accuracy.
WWW.NORDISKEPRECISION.COM



» THE SECOND SCOTT

As a young man, Sir Peter Scott (not to be confused with the explorer Robert Scott) was infatuated with geese. He was a fanatical wildfowler and pursued the game in every possible way and at every possible opportunity. He started painting geese and related scenery and collected geese from all over the world. His collection formed the nucleus of what became the Severn Wildfowl Trust.

Being such an enthusiast and prolific goose hunter (I read somewhere that he and a partner killed 33 geese in one morning, probably more than I kill in a season), it is interesting to contemplate why Sir Peter eventually gave up shooting.

Wildfowling was obviously the catalyst of his lifelong passion for geese and nature in general, just like egg collecting often stimulates young boys towards a broader interest in ornithology. His 1961 autobiography *The Eye of the Wind* gives one a glimpse into the fateful event that caused his aversion to shooting.

"During a goose shoot six or seven 'guns' were standing in a cluster when a single goose flew over. Each man (and I was one) raised his gun and fired two barrels. Twelve shots went off at the goose, which staggered in the air, flew on, and then began to lose height. It came down far out on the mud on a place quite inaccessible because of the soft mud which in parts of the estuary amounts almost to quicksand. As it landed, I watched with my glasses and saw that both legs were broken. It crash-landed quivering on its belly and put its head up. There was nothing any of us could do. It was 500 yards away and inaccessible. We repaired later to the hotel for lunch and a very good one it was; I remember that the cherry brandy was excellent. In the afternoon I recall that our marksmanship was a little below the standard of the morning. As we passed along the sea wall, I saw with binoculars that



A Peter Scott painting of greylag geese coming in to land. From his book, *Eye of the Wind*.

the bird still sat out on the mud, its neck still raised. At dusk we went back to tea, a bath before an excellent dinner and after it a comfortable bed."

A WOUNDED GOOSE

I once had a similar experience when I found an emaciated goose walking in the reeds with its one wing shot off. Dazed and bewildered with the broken wing bones bleached white, the bird was in obvious pain. Is this fair?

Every shooter should regularly investigate his motives of killing for sport, how much injury, pain and slow death are you leaving behind? And I can promise you, it will get worse with age.

In Giles Catchpole's delightful book *Birds, Boots and Barrels* he actually recommends that a bird (as in the goose above) that has survived two shots should be left alone. It has done its bit for the day. This is sometimes very difficult. If you see that the goose has taken some lead it could be considered your duty to try and kill the

bird outright, especially if your shooting partner calls out for help. But if not, better leave the bird alone; it deserves to be killed by a better man.

Sir Peter became instrumental in starting the World Wide Fund for Nature, and as such probably did far more good than all his earlier shooting was ever negative. If it could be considered as negative at all.

Sir Peter Scott was Captain Robert Falcon's son. So, what's the link between grouse and geese and Antarctic exploration, you are probably asking by now. I don't think there is any, just a quirky coincidence of history that both Edward Wilson and Robert Scott's sons had their feet firmly rooted in game bird management. And I like that. History is fascinating – there is something there for every adventurous young boy.

And I must admit, it took about 55-odd years, but even the bloody Phoenicians and their hieroglyphics are turning my interest these days! All we have to do now, is find the right teachers!

LIST OF SOURCES:

- Bruun et al; *Birds of Britain and Europe*. Hamlyn, 1990.
- Catchpole, Giles; *Birds, Boots and Barrels. Game Shooting in the 21st Century*. Swan Hill, 2002.
- Fiennes, Ranulph; *Captain Scott*. Hodder and Stoughton, 2003.
- Newlands and Phillips; *Grouse and their Allies*. In *The ABC of Shooting*, edited by Colin Willock. Andre Deutch, 1975.
- Osborne, Mark; *Get them Shot!* Article on Grouse Disease in the 2012 Summer edition of the *Fieldsports Magazine*.
- Ruffer, Jonathan; *The Big Shots. Edwardian Shooting Parties*. Quiller Press, 1997.
- Seaver, George; *Edward Wilson of the Antarctic*. John Murray, 1963.
- Scott, Peter; *Eye of the Wind. An Autobiography*. Hodder and Stoughton, 1961.
- Smith, Adam; Anniversary Grouse. Research article in *The Scottish Sporting Gazette* no29 of 2010. ☸



NO NEED TO HUNT FOR THE PERFECT SPICE - **WE'VE GOT IT!**

- Spices
- Herbs
- Seasonings
- Marinades
- Packaging
- Speciality Ingredients
- Sauces & Marinades
- Sausage Casings
- Related Hunting Goods
- Butchery Requirements

Shoot to our store for a Blast of Flavour

924 Paul Kruger Street, Mayville, Pretoria

T +27 (0)12 023 0119

*Alternatively, contact our head office for the ultimate
spice experience, hot deals and flavourful service.*



T +27 (0)11 794 8096

E info@spicegro.co.za

W www.spicegro.co.za

Om te voet met die boog te jag is gewis nie maklik nie.



Jy het 'n goeie boog en pyle. Jou boog is ingestel en is 'n wapen waarop jy kan staatmaak. Daar word gereeld geoefen en jy tref die kol keer op keer. Nou wil jy graag jou eerste bok met die boog plattrek, maar hoe weet jy jy is gereed daarvoor?

Indien jy enigsins twyfel of jou boog reg ingestel is, besoek jou naaste boogwinkel. Die mense wat daar werk, stel elke dag boë in en is baie kundig. Ek het al voorheen genoem dat hulle in baie gevalle selfs meer kundig is as van die mees ervare jagters. Hulle sal ook help om seker te maak dat die pyle wat jy skiet regtig korrek vlieg. In 'n volgende artikel vertel Harry Marx meer oor hoe om jou boog baie fyn in te stel. Dit is veral handig wanneer 'n boogskut oor langer afstande wil skiet.

BEPAAL AFSTAND SÓ

Baie jare gelede, toe ek 'n boogjagkursus gedoen het, het die instrukteur vir ons gesê jy is gereed om tot op die afstand te jag waar jy agt uit tien skote in 'n kol so groot soos 'n piering kan skiet. Ek stem nie heeltemal saam nie. Jy kan jag oor die afstand waar jy tien uit die tien skote in 'n kol so groot soos 'n piering kan skiet. Wanneer die bok voor jou staan en bokkoors skop in, kan jy bykans seker wees jy gaan een van daardie twee swakste skote uit die tien skote skiet. Agt uit tien is dus net eenvoudig nie goed genoeg nie.


Skiet tien skote op 15 tree; indien jy al tien in die kol het, skiet dan tien van 20 tree af. As al tien in die kol is, tree nog vyf tree terug en skiet weer. Hou só aan totdat jy een pyl misskiet. Tree dan terug na die vorige

IS JY GEREED VIR JOU EERSTE BOOGJAG?


Jou boog is nou ingestel en jy wil jou eerste bok daarmee jag, maar daar is 'n paar dinge om in gedagte te hou.



VAN BO TOT ONDER: Voorbeelde van lugskuilings.



BO EN ONDER: Twee voorbeelde van grondskuilings. Soos gesien kan word, is dit skuilings wat plat op die grond gebou is.



afstand en skiet weer tien pyle. Indien al tien in die kol is, is dit waarskynlik die verste afstand waaroor jy 'n bok met jou boog kan jag. Ek sê waarskynlik, want jy sal nog 'n paar keer die oefening oor dié afstand moet herhaal en eers wanneer jy seker is jy skiet elke keer al jou skote in die kol, weet jy dit is jou maksimum jagafstand. Hierdie oefening sal jou ook help om te bevestig dat jou visier op die verskillende afstande wat jy skiet, reg ingestel is.

Wanneer jy vir die eerste keer gaan jag, kan jy maar weet jy gaan bokkoors kry. Moet dus nie probeer om jou eerste bok op die maksimum afstand te skiet nie. Skiet eerder oor 'n korter afstand. Wanneer die pyl eers die boog verlaat het, is daar nie omkeer nie. Dan is spyt té laat.


BOOG OF SKUILING?

Jy moet nou besluit of jy uit 'n skuiling of te voet gaan jag. Om 'n bok te voet te jag is gewis nie maklik nie, maar dalk het jy baie ervaring daarmee opge-

doen terwyl jy met die geweer gejag het. Jy mag dus voel jy is gereed om dieselfde met die boog te doen. Dit is nie vir my om te besluit wie ervare genoeg is om dit te doen en wie nie.

Dit is beter om in die begin eers vanuit 'n skuiling te jag. Wanneer jy 'n klompie bokke uit die skuiling geskiet het en meer ervare is, kan jy begin loop en bekruip. Jy sal self weet. Dis egter belangrik om te besef dat jy baie nader aan die bok moet kom om die dier 'n doodskoot te gee as wat nodig is met die geweer. 'n Ervare jagter soos dr. Adrian de Villiers jag net te voet en skiet gereeld bokke oor afstande van 65 tree en verder. Nie elke jagter kan dit doen nie en gewis nie iemand wat sy eerste bok wil plattrek nie.

Ek het een keer 'n blesbok oor 55 tree in die berge naby Clarens geskiet. Ons het die hele dag te perd agter die bokke aan gery met die hoop dat ons binne afstand vir 'n nabyskoot kan kom. Teen die einde van die dag was daar net een geleent- »




'n Putskuiling is 'n skuiling waarvan die vloer dieper uit die grond gegrawe is. Die jagter staan dus laer as die grond buite en skiet effens opwaarts na die prooi.

» heid en dit was eintlik té ver vir my. Ná al die harde werk, en omdat ek nie graag met leë hande wou huis toe gaan nie, het ek besluit om te skiet. Gelukkig was die skoot sekuur en die bok het geval. Staan ek vandag voor dieselfde keuse sal ek nie skiet nie. Ek ry eerder terug huis toe sonder 'n bok as om by die kampvuur sit en te dink aan die gekweste bok wat stadig in die veld doodgaan en jakkalskos word.

Die meeste jagters wil met die eerste jag 'n rooibok of vlakvark skiet omdat dit van die goedkooper diere is om te jag. Albei is egter snaarspringers, terwyl van die groter diere soos 'n blouwildebees nie so maklik die snaar spring nie en ook 'n groter hart/

long-area het. Kilogram vir kilogram is wildebeeste nie regtig duurder as rooibokke of vlakvarke nie en gewis 'n beter opsie om te kies vir 'n eerste dier om te boogjag.

“Snaarspring” is nie 'n bekende term onder geweerjagters nie omdat 'n koeël uit 'n geweer baie vinniger beweeg as 'n pyl uit 'n boog. Elke boogjagter met 'n bietjie ervaring weet egter presies wat dié woord beteken. My eerste ervaring met dié eienskap van sommige diere was met 'n vlakvark. Dit was bykans twee dekades gelede en ek het op 'n plaas naby Hoedspruit te voet gejag toe ek 'n vlakvark naby my in die grond hoor skrop. Die dier was op sy knieë besig om vir iets in die



Die skuiling is redelik ruim en behoort die beweging van die jagter te demp. Dit het 'n booghaak waaraan die jagter sy boog kan haak. Let ook op hoe dit wat die jagter nodig het, reeds uitgepak is sodat hy nie later te veel beweeg of geraas maak nie.

Die uitsig vanuit 'n lugskuiling.



grond te grou. Ek was ongeveer 14 tree van hom af, agter 'n bos verskuil en het 'n pyl versigtig in my langboog se snaar gehaak. Terwyl ek intens op 'n kolletjie op die dier se enjinkamer gefokus het, het ek die boog versigtig gespan, my snaarhand ontspan en gesien hoe die pyl bykans geruisloos op die vark afpyl... en die dier heeltemal mis. Voordat die pyl kon tref het die vlakvark uit die pad uit beweeg en met sy stertjie in die lug die bos in verdwyn.

Ek het die pyl gekry waar dit laag onder in 'n boomstam gepen het en die trajek van waar

ek geskiet het, probeer naspoor. Die lyn van daar waar die pyl die boog verlaat het tot dit die boom getref het, was deur die vlakvark se lyf. Die vlakvark het gehoor toe die boog skiet en dadelik begin beweeg. In 'n breukdeel van 'n sekonde het hy die pyl heeltemal vermy! Dié aand by die kamp het 'n meer ervare jagter net geglimlag toe ek my verhaal vertel en gesê: “Nou weet jy ook wat snaarspring beteken!”

'n Kragboog skiet baie vinniger as 'n houtboog en sou ek die dier daarmee geskiet het, was die kanse gering dat dit die



BO: Hoewel daar baie suksesvol uit dié skuiling gejag kan word, sal die jagter meer versigtig moet wees en saggies moet beweeg omdat die wande van die skuiling bykans geen klank demp nie. Daar skyn baie lig by die skuiling in, dus kan die jagter ook makliker van buite af deur die bokke gesien word indien hy beweeg.

LINKS: Die skuiling bied bykans geen beskerming aan die jagter teen reuk, geraas en selfs sig nie.

snaar sou spring. Indien 'n jagter wel besluit om 'n rooibok, springbok of vlakvark te skiet, moet hy seker maak die dier is baie ontspanne en staan nie verder as 22 meter nie.

DIE GEHEIM VAN SKUILINGS

Om uit 'n skuiling te jag is gewis makliker as om te voet te jag, maar daar is tog 'n paar dinge wat 'n voornemende boogjagter in gedagte moet hou om suksesvol te wees. Alle skuilings is nie dieselfde nie. Soms is die skuiling nie dig genoeg is nie en sodoende word reuk en klank te maklik deurgelaat. 'n Mens vind dit veral by skuilings wat uit hout gemaak is.

Die skietopening is partykeer nie wyd genoeg of op die regte hoogte nie. Jou beter skuilings se skietvenster maak hiervoor voorsiening. Dit is onnodig om te sê dat nie alle boogskutters dieselfde fisieke eienskappe het nie. Uit ons vriendegroep wat saam jag wissel ons lengtes van 1,72 tot 1,96 meter. 'n Goeie skuiling sal hierdie variasie kan akkommodeer.

Die skietopening is soms nie op die regte plek nie. Sommige van ons is regshandig en ander linkshandig. Dan het ek my ook

al in 'n lugskuiling so vyf meter bo die grond bevind. Hier moes ek seker maak dat my lewensversekering in plek is voordat ek die skuiling kon betree. Ek dink die veiligheidsfaktor is meer kritiek met lugskuilings, maar wees maar op jou hoede vir daardie onverwagte besoek deur 'n swartmamba.

Baie skuilings is maar net nie

stil genoeg nie, soos wat die geval is met skuilings wat te veel wind en reuk deurlaat. Ek het gevind dat die skuiling wat uit 'n meer kompakte materiaal gebou is klank baie beter demp. 'n Binnekant wat uitgelê is met voerband en mat help dat jy nie gehoor word wanneer jy in die skuiling beweeg nie.

Jy moet gou aanleer om jou-

self stil in die skuiling te gedra, nie onnodig te beweeg nie, nie lekkergoedpapiere oop te skeur nie en veral om nie skerp, metaalagtige klanke te maak nie. Diere kan baie beter hoor as wat baie jagters dink. Wanneer jy met 'n boog begin jag, besef jy baie gou hoe goed bokke se sintuie is.

Kom ons kyk na die items »



Ek het dié blesbok jare gelede oor 'n afstand van 55 meter geskiet. Dis my langste skoot ooit op 'n dier met 'n boog. Baie boogjagters skiet vandag hulle bokke oor baie langer afstande. Onervare boogjagters moet liefers hulle bokke op die naaste moontlike afstand jag.

» wat 'n mens eenvoudig moet saamvat skuiling toe. Jou meganiese sneller is seker die belangrikste item. Dié sneller is eerste op die lys bloot omdat dit die ding is wat boogjagters die meeste vergeet. Daarna natuurlik jou boog met pyle wat toegevoeg is met vlymskerp jagpunte.

Die volgende is 'n afstandmeter en 'n verkyker. Nie een van die twee is 'n moet nie, maar die afstandmeter is belangrik as jy nie so gekonfyt is met afstandskat nie. Dis belangrik om die kwes van wild tot 'n minimum te beperk. Die verkyker help om die tyd te verdryf en spesifieke diere te identifiseer. 'n Goeie mes is altyd nodig en handig onder enige omstandighede. Ek verkies 'n veeldoelige mes (*multi tool*) en ek neem gewoonlik ook tou en 'n stuk gekamoeleerde lap saam. Partykeer is daar 'n opening êrens in die skuiling wat onnodige lig inlaat wat ek dan daarmee toemaak.

Dit is 'n feit dat 'n mens soms baie ure in 'n skuiling deurbring. 'n Goeie boek sal help om die tyd op 'n sinvolle manier om te kry. 'n Paar ou SA JAGTER/HUNTER-tydskrifte sal baie help om die tyd mee te verdryf en dit kan gewis nie skade doen om 'n handleiding of papierafdrukke van waar die verskillende bokke geskiet moet word (*kill zones*) byderhand te hê nie. Dit gee 'n mens nogal baie vermoedens wanneer 'n spesifieke boksoort voor jou staan en jy weet presies waar om te mik.

Die jagter moet ook water of koeldrank saamvat, en miskien iets om te eet. Op baie jagplase word die jagters opgelaaie vir 'n laat ontbyt of middaget. Indien nie, is iets te ete baie belangrik. Verpak dit egter op só 'n manier dat dit met min geraas uitgehaal kan word. Wanneer ek in 'n skuiling gaan, haal ek dadelik alles wat ek beplan om te gebruik, eet of te drink uit my jagsak en plaas dit op 'n plek waar dit maklik binne bereik is en nie in die pad gaan wees wanneer ek regstaan om die

bok te skiet nie.

Die vermoë om uit die skuiling te kan kommunikeer is noodsaaklik. Baie plase het selfoonopvangs en dit vergemaklik alles. Ander plase het tweerigtingradio's wat net so goed werk. Die geheim is net om die foon of radio afgeskakel te hou tot ná jy geskiet het en om dan kontak te maak (maar bly in die skuiling).

Maak maar vroegoggend jou draai by die toilet, want jy gaan lank in die skuiling sit en op die meeste plase word jy nie toegelaat om op jou eie die skuiling te verlaat nie. Indien die nood té groot raak, kan jy die plaaseienaar of professionele jagter bel of per radio vra om jou op te laai. In die meeste skuilings word darem voorsiening gemaak indien jou blaas begin pla.


Daar is nog heelwat om te sê oor skuilingjag en wat om te doen (of nie te doen nie) om seker te maak dat die bokke wat inkom lank genoeg staan sodat 'n mens kan skiet, wanneer jy moet skiet en wanneer nie, hoe om bokkoors te bekamp en wat jy doen nadat jy die bok geskiet het. In die volgende artikel skryf ek meer hieroor, asook oor wat om in gedagte te hou wanneer jy te voet jag. 🏹



Baie boogjagters verkies 'n stoelskuiling omdat dit vir hulle voel asof hulle meer deel is van die natuur wanneer hulle in 'n oop stoel sit of net 'n kamoeleernet het waaragter hulle skuil. Die meeste bokke kyk nie op nie en sal nie die jagter sien nie. Koedoes kyk egter maklik op en indien die jagter nie baie goed gekamoeleer is en baie stil sit en stadig beweeg wanneer hulle skiet nie, sal die koedoe hulle waarneem en laat spaander. Hulle word ook maklik deur kwêvoëls en blouape raakgesien.



Die boogjagter moet seker maak sy stewels maak nie geluide op die skuiling se vloer wanneer hy gereed maak om te skiet nie.



Die afstand waarop 'n boogjagter tien pyle in 'n kol so groot soos 'n piering kan skiet, is die afstand waarop hy moet jag.

SAVUTI ARMS





Tel: 011 915 0138 / Tel: 011 915 0145
Carnival Centre, East Rand
Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan
GPS: S26°15,061 E028°18,815
info@savutiarms.co.za
www.savutiarms.co.za
f Savuti Arms is on Facebook.



Dealers in Arms and Ammunition
Handelaars in Wapens en Ammunisie

BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD -
POSTNET, RAM & COURIER GUY. T's & C's Apply

DIE PUNTE-, LANGAFSTAND- EN BIG BORE-WINKEL
Hierdie winkel is vir die herlaaier. **This shop is for the reloader.**



GUNSMITH ON SITE

For stock availability and pricing
contact Tyron@savutiarms.co.za

SAVUTI ARMS
Special imports available on request.

Visit our page <https://www.savutiarms.co.za/>
or Like us on Facebook
www.facebook.com/savutiimports

VAT WAT JY KRY – VOOR JY SNOEP RAAK!

Deur my jagloopbaan (van bykans 'n halfee) was daar veelvuldige geleenthede waartydens ek die kanse tot sukses uitgekanselleer het deur te uitsoekerig of snoep te wees. Van

die heel eerste lesse, benewens dié oor wapenveiligheid, deur my oorle pa aan my oorgedra, was om nie te uitsoekerig in die jagveld te wees nie. Sy woorde was iets soos: “Moenie snoep wees nie! Gebruik altyd die

eerste die beste geleentheid om vleis vir die pot te kry. Kry net eers iets in die sak en as dit dan moontlik is, kan jy altyd daarop probeer verbeter wat spesie (skiet liever 'n bosbok as 'n duiker), grootte (skiet 'n diknek-

springbokram pleks van 'n ooi) of kondisie (soek die vetste bok uit) betref.”

In daardie tye was daar natuurlik nog nie 'n prys op wild nie. Jag was gratis, en as dit die dag met jou goed gegaan het en



'n Gedeelte van die Grootrivier se oewerbos, 'n mekka vir koedoes. Die krans in die verte regs is 'n puik voorsitplek.

'n Gus-elandkoei soos dié een is altyd spekvat en puik waarde vir geld. Foto: Johan van Wyk



jy meer geskiet het as wat jy en jou gesin self kon verbruik, kon jy altyd 'n karmenaadjie aan jou buurman of vriend skenk, of 'n bokkie by die boer aflaai. Hulle was dikwels so besig met die boerdery dat daar nie tyd was om iets vir die pot te gaan soek nie. 'n Ander beperkende faktor op die aantal bokke wat geskiet word, was natuurlik dat dit wat jy geskiet het self uitgedra of gesleep moes word na daar waar jy jou sedan gelaat het. Bakkies was vir boere, nie stadsjapies nie, en van *fo-baai-fo's* was daar nog nie veel sprake nie.

Ek wil nie die woorde “ter nabetragting” gebruik nie, want ek wil darem vir nog 'n klompie jare probeer jag, maar as ek aan die mymer gaan oor die wonderlike plesier wat ek uit my jare se jag geput het, al was daar vele onsuksesvolle pogings as gevolg van gulsigheid, kom 'n hele paar herinneringe van te snoep probeer wees by my op.

JAG IN BOTSWANA

'n Klompie jare gelede het ek 'n

uitnodiging gekry om in die suide van Botswana te gaan jag. Die pryse was billik en 'n nuwe jagplek hou altyd opwindning in. Op my wenslys was 'n paar gemsbokke, 'n blouwildebeesbul, moontlik 'n elandkoei en beslis een of twee van daardie groot Kalahari-springbokrame. Van die manne wat vroeër die seisoen daar was, het ramme van tot 35 kg (uitgeslag) geskiet.

Ons het 20 000 hektaar, sonder enige binnedrade of vee tot ons beskikking gehad. Daar was genoeg plek vir elkeen om na hartelus te jag en ons het nie die gevaar geloop dat ons in mekaar se pad sou wees nie. Die duineveld was pragtig ná die puik reën van vroeër die seisoen en die wild, veral gemsbokke, was volop en in uiters goeie kondisie.

Ons kon elkeen 'n spoorsnyer van San-oorsprong gebruik, en hulle was almal uitstekend in die veld. Ek het egter – ná ek 'n gevoel vir die terrein begin ontwikkel het – besluit om 'n paar keer op my eie te gaan jag. Die grootsheid van die Kalahari het

dit van my vereis. Die enigste nadeel daaraan was dat die moontlikheid van verdwaal dan sterk was, aangesien die terrein relatief plat is, en daar geen uitstaande landmerke/bakens vir oriëntasie was nie. Die manne met GPS'e het nie daardie probleem ondervind nie, maar ek het wel reggekom deur byvoorbeeld my pad vanaf 'n karkas na die naaste tweespoorpaadjie uit te merk deur 'n stok aan my sy te sleep. Karkasse moes óf onder bosse/bome ingesleep word, óf met takke toegemaak word om dit teen die alomteenwoordige aasvoëls te beskerm. Ek kon nog wild tot gemsbokgrootte bietjie-bietjie alleen sleep nadat ek die pens uitgehaal het, maar met sebras of elande sou dit maar knor, en sou taktot slaan die enigste opsie wees.

Besluiteloosheid, of dalk was dit vraatsigheid, het my van 'n 17 duim-springbokram beroof. Ek was in die mark vir 'n trofeeram, maar ook vir 'n groot gemsbokbul of vet elandkoei (elandkoeie was teen 'n spesiale

prys beskikbaar, en 'n gus-koei sou puik waarde vir geld wees).

Ná die oggend se onsuksesvolle pogings het ek het 'n spannetjie springbokke in 'n digte boomkol in 'n duinstraat gewaar, en versigtig benader tot ek my in 'n skadukol kon versteek om die troppie kans te gee om nader aan my te wei. Met my verkyker kon ek 'n fantastiese springbokram identifiseer, maar daar was geen kans op 'n skoot waar hy nie óf in die trop was, óf deur bosse versteek was nie. Ek het die troppie, wat ek op so 40 tot 50 individue geskat het, vir 'n goeie halfuur dopgehou, toe ek uit die hoek van my oog 'n gemsbokkoei oor 'n duin regs van my in my rigting sien aankom. Agter haar het ek nog gemsbokhoringpunte gesien, en besluit om maar geduldig te wees. Opeens het 'n tak wat links van my breek, my aandag daar gevestig. Dit was 'n troppie elande aan't wei, en ek het agter 'n digte boskasie 'n groot liggaam soos dié van 'n elandbul gewaar, waarvoor ek weens prys nie regtig in die mark was nie.

Intussen het die springbok-troppie nader en nader aan my gewei, maar die trofeeram was nie sigbaar nie. Die trop saam met die gemsbokkoei het nou tot vier koeie en 'n pragbul aangegroei, en was ook staan-staan al weiende op pad om, as hulle sou koers hou, so 40 meter voor my in 'n leegte verby te kom.

'n Vinnige blik in die rigting van die elande, wat intussen ook in die oper duinstraat inbeweeg het, het onthul dat die lyf van 'n groot, modderwet koei definitief puik waarde vir my geld was!

Skielik was ek in 'n dilemma. Ek sou net 'n kans kry om een van die spesies te skiet. Wat sou dit wees: die elandkoei, die gemsbokbul of die springboktrofee? Ek het vir slegs die derde keer in my lewe bokkoors gekry! Intussen het al drie spesiegroepe nader aan die leegte in die straat voor my beweeg.

Die gemsbokbul het lankal »

» 'n skoot gebied, die elandkoei sou beslis 'n skoot kon bied as ek geduldig was, en ek het geweet daardie springbokram sou nog in sy trop wees.

Watter een?! Hoekom moes ek al drie gelyk aangebied word? Miskien moes ek probeer om dalk twee van my keuses te skiet – as ek eers die gemsbokbul kon skiet, en dan dalk die elandkoei in die verwarring wat sou volg? Wie weet, dalk sou daardie springbokram ook 'n kans bied. Ek het mos vyf patrone in die geweer! Teen die tyd dat my bokkoors gewyk het, het die vier gemsbokkoeie al deur die leegte voor my gestap. Die bul was nog in aantog, reguit om met die elande te bots.

Intussen het 'n elandkoei agter my rug om begin beweeg, en toe ek haar gewaar, dadelik besef dat sy binne sekondes reg in my “wind” sou inloop. Ek het net 'n sekonde of twee gehad om te besluit en te skiet. Die gemsbokbul het 'n plankdwars skoot

op 40 tree gebied, die vet elandkoei het trompop bo-oor my vir die koei agter my staan en staar, en die springbok-trofeeram het met oopgesperde neusvleuels vryerig agter 'n ooi aangeloo, almal binne boogskiet afstand. Daardie horings! Ek gaan maar die ram skiet!

Ek het sopas my blitsbesluit geneem toe pandemonium om my losbars. Die elandkoei agter my het my reuk gekry en weggedonder, en nie een van die ander diere het enige vrae gevra nie – almal het onmiddellik uiteengespat. Waar ek van sowat 40 springbokke bewus was, was daar skielik minstens 200 van hulle wat al pronkend in die duinstraat af koers gekies het! Twee van die elande het my amper raakgetrap in my skadukol! Hoekom moes die &%#@^se koei besluit om agterom my te loop!

Ná die tyd, toe die adrenalien gesak het, het ek egter vir myself gelag. Gulsigheid!! Maar hoe-

veel jagters het al so iets opwindends beleef? Nie baie nie!

TERUG NA DIE KAROO

Tydens 'n jag op my jagplek van amper 40 jaar in die Karoo was ek agter 'n koedoe aan vir vleis. Dit was die eerste en moontlik die enigste jag van die seisoen en my vrieskas was leeg. Ná sowat 20 minute se stadige loop en soek waartydens ek knaend my verkyker gebruik het, het ek die noordelike grens van die eendom benader wat op 'n rantjie langs oos-wes gestrek het.

Ek het al voorheen koedoes aan die bure se kant gewaar en het al by meer as een geleentheid een geskiet wat oor die heining gespring het. Met die oorloerslag het ek ses koeie en 'n baie mooi bul sowat 200 meter weg gewaar waar hulle besig was om aan die kniehoogte karoobossies te vreet. Ek het versigtig in die namiddagskaduwee van digte struik ingeskuif en my gemaklik gemaak om te wag dat

hulle oor die draad spring.

Daar was 'n drinkplek aan my kant van die draad en dit was hul gewoonte om laatmiddag in daardie rigting te beweeg. Ek was in die mark vir vleis, so dit het nie saakgemaak of dit 'n bul of koei was nie, solank laasgenoemde net nie 'n kalf by haar gehad het nie. Enige volwasse koedoe wat oor die draad sou spring, sou 'n maklike skoot bied. Binne tien minute het die eerste koei oorgespring, maar sy het 'n amper-gespeende kalf, wat nog nie 'n viervoet-ses-draad sou kon spring nie, by haar gehad. Ek het dus vir die volgende koedoe gewag. 'n Mooi groot koei het volgende oorgespring, en ek het die grendel toegemaak op die 175 gr Clawgelaai patroon in die kamer van my 7x64. Ek het reeds begin dink aan die herwinning wat nie te moeilik sou wees nie. Daar was 'n veldpaadjie binne 300 meter daarvandaan.

Net voor ek my vuur wou toemaak, het ek gou gekyk hoe die bul vorder. Hy was 'n bietjie laer af met die hang, reg langs die draad, ek het dus vir eers van die koei vergeet. 'n Bul is tog groter en vir een of ander rede het 'n bul wat by die huis aankom altyd 'n effens groter borsmaat tot gevolg. Maar toe begin die bul al met die heining langs te wei, al verder van my af weg. Die koei wie se kalf agtergebly het, besluit toe om terug te spring en die ander koei besluit sy voel te alleen aan my kant en spring ook terug.


Dit het alles so vinnig gebeur dat daar nie kans vir 'n skoot was nie, en die hele troppie het rustig weg van my af begin wei, veilig in die buurman se veld. Demmit! Ek moes die groot koei geskiet het toe sy aan my kant van die heining grondgevat het! Haar vleiskwaliteit sou beter wees as die bul s'n, die herwinning sou heelwat makliker wees, en ek sou my vleis kon saamvat huis toe! Gulsigheid, gulsigheid!

KOEDOEJAG BY STEYTLERVILLE

Dan was daar die keer toe my

'n Kalahari-springbokram soos dié een kan swaar uitslag.
Foto: Johan van Wyk





'n Gemsbokbul soos hierdie sal 'n goeie karkasgewig hê, met puik vleiskwaliteit. Foto: Johan van Wyk

gulsigheid gelei het tot baie meer werk as wat nodig was. Dit was in die Steytlerville-omgewing, waar ek vir 15 jaar in 'n ry gaan koedoes jag het totdat die 2015-droogte, wat steeds voort-sleep, my jag daar vir eers gestop het. Ek het een oggend vroeg op my ou voorsitplek op 'n lood-regte krans van sowat 30 meter hoog my sit onder 'n pruimboom gaan kry. Van daar het ek al 'n hele klompie bulle deur die jare heen geskiet.

Die Grootrivier met sy digte soetdoringstand het 'n maand of wat vantevore afgekom ná 'n donderstorm in die opvanggebied. Voor en onder my was 'n 800 meter lange poel waarin die water stadig gevloei het. Ná sowat 'n uur se bespiedingswerk op die talle koedoe-uitgetrapte voetpaadjies in die oewerbos het ek 'n skaflike koedoe bul sowat 150 meter van my af ge-waar waar hy aan 'n taaibos staan en peusel het.

Ek het die logistiek van karkasherwinning oorweeg en be-

sluit dat ek maar die bul kon skiet aangesien daar so 400 meter van die koedoe af 'n ou tweespoorpaadjie was waar 'n mens met 'n voertuig sou kon kom. Met die gedagte dat daar drie manne op die plaas beskikbaar was om my te help koedoe dra/sleep, het ek agter die skietstok reggeskuif. Maar toe ge-waar ek die bewegende horing-punte van 'n bul aan die oor-kant van die poel, en plaas toe eers die bul onder my op ys.

Ná vyf minute het die oor-kantse bul sy lyf gewys, en ek het besef dat dit een van daardie Steytlerville-dromnekkoe-doe-bulle was. Die skietafstand na hom toe was 'n goeie 120 meter verder, maar ek het kans gesien vir 'n akkurate 270 meter-skoot met my 7x64 Brenneke. Ouder-gewoonte het ek eers weer die herwinningslogistiek oorweeg, en tot die gevolgtrekking gekom dat, as die bul deur die 60 meter wye poel "geswem" kon word, die herwinningsafstand amper maar dieselfde sou wees as vir

die nader maar kleiner bul.

My teleskoop was op 200 meter ingestel, en met die nodige skatting van hoe hoog ek op die groot bul se blad moes vat, het ek die skoot versigtig afgedruk. Die bul het in sy spore neerge-sak. Ek het hom vir sowat tien minute dopgehou om seker te maak hy is dood, en het toe die boer gebel om sy manne en her-winningsvoertuig te stuur.

Terwyl ek vir hulle moes wag het ek eers my geweer en rugsak by die veldpaadjie gaan aflaai (met die rivierkruising in gedag-te) en die lang ompad na die bopunt van die poel gestap. Ek het kniediep deur die stroom gewaad om weer aan die oor-kant tot by my bul terug te stap. Daar gekom, was hy al lekker styf opgeblaas, minstens drie bar, en my gedagte was om nie soos oudergewoonte die pens dadelik te verwyder nie. Ek sou dit ná die waterkruising doen – die dik pens moes eers help om die bul te laat dryf.

Met die aankoms van die

manne was hulle nie te gretig om die diep poel aan te durf nie, maar ek het hulle met 'n klompie ekstra beloofde note aange-moedig, en oortuig dat die bul lekker gaan dryf – hulle moes eintlik maar net vashou. Nie-mand het vir seker geweet hoe diep die poel was nie.

Toe almal tot by hul nekke nat was, was daar net een pad, en dit was deurdruk. Die bul het inderdaad lekker gedryf, veral toe die stroom ons stadig maar beslis gevat het. Van die manne het begin benoud raak, maar ek het hul aangepor om net vas te klou. Ons was gou-gou aan die einde van die poel, en toe die helpers vir die eerste keer weer grond onder hul voete vind het hulle die bul gelos. Die bul self was egter nog nie moeg geswem nie, en met sy pens nou min-stens 3,5 bar, het hy al hoe vin-niger in die nou baie sterker stroom begin afdryf.

Die uiteinde van die saak was dat ons daardie bul eers amper 'n kilometer verder kon vang waar hy teen 'n klomp dryfhout vagespoel het. Die plaasmanne wat die terrein soos hul eie werf geken het, was nou baie onge-lukkig, want daar was geen veld-paaie binne 'n kilometer daar-vandaan nie. Ons moes met moeite 'n nuwe veldpad deur die bosse en struik uitkap, sand-walle met 'n graaf platwerk en erdvarkgate met klippe (skaars) en bosse opvul. Die uiteindelijke herwinning het amper die res van die dag geneem! As ek maar die kleiner bul geskiet het!

Gulsigheid het my wel 'n baie groter bul besorg, maar ons ly-we was stukkend en my beursie baie plat! Een voordeel van die nuwe pad was darem dat dit 'n deel van die oewerbos vir jag oopgemaak het. Daardie area is altyd vermy juis weens die onbe-reikbaarheid daarvan. En hoe-veel jagters het al 'n koedoe bul deur 'n rivier geswem?

Maar onwyse besluite ofte nie, die herinneringe aan my jagte en alles wat daarmee saamge-gaan het sal my altyd bybly, of tot Alzheimer's oorneem. ☹

The very first hunting lesson drilled into me by my father was to never, ever take a chance, but rather to wait for one. He, in turn, was taught this very same lesson by a very experienced hunter, a man who hunted scores of buffalo, lion and other dangerous animals by his lonesome self, without incident or mishap, for many years. By and large, this advice has stood me in good stead throughout my hunting

career and I've luckily avoided serious mishaps thus far.

In March this year, I was enjoying an early-season hunt in the beautiful mopane bush near Musina. The farm was a beautiful piece of real estate bordering the Limpopo River, swollen by good rains, with Zimbabwe on the other side of the river.

The farm held plenty of game of various species. On the second morning, we spotted a small herd of blue wildebeest from a

low hill as they were slowly feeding towards a small waterhole. As wildebeest were on the list of animals that we could hunt, I was dropped some distance away on the edge of the relatively open plain on which they were feeding. Accompanying me was Lukas, a local guide with a great many years of experience.

We had to cover quite a bit of distance to reach the area where we had spotted the wildebeest,

so we were walking into the slight breeze at a steady pace.

The terrain, although reasonably open except for the occasional baobab and thorn tree, was quite undulating and covered in metre-high grass. As it was still hot, I did my best to keep a wary eye out for snakes at the same time as it was the ideal type of terrain in which to encounter some or other slithering reptile intent on sinking his fangs into your calves.

THE ANATOMY OF A BAD FIRST SHOT

Sometimes haste nearly makes waste...



TOP: Johan with the downed gemsbuck bull after the hunt.

MAIN PHOTO ON LEFT: The relatively open bushveld terrain where the hunt took place.

AN UNEXPECTED GEMSBUCK

We must have covered about two kilometres when I spotted a big, grey form feeding head-down some distance in front of us. I motioned to Lukas to stop and reached for the compact binoculars in my shirt pocket. As the animal slid into view through the Swarovski, I could see that it was a gemsbuck, and judging by the thickness of its horns, I could tell it was a bull. Lukas immediately put up the shooting sticks and I readied myself to shoot.

Through the riflescope I could see that the bull was quartering ever so slightly towards me with his head down in the grass, feeding along. He was, as yet, unaware of us but it could only be a matter of time before he lifted his head, and the game would be over. The distance was somewhere in the region of 180 metres, which is quite a distance for the bushveld, but I knew where my .30-06 was shooting and

from good shooting sticks, it was the kind of shot I had made successfully on many previous occasions. With this, I concentrated on my trigger squeeze with the crosshairs where I judged the bull's lungs would be.

After the shot, there was a momentary lapse as the bullet sped towards the gemsbuck, and I pulled the rifle down from the recoil just in time to see the gemsbuck collapsing in the tall grass. "Done deal," I thought, but things were not as they seemed at first glance...

Almost immediately, the bull started rolling around where he'd fallen in an attempt to get back on his feet. Although obviously wounded, it became clearer by the second that the bull probably wasn't mortally wounded. Immediate action was undoubtedly required to save the morning from disaster!

TROUBLE!

After a quick "come on!" to Lu-

kas, I immediately set off towards the gemsbuck as fast as the grass would allow me. My initial idea was to have Lukas set up the shooting sticks again and fire another shot but the grass made this impossible. All I could see of the bull was the odd back leg or horn tip that flashed above the grass, so there was literally nothing vital to shoot at. We had to get closer, notwithstanding the gemsbuck's well-deserved reputation for aggression when cornered, and end matters at close range.

We were probably about 20 metres from the downed gemsbuck when the thrashing about suddenly stopped. As we'd run towards the animal, I had turned down my scope magnification to its lowest setting and chambered a new cartridge without closing the bolt. The gemsbuck was clearly on the verge of getting up and I closed the bolt and watched him through the scope. For a moment, he stuck his head up out of the grass. I could see his neck was outstretched and his eyes were wide, so he was pretty close to taking off for pastures anew.

I aimed for his neck just behind the head, but our headlong dash to get to the wounded animal had winded me pretty badly and my rasping breath caused the crosshair to wander all over the place. The shot went off, but I instantly knew it was a miss, and so did the gemsbuck, because the next moment the animal erupted from the grass at full speed. He was instantly up to full speed with hooves pounding the earth, heading directly away from me.

As I'd been taught as well, I worked the bolt as fast as I could and watched the gemsbuck as he ran at a full gallop for a thick patch of mopane bush only a few seconds away. I knew full well that we were in for a very, very long and tiring day if I didn't pull the gems- »



Recovering the gemsbok after the hunt that very nearly went wrong because of bad initial shot placement.

» buck's handbrake up before he reached the mopane. The bull was in all probability not mortally wounded so he had every chance of leading us on a merry chase for miles on end.

I was pretty mad at myself at this stage. A running shot, such as the one I would now be forced to make, was a pretty poor and uncalled for way of getting yourself out of trouble in the bush. I know full well that Jack O'Connor once wrote that the killing zone of a running animal was the same size as that of a stationary animal, but I also know that he probably had scrawny little Mexican Coues deer in mind rather than a wounded gemsbok in Africa who not only possessed virtually limitless stamina but also the tools to make kebabs from its pursuers!

I've had to drag my own proverbial fat out of the fire on two previous occasions with wounded game, once with a black wildebeest cow and on another occasion with a red hartebeest

bull. It can be done, but it is most certainly not the ideal way of putting an end to a wounded animal's suffering – after all, don't wound the animal in the first place and there would be no need for dicey second shots, right?

After a short distance, the bull started running to my left, and this gave me the chance I needed. With the crosshair just ahead of the fleeing animal's left shoulder, I squeezed the trigger. In spite of the close distance, I could hear the bullet striking home, and the gemsbok immediately collapsed rather spectacularly in full flight. Thankfully, the chase was over. At last!

The subsequent post-mortem showed that the first bullet had hit the bull a touch high on the shoulder, missing the spine and everything else of importance by less than an inch. The wound wasn't fatal, and the bull could have carried on for miles and probably even survived. The second bullet entered on the left shoulder, took out the left lung

The two perfectly expanded 180-grain Swift Scirocco bullets recovered from the gemsbok, pictured next to an unfired example.



and smashed the spine, switching off the bull's lights instantly. Had it not been for the second shot, the bull would almost certainly have been lost as we couldn't find a single speck of blood anywhere, not even after he was down. Lucky, lucky, and so unnecessary!

AFTERMATH

There is a saying allegedly attributed to Wyatt Earp, the legendary Western lawman, about what his best advice was for surviving

a gunfight. Earp was to have said, "Fast is fine, but accuracy is everything. In a gun fight... you need to take your time in a hurry". In retrospect, I should have heeded Wyatt Earp's advice with the gemsbok. Another second or so to make sure of my shot placement would've made a world of difference, not to mention my initial shot placement. Therefore, waiting for a chance and not rushing your shot is still, after all these years, sage hunting advice. 🎯

BBRW

GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-,
VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING

JOHANNESBURG

Park-rylaan 24, Mayfair, Johannesburg

Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257

083 269 2558

E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein

REGOP YSKAS
Enkeldeur R6 995.00
Dubbeldeur Ecoline R8 800.00
Dubbeldeur R9 200.00

BANDSAAG
Swaardienstipe 380V
Gratis biltongdroër
R19 500.00

VLEISMEUL
42-380V R20 995.00
52-380V R39 995.00

BILTONGKABINET
245l 580 x 460 x 1 080mm R6 595.00
1 250l 1 000 x 740 x 2 015mm R17 995.00
BILTONGKABINET + BEROKER 2-in-1 R3 995.00

BILTONGKERWER
0.75KW R3 895.00

HANDTIPE BILTONGKERWER
R899.00

HANDTIPE VLEISMEUL
NO. 22 R797.00
NO. 32 R1 190.00

170L KOOKTOESTEL
R21 995.00

VERTOONYSKAS
R13 995.00

TREGTERS
VERSKEIE TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL EN PLASTIEK

WORSSTOPPERS
ING 4 VLEKVRYE STAAL TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL
3 lt R1 795.00
5 lt R1 995.00
7 lt R2 995.00
10 lt R3 495.00
15 lt R5 300.00

KISVRIESKAS
210 lt R2 450.00
311 lt R3 195.00
460 lt R4 200.00
530 lt R5 100.00
590 lt R5 395.00

VLEISKOEKIEMAKER
100mm R499.00
130mm R599.00

KOUDEVLEISSNYER
220mm R4 995.00
250mm R6 995.00
300mm R8 995.00

BEROKER, 170L
R22 495.00

VRIESKAS MET GLASBOKANT
1.5m - 510 lt R7 300.00
1.625m - 600 lt R11 995.00
1.8m - 650 lt R12 995.00
2.2m - 700 lt R15 995.00

ELEKTRIESE VLEISMEUL (Italiaans)
REBER MET VLEKVRYE STAAL-RATTE
12 R4 500.00
22 R5 995.00
32 R7 995.00

VLEISMEUL SIWWE EN LEMME

DUBBELWASBAK
R3 995.00

VLEKVRYE STAAL-TAFEL
1.1m R1 295.00
1.7m R1 595.00
2.3m R1 995.00

SKAAL
R590.00

ELEKTRONIESE PORSIESKAAL 30KG X 1G
R902.50.00

KLEINHANDEL-SKAAL 15KG
R590.00

VLEISVERSAGTER
R9 995.00

KARKASSKAAL
Staander nie ingesluit
R9 995.00

SAKKE
300 X 400mm R120.00
(100 sokke)
250 X 300mm R 80.00
(100 sokke)
150 X 250mm R 50.00
(100 sokke)

SPITBRAAI & OONDROOSTER
R10 437.00

RYGBRAAI & OONDROOSTER
R7 607.00

VAKUUMMASJEN
DZ300 R10 500.00
DZ400 R11 995.00

TOEDRAAIMASJEN
R995.00

Butcherquip Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.

Foto's is vir illustrasie-doeleindes alleenlik. Pryse onderhewig aan veranderinge sonder kennisgewing. E&OE



CHROMECATER

Visit our Online Store:

No. 1 Catering Equipment Supplier by Soft-Ice Catering Equipment.
Call us on (+27) 12 548 2745 or (+27) 71 564 4285, Email: sales@cateringequipment.co.za
Visit our Showroom/Warehouse: 21 Escallonia Str, Montana, Pretoria, Gauteng

Chromecater®

www.cateringequipment.co.za



soft-ice
catering equipment

All Prices are Inclusive of
15% VAT
to view our full catalogue

VISIT OUR WEBSITE FOR MORE SPECIALS



Meat Mixers
From R2 995



Meat Slicers
~~R4 895~~
From R4 395



Meat Tenderizer
From R3 999



Meat Miners
From R3 795



Patty Press
~~R4 695~~
From R1 595



Vacuum Sealer
~~R4 549~~
Now R1 395



Vacuum Packers
From R12 999



Band Saws
From R12 995



Towel Dispensers
From R209



Soap Dispensers
From R229



4pc-Stainless Steel Funnel Set
R 395




Sausage Fillers
~~R2 449~~
From R1 995



Vacuum Bags
From R 55

We also supply a wide range of Bakery, Deli, Fun Food and Catering Equipment



HOE OM MET MIN GELD TE BEGIN HERLAAI – DEEL 2

Met fabrieksammunisie word 'n geweer se akkuraatheidspotensiaal dikwels nie bereik nie. Soms is pasmaakammunisie, wat spesifiek vir daardie geweer ontwikkel en gelaai word, nodig om die geweer se potensiaal ten volle te verwesenlik, hetsy vir jag of kompetisie-skiet. Kom ons begin daarom met die lekker deel, die herlaai of selflaai van ons eie patrone.

SKUIFPASSER (VERNIER)

Die meeste patroonmates kan

met bykans enige skuifpasser (*vernier*) gemeet word, hetsy meganies of elektronies. Die elektroniese tipes het egter die voordeel dat dit makliker is om die mates daarop af te lees, en dit meet ook in beide duim en millimeter. Baie mates vir herlaai word tradisioneel in duime aangedui, en dis makliker om in duim te meet as om somme te maak vir omskakeling.

Elektroniese skuifpassers wat self afskakel, is handig, want die battery hou nie lank as 'n mens die apparaat aan vergeet nie.

Pasop dat jy nie tydens meting die kake onnodig hard toedruk nie – dit kan lei tot foutiewe lesings. Pas dus matige en konstante druk tydens meting toe. Dis ook goed om die komponent wat gemeet word rond te wikkel om seker te maak dat dit wel sy lê gekry het en dat die kake behoorlik daarmee kontak maak.

Indien 'n skuifpasser soms in die toeposisie vashaak, kan dit wees dat die kake se skerp puntjies effe gebuig is en hulle daar aan mekaar haak. Skuur die puntjies liggies aan hulle agter-

kante met 600 of fyner waterskuurpapier totdat hulle glad en vry by mekaar verbyskuif. (Sien foto hiernaas.)

DIE HERLAAIPROSES

Ek sal begin deur die hele proses soos volg te verduidelik: Tydens die afvuur van 'n patroon ontbrand die dryfmiddel in die dop. Dit skep gas wat blitsvinnig uitsit en genoegsame druk veroorsaak sodat dit die koeël uit die dop stoot en in die geweerloop afjaag. Gedurende die proses swel, of rek, die dop (dit moet gebeur sodat die koeël losgelaat kan word). Die dop rek soveel dat dit nie weer 'n nuwe koeël styf genoeg sal vashou nie, en dit mag dalk ook te styf in die wapen se kamer pas. Die gevuurde dop moet dus kleiner gekrimp (hervorm) word, sodat dit weer die nuwe koeël kan vashou en gemaklik in die wapen se kamer kan pas.

Tydens hervorming word die gebruikte slagdop verwyder. Daarna moet 'n nuwe slagdop, dryfmiddel (kruit) en koeël in hierdie hervormde dop geplaas word. En siedaar, jy het 'n “nuwe” patroon! Om jou eie patrone te laai, is nie net maklik nie, maar ook 'n vervullende proses. Selfs diegene met die spreekwoordelike tien duime kan dit baasraak.

In dié reeks artikels gaan ek dikwels Engelse terme vir her-



Die slagdop word met 'n doelgemaakte matrys (*decapping die*) verwyder.

laaigereedskap en ander dinge gebruik omdat dit só by herlaaiers bekend is en Afrikaanse terme bykans nooit in die spreektaal gebruik word nie.

ONTHOU! Vir herhaalbare en akkurate resultate is uniformiteit baie belangrik. Dit behels dat al jou patrone, een vir een, in alle opsigte, 'n presiese weergawe of kloon van sy maats moet wees. Vra jouself dus altyd of die komponente wat jy aankoop en die werk wat jy tydens herlaai daaraan doen, bydra tot of afbreuk doen aan uniformiteit.

As raamwerk vir die bespreking, kom ons hou by die volgorde van die herlaai prosesse se stappe en hanteer die opstelling en onderhoud van die toerusting tesame daarmee.

VERWYDER DIE GEBRUIKTE SLAGDOP

Alhoewel die gebruikte slagdop ook tydens die hervorming van die dop uitgedruk kan word, verkies ek om dit vooraf as 'n stap op sy eie te verwyder, omdat 'n gebruikte slagdop effe agter by die dop se kop kan uitsteek, wat akkurate dopafmetings benadeel, dit makliker is om die dop skoon te maak, water uit die dop te skud en dit te droog sonder die gebruikte slagdop daarin.

Die slagdop word met 'n doelgemaakte matrys (*decapping die*) verwyder. Hierdie matrys bestaan uit 'n hol buis, wat

glad nie aan die dop raak of dit hervorm nie, en 'n pen (*decapping pin*) wat aan die middel van die buis koppel en waarmee die slagdop uitgedruk word. (Sien foto hierbo.)

SKOONMAAK VAN SLAGDOPKAMER

Die detonasie van die slagdop laat verbrande residu op die bodem van die slagdopkamer. Verwyder dit om seker te wees dat die nuwe slagdoppe korrek en almal ewe diep gemonteer word. Daar is heelwat apparate hiervoor beskikbaar. (Sien foto's hieronder.)



Dié toerusting word gebruik om residu op die bodem van die slagdopkamer skoon te maak.

Dis belangrik om seker te maak dat die apparaat nie so styf pas dat dit die sykante van die slagdopkamer beskadig nie. Wees versigtig en gebruik dit op so 'n wyse dat dit slegs die residu van die bodem verwyder sonder dat dit die dopmateriaal self beskadig.

SKOONMAAK VAN DOPPE

Borsel minstens die los koolstofdeeltjies binne uit die dop en vee die buitekant met 'n sagte lap skoon. Daar is verskeie middels beskikbaar waarmee doppe chemies skoongemaak kan word. Vir my is dit die doeltreffendste om doppe in 'n *wet rotary tumbler* met vlekvrystaal-pennetjies of-stafies (*stainless media*) skoon te maak, wat verseker dat die doppe binne en buite silwerskoon is. Doppe wat binne skoon is, is sagter op jou herlaaitoerusting en dra by tot 'n meer konstante dopnekgreep en loslaat van die koeël.

INSPEKTEER DOPPE

Inspekteer die doppe vir sigbare defekte, veral krake en barste. Gebruik 'n vergrootglas hiervoor, of nog makliker, een wat sy eie lig verskaf en 'n buigbare nek het.

UITGLOEI (ANNEALING)

Die geelkoper (*brass*) waarvan patroondoppe gemaak word, is 'n mengsel van 70 %-rooikoper en 30 %-sink. Geelkoper verhard wanneer jy daarmee werk – in Engels word dit *work hardening* genoem. Geelkoper werk andersom as staal. Wanneer met geelkoper gewerk word, verhard dit, en wanneer dit verhit word, word dit weer sag en vervorm dit makliker. Wanneer 'n patroon afgevuur word, rek die dop uit weens die druk tydens ontbranding en word die dop as't ware teen die wande van die wapen se kamer "vasgestamp". Om die dop weer te gebruik, moet ons dit kleiner druk deur dit met 'n matrys te hervorm. Al die bogenoemde lei daartoe dat doppe wat vir herlaai gebruik word, verhard.

Op mikrovlak raak die deeltjies of kristalle (*grains*) waaruit geelkoper bestaan tydens die prosesse van verharding, gedisoriënteer. In Engels word daar gepraat van *dislocations* in die mikrostruktuur van die materiaal. Die deeltjies gly dan nie meer maklik oor of verby mekaar wanneer dit rek en krimp nie. Die uiteinde is dat die geelkoper hard raak met 'n verlies aan rekbaarheid (*ductility*). Dit bied dan weerstand teen vervorming. Wanneer so 'n dop hervorm word, spring dit terug na die oorspronklike vorm of grootte en hou die koeël nie styf genoeg vas nie. Die resultaat hiervan is 'n moontlike verlies aan akkuraatheid. Tweedens het die harde doppe 'n verkorte lewe omdat die nekke kraak.

Verhitting herrangskik die deeltjies van die geelkoper op mikrovlak en bring hulle weer in ewewig met mekaar sodat hulle maklik oor of verby mekaar gly. Hierdie prosesse word uitgloei (*annealing*) genoem. Die uitgloei van doppe is regtig nie 'n moeilike prosesse nie, maar die resultaat kan wel gevaarlik wees indien dit verkeerd gedoen word. Soos gesien in die foto op volgende bladsy heelbo, benodig jy 'n elektriese of batteryaangedrewe boor of skroewedraaier, 'n gasvlam met 'n dun, skerp punt (*pencil flame* – dit word deur kokke gebruik en staan ook bekend as 'n *chef's torch*), 'n houder waarbinne die dop losweg pas en Tempilaq om die temperatuur aan te dui. Die Tempilaq smelt by 475 °F of 246 °C.

Wend 'n kolletjie Tempilaq so 10 mm onder die skouer, op die dop se romp aan. Begin met so vyf doppe. Wanneer die nek 650 °F bereik, is die temperatuur 475 °F by die kolletjie en sal dit begin smelt. Dan moet jy die vlam van die dop af wegneem. Teen 650 °F vind die uitgloei-proses volledig op die nek plaas. Indien ons Tempilaq direk op die nek sou aanwend, mag die temperatuurindikasie verkeerd wees omdat die vlam dan direk op die Tempilaq brand. Die metode met Tem-»



Vir die uitgoei van doppe benodig jy 'n elektriese of battery-aangedrewe boor of skroewedraaier, 'n gasvlam met 'n dun, skerp punt, 'n houer waarbinne die dop losweg pas en Tempilaq om die temperatuur aan te dui.

» pilaq teen 475 °F op die romp lewer beter en meer herhaalbare resultate.

Wees baie versigtig met die “metode” om doppe wat jy tussen jou vingers vashou, warm te maak tot dit jou vingers brand. Jou vingers verloor met elke nuwe dop meer sensitiwiteit, met die gevolg dat jy later die doppe al hoe warmer maak. Vermy die metode om doppe regop in 'n pan water te laat staan, dit te verhit tot dit rooi gloei en dan in die water om te stamp. Wanneer die doppe rooi gloei, het dit 'n temperatuur van 1 000+ °F bereik. As jy die doppe warmer maak as 750 °F begin jy die sink uit die dop brand en het die vlam dikwels 'n groenblou skynsel. Dit is gevaarlik, want die sink gee sterkte en 'n mate van veerkragtigheid aan die dop. Sonder of met minder sink kan die dop moontlik tydens die afvuur van die patroon bars.

Stel die boor met dophouer en gasvlam op sodat dit opgelyn staan en gemaklik is om te gebruik, sonder om een van die twee heeltyd vas te hou, soos in die foto regs. Die dophouer het 'n stang waarmee dit aan die boor gekoppel kan word. Die dop pas losweg in die houer, sodat dit maklik en vinnig uitgegooi kan word. Jy kan jou eie

dophouer prakseer uit 'n stukkie pyp waarbinne die dop losweg pas en deur 'n stang agter in die pyp vas te sit met iets soos byvoorbeeld Pratley Putty.

Verhit slegs die dop se nek terwyl die boor dit roteer en die vlam aan die middel van die nek raak. Hou die Tempilaq dop tot dit smelt (wanneer die kleur verander van wit na waterig of deurskynend). Gooi die dop in 'n bak met water uit. Wanneer ons die verhitte dop in water gooi, staak ons die proses, sodat die dop nie warmer as wat nodig is word en so beskadig nie. Dit keer ook dat die hitte nie na die romp versprei nie. Onthou, ons wil slegs die nek en skouerarea

sagmaak sodat die doppe uniform is en weer korrek hervorm kan word. 'n Dop wat te sag op sy romp is kan ook moontlik tydens die afvuur van die skoot bars. Neem die tyd wat dit neem tot die Tempilaq op elke dop smelt met 'n stophorlosie. Bereken die gemiddelde tyd op die vyf doppe en gloei die res van die doppe dan vir daardie tydperk uit. Tempilaq verhard mettertyd in die bottel. Dit word maklik en goedkoop met gewone naellakverwyderaar verdun. Ek draai elektriese isoleerband styf om die bottel en prop en bêre die bottel onderstebo om te help keer dat die inhoud vinnig uitdroog.



Stoor jou Tempilaq só om te verhoed dat dit verhard.

Let op dat die hitteverspreiding op 'n vuil dop nie maklik gesien word nie. Dit word baie maklik op skoon en nuwe doppe gesien. Op die doppe wat met Mamba-seep skoongemaak is, wys die verkleuring weens

die hitteverspreiding baie duidelik. Die kleur beweeg net verby die skouer sodra die Tempilaq smelt. Die verkleuring is dus 'n aanduiding van wanneer die uitgloeiproses voltooi is. Nuwe doppe wys ook weens die hitteverspreiding die verkleuring baie duidelik.

Vuil doppe na uitgloe



Skoon doppe na uitgloe



NEEM KENNIS HIERVAN:

Ons gloei 'n dop uit VOOR enige hervorming daaraan gedoen word, om te verseker dat die dop sag genoeg is om behoorlik te hervorm. Omdat ek seker wil wees dat nuwe doppe wel uniform is, gloei ek hulle self ook voor gebruik uit. Om by te dra tot uniformiteit, gloei ek ELKE keer 'n gebruikte dop uit voor ek dit hervorm.

Dit is handig om die doppe met lugdruk droog te blaas. Laat staan die doppe vir 'n dag of so om seker te wees dat dit behoorlik droog is voordat jy herlaai.

* In die volgende artikel gaan ons voort met die voorbereiding van doppe vir die eerste gebruik asook herlaai. Lekker herlaai! 🌟



Die boor met dophouer en gasvlam opgestel vir die uitgloe van doppe.

WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site



AVXLIVE ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>

MULCHERS

Wuhlf 920 Mulcher met
waterverkoelde 85kW-enjin
R 985 000.00 (BTW uitg.)



Wuhlf 930 Mulcher met
waterverkoelde 129kW-enjin
R1 495 000.00 (BTW uitg.)



Wuhlf 960 Mulcher met
waterverkoelde 276kW-enjin
R2 990 000.00 (BTW uitg.)



Plaaslik Vervaardig

Alle pryse is BTW en AFLEWERING UITGESLUIT en is onderhewig aan verandering



**WUHLF
EQUIPMENT
(PTY) LTD**



Besoek ons Facebook blad

Hoofkantoor:

76 Haakdoornlaagte
Wallmannsthal, Pretoria
N1-Noord-hoofweg
Wallmannsthal-afrif
Koördinate:

25 34'36.0"S 28 27'16.0"E

Kantoor:

+27 (0)12 004 2000
+27 (0)12 004 2001
+27 (0)12 548 0321

Webtuiste:

www.wuhlf.co.za

Verkope:

Coert Steenberg
+27 (0) 84 247 0804
coert@wuhlf.co.za



The bullet whisperer®
South Africa's trusted brand of suppressors.

info@sus-tac.co.za
076 563 3860

Up to 33dB(C) Sound Reduction
Up to 60% Recoil Reduction
Advanced Metallurgy of Construction
Available in Calibers from .177 to .50 BMG
Extended Service Life



For more detail visit us at

www.sus-tac.co.za

MAAK LENGTE REGTIG SOVEEL SAAK?

Gaan dit oor die horings of die bok?



Johan by sy pragkoedoe.

Ek wil graag energie put uit Herman Jonker se stories waarin hy sekere bedrywe, of mense se optrede bevraagteken of in perspektief probeer stel. Daarom begin ek met die volgende vraag: Is 'n 56 duim-koedoe meer koedoe as 'n 40 duim-een, of is 'n 25 duim-rooibokram meer rooibok as 'n 20 duim-ram? Ek het al baie daaroor gewonder en kon nog nie by 'n definitiewe "JA!" uitkom

nie. Is dit die mens, of kom ons sê maar 'n man, se strewe om altyd vinniger, groter, langer of duurder te wil gaan? Die malle gejaag na horinglengte laat my eintlik wonder waarom daar regtig gespog kan word.

Hoeveel jagters of skieters wat 'n trofeedier skiet kan daarop roem dat hulle die spesifieke dier eerstens gaan soek het, 'n plan beraam het oor hoe hulle hom gaan opspoor en bekruip

en dan uiteindelik gaan skiet? Hoeveel jagters kan horinglengte bepaal deur met 'n teleskoop na 'n dier te kyk, of mik ons na die een in die trop wat die grootste lyk?

WILD GEWAARBORG

My ondervinding van jag die afgelope paar jare is dat baie trofeediere heel toevallig raakge-loop of vanaf bakkies geskiet is. Daar word al hoe meer jagge-

leenthede geadverteer met die woorde "wild word gewaARBORG". Daar is nou bykans daaglikse advertensies op sosiale media en in tydskrifte van buffels en swartwitpense met gegewe horinglengtes wat te jag aangebied word. Hulle word heel moontlik in teelkampe aangehou waar hulle geskiet word en nie gejag word nie.

Verdien 'n mens dan regtig die eer om so 'n besondere dier sommer net te skiet en nie te jag nie? Is daar enige prestige daaraan om te kan sê jy het 'n 53 duim- of groter koedoe bul geskiet net omdat jy die een met die langste horings vinnig deur jou teleskoop geïdentifiseer het, of die boer jou aangesê het water een om te skiet?

DIE DROOM VAN 'N GROOT KOEDOE

My storie begin in die jaar 2000 toe ek op 'n plaas in die Kosterdistrik gaan jag het. Die plan was om 'n rooibok of vlakvark te jag. Ek het voor dit al op 'n ander plaas 'n jong koedoe bul geskiet wat dieselfde gekos het as 'n koedoekoei. Omdat groot diere nie op my lys was nie het ek met my .25-06 gestap. Die Saterdagmiddag het ek en die gids 'n groot koedoe bul sowat 100 meter voor ons, rustig in 'n oop stuk veld sien stap. Ek het onwillekeurig op die koedoe bul aangelê met die hoop dat hy sou vassteek, maar hy het net aanhou stap en in die bos verdwyn. Ek wou nie 'n kans met die .25-06 waag nie.

Daarna het ek verskeie aande gedroom hoe ek 'n groot koedoe bul te voet jag. Vir drie jaar lank het ek meer as een keer per

jaar na dieselfde plaas terug-gekeer om die “oom” met die lang spiraalhorings te jag. Die eienaar het my toegelaat om alleen, sonder die gids, te voet te jag ten einde so stil as moontlik te kan beweeg.

Tydens die tweede sessie in jaar drie het ek die gids gevra om te help. Hy het voorgestel dat ek en my skoonpa die oggend vroeg teen die lyndraad na die bokant van die berg stap, dan sal hy en die ander gids so ’n halfuur later deur die klofie stap om die koedoes boontoe te jaag. Ons kan dan skiet as hulle bo uitkom. Met ons stap na bo het die buurman se werkers hulle beeste afgejaag, wat ons plan gefnuik het. Die geraas wat dié spul gemaak het, moes die koedoes verjaag het, want net een koedoekoei het bo uitgekome.

Ons is toe weer teen die lyndraad bergaf. My skoonpa en sy gids het besluit om verder die veld aan te durf op pad kamp toe. Ek en my gids, Steven, is bakkie toe om na die kamp terug te ry. Sowat ’n kilometer verder is ek beveel om te stop. Die plaas maak ’n hoek van sowat 400 meter lank by 100 meter breed. Ek het die bakkie onder ’n boom parkeer en ons is te voet verder.

Ons het seker so 120 meter van die 400 meter ingestap. Steven het my gewaarsku om agter ’n bos skuiling te neem. Sy instruksie was dat ek vinnig moet skiet as hulle uitkom. Hy het ’n entjie na regs geloop. Hy was skaars weg toe ’n eendraai-koedoe teen die linkerkantste lyndraad afhardloop. Ek het na links beweeg en gewag dat hy moet stop, maar hy het nie.

Ek is terug na my skuilplek agter die bos waarna ’n koedoekalf net regs verby gehardloop het. En toe gebeur dit! Groot Meneer kom rustig aangestap en stop ongeveer 30 meter skuinsregs voor my, salig onbewus van my. Daar was nie tyd vir bokkoors nie. Ek het my .308

stadig opgelig, gemik na die blad en die skoot laat gaan. Die bul het met ’n vaart weggespring, verby my gehardloop, en in ’n erosiesloot verdwyn.

My asem was kort, my hart het in my keel geklop en my gedagtes was deurmekaar. Steven het ’n wyle later uit die bos gekom en ons het die bloedspoor gevat. Ons het die bul sowat 100 meter verder slegs ’n entjie van die bakkie af in die sloot gekry. ’n Droom is verwesenlik. Die bul het 158 kg uitgeslag en sy horings het 52,5 duim gemeet.

Dit bring my terug na die punt wat ek wil maak. Ek het die koedoe bul geskiet omdat dit die enigste een was wat in drie jaar op dié plaas vir my ’n skoot gebied het. Ek het nie omgee oor horinglengte of karkasmasa nie. Ek was net te bly om ná drie jaar uiteindelik ’n groot koedoe bul op dié plaas te kon jag.

Ek het jare daarna, net voordat koedoe bulpryse per duim op horinglengte bepaal is, een middag op ’n ander plaas heel toevallig ’n 56 duim-koedoe bul, wat langs die pad gestaan het, op ’n afstand van 50 meter vanaf die bakkie geskiet. My vreugde en belewenis was nie eens ’n tiende van die Koster-koedoe jagervaring nie.

SPESIALE ERVARINGS

Wanneer jy by die kampvuurtjie sit of in die aand jou kop neer lê, dan is dit die spesiale ervarings wat lewensvreugde gee. As ons eerlik is, sal ons erken dat dinge wat nie reg is nie, nie dieselfde vreugde gee nie. Ek het al probeer bokhoring eet, maar kon dit nog nie regkry nie. Daarteenoor glo ek dat jong manlike en vroulike diere se vleis veel sagter is en beter werk vir tafelvleis.

My ervaring is, om ’n bok met trofeehoringlengte te jag is in die meeste gevalle toevallig. Hoekom daarop roem en buitensporig voor betaal, en dít vir iets wat geen sielsvreugde bied nie? Maar dis maar net my siening. ☺



JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

SUID-AFRIKA SE TOP-TYDSKRIF
VIR DIE JAGTER EN BEWAARDER.

WEBTUISTE:
www.sajagterhunter.com

FACEBOOK:
SA Hunter/Jagter

NUUSBRIEF:
Teken in via webtuiste

DIGITALE WEERGAWE:
Gaan na:
<https://www.magzter.com/ZA/Media24/SA-Hunter-Jagter/Fishing-Hunting/ofzinio.com/za>
ofpressreader.com/catalog/south-africa
ofpagesuite.com



SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association



Inyathipark, Plot 3, Mountain-rylaan 7/Inyathi Park, Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus/PO Box 1952, Montanapark, 0159
Tel: 012-808-9300 Faks/Fax: 012-808-9344 E-pos/E-mail: admin@sahunt.co.za
Web: www.sahunters.co.za



AFRIKA-VARKPES EN HOE SA JAGTERS KAN HELP

Met die uitbrake van Afrika-varkpes die afgelope paar maande is dit baie belangrik dat alle varkboere en jagters wat wilde varke jag en vervoer, deeglik bewus moet wees wat hierdie siekte behels.

WAT IS AFRIKA-VARKPES?

Dit is 'n ernstige virale siekte wat veral mak varke en soms wilde varke aantast. Daar is tans geen inenting daarteen beskikbaar nie. Vlakvarke en bosvarke dra die virus, maar wys geen tekens van die siekte nie. Met die sterftesyfer by mak varke wat tot so veel as 100 % kan wees, kan daar nooit genoeg aandag op die siekte gevestig word nie.

Tradisioneel het Afrika-varkpes net in Limpopo, Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en KwaZulu-Natal voorgekom. Dit het egter al bykans deur die hele Suid-Afrika versprei soos wat die verspreidingsgebied van veral vlakvarke geweldig uitgebrei het.

In Maart vanjaar het die virus selfs so ver suid as die Kaapse Vlakte uitgebreek. Dit het oor die 100 kleinboere geraak wat om en by 4 300 varke verloor het. Om dit in perspektief te plaas, moet in ag geneem word dat hierdie kleinskaalse boerderye in die meeste gevalle die enigste inkomste vir die boere en hul gesinne is en dat hul boerderye nou tot niet is. Met die uitbrake van die virus in

Noordwes tydens April vanjaar moes een boerdery 1 500 varke van kant maak. Die gebiede word dan onder kwarantyn geplaas en geen varke mag van daar af verhandel of vervoer word nie.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Die finansiële implikasies wat die virus teweeg bring is skrikwekkend wanneer daar gekyk word na die rimpeleffek wat dit veral op die uitvoer van varkvleis het. Suid-Afrika voer jaarliks 4 % van sy totale produksie van varkvleis uit. Dis in teenstelling met die 10 tot 12 % varkvleis wat ingevoer word. Die afleiding kan dus gemaak word dat Suid-Afrika nie genoeg varkvleis kan produseer om selfs aan die plaaslike mark se behoefte te voldoen nie. Die grootskaalse vrektes van varke dra ook daartoe by dat meer varkvleis ingevoer moet word.

OORDRAAGBAARHEID

Die virus word op verskeie maniere oorgedra, onder meer deur kontak tussen besmette wilde varke en mak varke. Dit kom ook in besmette materiaal soos afvalkos, voer en rommel voor. Studies het getoon dat tampans/sagte bosluise die virus van gasheer na gasheer dra. SA Jagters het, danksy die hulp van ons lede, gehelp met die invoering van bloedmonsters van vlakvarke wat regoor die land gejag is. Dié monsters word tans by die

Universiteit van Pretoria se veeartsenykunde-fakulteit bestudeer.

SIMPTOME

Die simptome wat 'n besmette vark toon, wissel van rooiheid van die vel – veral op die ore, buik, en bene – tot hoë koors. Die vark sal ook geen eetlus hê nie, depressief wees, sukkel om asem te haal, opbring en kan selfs deur sy neus bloei. Dragtige sê kan hul kleintjies aborteer en ook diarree hê.

VOORKOMING

Om besmetting te voorkom moet die basiese beginsel van kontakbeperking toegepas word – baie soos die inperkings wat ons verlede jaar tydens fase vyf van die Covid-regulasies beleef het. Sorg dat wilde varke nie met mak varke in aanraking kan kom nie deur voldoende heinings op te rig. Op kommersiële varkplase word dubbelheinings met 'n bufferarea dikwels gebruik. Vermyn ook om kombuisafval as voer vir varke te gebruik. Plaas nuwe varke eers in kwarantyn en verseker só biosekuriteit.

WAT SÊ DIE WET

Afrika-varkpes word nie na mense oorgedra nie, maar ons het almal 'n verantwoordelijkheid om nie die siekte te versprei nie. Die beperking op die vervoer van wildevarkvleis is reeds in 1935 in die destydse Transvaal en Natal ingestel. Volgens Regulasie 20 van die Wet

op Dieresiektes, (Wet 35 van 1984), mag geen vleis van wildevarke, sonder die dekking van 'n staatsveeartspermit, in Limpopo, Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en KwaZulu-Natal vervoer word nie.

Regulasie 20 (a) (ix) lui: *Enige vlakvark-, bosvark- of wildevarkkarkas, -vleis, -vel, -trofee of enige ander produk van vlakvark-, bosvark- of wildevarkoorsprong (mag nie) na, oor, of vanaf grond in die provinsies Limpopo, Gauteng, Mpumalanga, Noordwes of KZN verwyder word of beweeg nie.*

SA JAGTERS SE AANLYN PERMITSTELSEL

Ná 'n lang onderhandelingsproses met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie se Direktoraat Diergesondheid het SA Jagters reeds in 2018 daarin geslaag om as bedryfsorganisasie erken te word wat sy lede kan magtig om permitte uit te reik vir die vervoer van wildevarkvleis (bosvark en vlakvark). Hierdie vergunning is dan ook gekoppel aan sekere vereistes.

Vereistes gestel deur Direktoraat Diergesondheid

1. Jy moet 'n opbetaalde lid van SA Jagters wees.
2. Jy moet die eienaar of bestuurder van die plaas of plase wees waarop jy varke wil laat jag.
3. Jy moet die plaas of plase registreer as eiendom waar

- varke gejaag sal word, asook waarvoor permitte uitgereik word om die vleis te vervoer onderhewig aan die vereistes wat deur die Direkoraat Dieregesondheid gestel word.
- Om die permitte elektronies uit te reik moet jy toegang tot die internet en SA Jagters se lede-administrasiesetel hê. Jy moet ook oor 'n rekenaar en drukker beskik.
 - Jy moet die vereistes wat deur die Direkoraat Dieregesondheid gestel word, skriftelik aanvaar.

Die elektroniese uitreik van vervoerpermitte vir wildevarkevleis of -karkasse:

Hierdie fasiliteit is gratis beskikbaar aan enige opbetaalde lid van SA Jagters. Die lid moet ook 'n grondeienaar wees wat sy plaas/plase wil registreer met die doel om permitte te mag uitreik vir die vervoer van wildevarkevleis of -karkasse volgens die Wet op Diere-siektes (Wet No 35 van 1984).

Om jou plaas te registreer vir magtiging verg slegs twee stappe:

Stap 1: Voorsien die nodige inligting om jou plaas te lys.

Stap 2: Stuur die getekende magtigingsvorm terug na SA Jagters se hoofkantoor.

Uitreik van 'n permit aan 'n vervoerder/jagter van wildevarkevleis:

- Nadat jou plaas geregistreer is, volg dieselfde stappe om by SA Jagters se lede-administrasiesetel uit te kom.
- Klik op die *Issue Permits*-opsie.
- Klik op die betrokke plaas (as jy slegs een plaas geregistreer het, sal dit outomaties gekies word).
- Klik op die *New Permit*-opsie.
- Die stelsel sal jou na die volgende venster neem.
- Sleutel die vervoerder/jagter se inligting in wat teenwoordig moet wees wanneer die permit geskep word. Indien hy of sy 'n SA Jagters-lid is, kan die stelsel sy persoonlike inligting verskaf deur bloot sy lidnommer en wagwoord in die toepaslike ruimte in te sleutel en dan op die *Retrieve Person-*

al Info-skakel te klik. Indien hy nie 'n lid is nie moet al die inligting self ingesleutel word.

- Selekteer die spesie wat se karkas of vleis (vlakvarke/bosvarke) dit is en tik die bestemming van die vleis in. Begin by provinsie en dan sal die distrik-, munisipale gebied- en staatsveeartsopsies outomaties verskaf word. Kies slegs een opsie.
- Die grondeienaar en vervoerder/jagter moet die vereiste verklaring elektronies onderteken deur die aangewese blokkies te merk voor dit uitgereik mag word. Indien jy enigeen van die twee blokkies nie merk nie sal die stelsel nie die permit druk nie. Dit is 'n vereiste van die Departement van Landbou.
- Klik op die *Issue Permit*-skakel om die permit uit te reik.
- Wanneer die permit uitgereik is, sal die stelsel 'n permitnommer elektronies toeken.
- Druk dan twee kopieë van die uitgereikte permit.
- Die plaaseienaar of bestuurder en die vervoerder/jagter moet beide kopieë van die permit teken.
- Die vervoerder kry een getekende permit om saam te neem wat hom of haar magtig om die vleis te vervoer.
- Die grondeienaar moet een getekende permit vir minstens vyf jaar veilig bewaar (soos vereis deur die Departement van Landbou.)

SA Jagters het verlede jaar net meer as 800 varkevleisvervoerpermitte uitgereik. As jy in ag neem dat die begin van die jagseisoen nie tradisioneel kon plaasvind nie weens die inperkingstyd is dit 'n besonderse diens wat aan ons lede gelever word. Daar is tans dan ook bykans 500 plase op die sisteem geregistreer.

** Persone wat belangstel om hul plaas te registreer en meer inligting benodig, kan op SA Jagters se webwerf www.sahunters.co.za gaan kyk. Dit is beskikbaar onder die Jagsake-opskrif by die varkevleisvervoerpermit-hofie of kontak Boetie Kirchner by boetiek@sahunt.co.za*

PROVINSIE/TAK	SENTRALE DORP	VOORSITTER	NOMMER
GAUTENG-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Isak Burger	082-454-7978
Baviaanspoort (Pretoria-Noord)		Hansie Lerm	082-652-2396
Brits		Hansie Helberg	082-826-2038
Centurion (Centurion)		Fanie van Wyngaard	083-646-3324
Pretoria-Oos (Pretoria-Oos)		Dieter Labuschagne	082-654-3280
GAUTENG-SUIDOOS			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Jakes vd Merwe	082-494-8596
Edenvale		Richard Ford	082-415-3840
Eland (Alberton)		Stephan Lindeque	082-873-9289
Impala (Bredell)		Anita Stegmann	082-498-6708
Oos-Rand (Kempton Park)		Pieter Claassens	083-289-8543
Springbok (Brakpan)		Pieter de Beer	083-627-5749
GAUTENG-SUIDWES			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Cassie Carstens	083-453-3312
Tembo (Jhb-Noord)		Rodney Butle	082-827-8650
Transvaal (Randfontein)		Ria Zeelie	083-390-8465
Wes-Rand		André Botha	083-463-3620
KWAZULU-NATAL			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Barry Look	083-289-7811
Iphithi (Durban)		Danie J van Rensburg	083-376-1936
Mpungini (Dundee)		Schalk Meintjes	082-923-8212
Oribi (Margate)		MD Bester	082-856-4970
Umfolozu (Richardsbaai)		Pieter Britz	082-413-7881
LIMPOPO			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Izak Haasbroek	082-878-7351
Hardekool (Musina)		Izak Haasbroek	082-878-7351
Mopani (Phalaborwa)		Otto van der Star	082-568-1474
Soetdoring (Mokopane)		Danie Grobler	073-689-6249
Thabazimbi		Gert Oosthuizen	082-853-2054
Waterberg (Ellisras)		Herman de Lange	082-772-5008
MPUMALANGA-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Gert Opperman	082-870-4989
Bosbok (Steelpoort)		JB Willers	082-820-1748
Loskop (Marble Hall)		André Ruhling	082-373-4390
Ngwenya (Nelspruit)		Jan Sutherland	082-906-7959
Olifants (Middelburg)		Johnny Pretorius	083-654-9993
Platorand (Belfast)		Kobus Davel	083-625-6806
Rietbok (Breyten)		Charles Robberts	082-441-7723
Sebra (Witbank)		Gert van der Merwe	082-802-9616
MPUMALANGA-SUID			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Pierre Meyer	083-306-5686
Bethal		Willie Oosthuizen	082-493-6689
Duiker (Balfour)		Gerhard Harmse	084-206-4452
Edelvalk (Standerton)		JC Schoeman	060-622-2333
Heidelberg		Zet Robberts	082-320-6631
Houtkapper (Secunda)		Hendrik Byleveld	082-045-6437
Majuba (Volksrust)		Wessel Oosthuizen	082-454-7435
Suikerbosrand (Meyerton)		Pierre Meyer	083-306-5686
Wilgerivier (Frankfort)		Danie Pieterse	082-974-9382
NOORD-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Bertie Theron	082-825-0439
Doornberg (Prieska)		Bertie Theron	082-825-0439
Gamagara (Kathu)		Lappies Lamprecht	083-769-3025
Griekwaland-Wes (Kimberley)		Jors Humpel	082-787-9240
Karoo (Victoria-Wes)		Johan Jooste	071-333-3773
Kgalagadi (Upington)		Bertus Burger	072-786-8649
Steenbok (Lime Acres)		Schalk Victor	082-885-8277
NOORDWES			
KALAHARI BOSVELD:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Jors Swanepoel	083-643-2591
Genl de la Rey (Lichtenburg)		Jors Swanepoel	083-643-2591
Kameeldoring (Mafikeng)		Rudolf van der Walt	083-300-2937
Koedoe (Zeerust)		Nico J van Rensburg	082-388-0908
Makwepa (Setlagole)		Pieter de Bruyn	083-320-6655
Marico Bosveld (Rustenburg)		Ferdie Neumeyer	082-651-6393
STELLALAND:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Flip Fouche	082-570-6322
Diamant (Wolmaransstad)		Johannes Lubbe	083-769-9972
Hartsvier (Delareyville)		Marius de Kock	082-947-0773
Schweizer (Schweizer-Reneke)		Flip Fouche	082-570-6322
Sterland (Vryburg)		Vin Marcantony	082-776-3443
Vaalharts (Jan Kempdorp)		Cliff Oosthuizen	074-891-2503
VAALRIVIER:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		André Olivier	082-568-1508
Frontier (Stilfontein)		André Wepener	083-462-2294
Hartbees (Potchefstroom)		Johan van der Walt	082-571-6414
Vaaldriehoek (Vereeniging)		Jan de Man	082-784-2350
Witrenoster (Klerksdorp)		Duane Heymans	071-895-0520
OOS-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Mornay Eyre	081-562-3258
Gamtoos (Patensie)		Gustav Bell	082-462-0755
Grysbok (Jeffreysbaai)		André Botha	084-567-8989
Kamdeboo (Graaff-Reinet)		Johan Dorfling	082-847-6615
Koukamma (Kareedouw)		Nico Herselman	073-861-8019
Kwagga (Port Elizabeth)		Ockert Barnard	082-906-9253
Tuinroete (George)		Gerhan Archer	082-567-6941
DRAKENSBERG:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Org Hamman	082-867-6566
Lammergeier (Aliwal-Noord)		Pierre Bosch	071-497-1598
Renosterberg (Middelburg – Kaap)		Werner Potgieter	082-575-4762
Stormberg (Queenstown)		Andre Botha	083-491-1999
VRYSTAAT			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Kobus Maree	082-924-5565
Bloemfontein		Pieter du Preez	079-528-9217
Bloukrans (Vanderkloof)		Rikus Stander	082-775-5480
Bothaville		Christo Roux	082-926-4366
Cheetah (Hertzogville)		Johan van Rensburg	082-374-7898
Olieenhout (Parys)		Jan Lubbe	082-421-1122
Riemland (Bethlehem)		Kobus Maree	082-924-5565
Sandrivier-58 (Welkom)		Stephan Potgieter	083-357-0847
Valschrievier (Kroonstad)		Jaap Erasmus	084-448-1578
Vrystaat Sandveld (Soutpan)		Ben van der Merwe	084-613-2316
WES-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Justus Harms	082-497-4230
Bergvriem (Piketberg)		Dave Ferguson	083-306-2572
Maskam (Vanrhynsdorp)		Willem van Niekerk	083-633-2992
Namakwa (Springbok)		Carel Oberholzer	082-805-0181
Overberg (Caledon)		Danie de Waal	083-626-5538
Swartland (Malmesbury)		Wynand Lotter	082-929-8658
Tafelberg (Bellville)		Wessel Symington	082-351-9991
Weskus (Vredenburg)		Jacques Smit	082-517-9377

BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org

WENFOTO



EDDIE MCDONALD, MUSINA, LIMPOPO. Rooibok, .303, 110 meter.



WENPRYS

GEBORG DEUR:

Stevenson Hamilton

Die wenner van hierdie maand se *Bokspog*, Herman Matthee, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste, www.stevensonhamilton.co.za ter waarde van R800.

Baie geluk, Eddie! Om jou prys te eis stuur 'n e-pos aan: admin@promark.co.za



REGARDT EN JOHAN STRYDOM (PA), MUSINA, LIMPOPO. Gemsbok, 6,5x57.



JAMES YOUNG, THABAZIMBI, LIMPOPO. Rooibokram, Musgrave .30-06, 165 grein Norma, 140 meter.



LOUWTJIE VORSTER, VERGELEË, NOORDWES. Elandbul, .308, 165 grein InterLock, 100 meter.




STEYN JANSEN VAN RENSBURG, SNYMANSHOF, VRYSTAAT. Swartwildebees, Ruger .338, 225 grein Remington, 80 meter.



CORNELIUS CLASEN, WATERFORD-DISTRIK, OOS-KAAP. Vlakvark-beer, Brno .30-06 Springfield, 168 grein Nosler Ballistic Tip, 30 meter.



DE WET DORFLING, ADDO, OOS-KAAP. Rooibok, 180 meter.



ROEDIE DU PLESSIS, LEPHALALE, LIMPOPO. Rooibok, .303, 180 grein Sierra ProHunter, 30 meter.



HERMAN MATTHEE, FICKSBURG, VRYSTAAT. Rooihartbeesbul, Howa .270.



ETIENNE LATHLEIFF, CRADOCK, OOS-KAAP. Springbok, Winchester .22-250, 250 meter.



LENA LA GRANGE, DEVON, GAUTENG. Blesbokram, Tikka T3 Hunter .308, 155 grein Berger, 180 meter.

DIE JAGTER EN SY VOERTUIG

Deur jou jagvoertuig reg te bestuur kan jy verhoed dat 'n nare ongeluk jou jag bederf.

Ongeag hoe voertuie tegnologies verander het, veral viertrekvoertuie, het die oppervlakke waarop ons as jagters ry nog geensins verander nie. Dit is dieselfde paaie wat ons oupas jare gelede tydens hul jagtogte gebruik het. Oppervlakke verskil – van sanderige paaie in die Kalahari tot die glibberige modderpaaie van die Laeveld en klippe wat bande stukkend steek in die Bo-Karoo. Daarom bly die basiese bestuurstechnieke wat ons altyd moet toepas dieselfde, ongeag watter fabrikaat voertuig jy ry.

By die Noord Kaapse Beroejsjag Skool word studente geleer om waaksaam op die pad te wees en in hierdie reeks artikels deel ek daardie beginsels en tegnieke met die lesers van SA JAGTER/HUNTER.

HOU BY DIE BASIESE BEGINSELS

Ons is destyds in die weermag die basiese tegnieke van verdedigende bestuur (*defensive driving*) geleer om te verhoed dat ons

'n ongeluk maak. Die korporaal het altyd gesê: “'n Ongeluk is iets wat 'n troep nege maande ná pas kry.”

Maar ongelukke gebeur en

op grondpaaie is hoë spoed gewoonlik die rede daarvoor. Daarom het ons 'n vaste reël by die skool dat 60 km/h die maksimum spoed is waarteen daar op



LINKS BO: Gebruik die hoëbestek-4x4-stelling vir beter traksie. **REGS BO:** Sentrale ewenaarslot word ingeskakel as jy die traksie eweredig na die wiele wil versprei. **ONDER:** 'n Jagbakkie op 'n grondpad naby Colesberg.



'n grondpad gery mag word.

'n Grondpad is die onvoorspelbaarste padoppervlak om op te bestuur, ongeag watter voertuig jy ry, daarom is dit belangrik om spoed te verminder wanneer jy 'n grondpad nader.

'n Pad wat pas geskraap of nat is, is gewoonlik vol los gruis of modder, dus moet jy verwag dat die voertuig moontlik kan gly as jy om 'n draai gaan. Hoe laer die spoed, hoe minder is die kans dat die voertuig gaan gly. Die beste tegniek is om drasties spoed te verminder voordat jy deur 'n draai beweeg.

Indien die voertuig wat jy bestuur 'n vierwieltrekvoertuig is, stop en skakel oor na die hoëbestek-4x4-stelling vir beter traksie. Dit maak 'n groot verskil. Dink maar net hoe vierwieltrek die renjaer, Sarel van der Merwe, se lewe verander het toe hy in die 1980's na 'n vierwieltrekrenvoertuig oorgeskakel het – praat van 'n *unfair advantage!* Jy het mos baie vir dié opsionele ekstra betaal, gebruik dit dus.

Indien die voertuig met vryloopnawe (*freewheel hubs*) toegerus is, onthou om dit te sluit. Sommige voertuie het permanente vierwielaandrywing, maar span steeds die sentrale ewenaarslot in, want dit verseker dat die traksie eweredig na al die wiele versprei.

Ek het dit op die harde manier geleer op die Guernsey-pad naby Hoedspruit. Kort verby Waterbuck Lodge het ek op 'n seepgladde "glipblad" beland wat tien keer erger is as die een by Gerotek, wes van Pretoria. Nodeloos om te sê, die voertuig het binne 'n paar sekondes begin gly en nadat ek drie keer getol het, het ek in die rigting waar ek vandaan gekom het, gekyk... gelukkig nog op die pad! Ek het die sentrale ewenaarslot aangesit, omgedraai en baie stadiger verder gery, vrot van die adrenalien.

EN AS JY GLY?

Dit bring my dan by die vraag, wat moet jy doen wanneer die

voertuig gly? Kom ons kyk eers na die tipes glye wat jy kry. Daar is hoofsaaklik twee soorte: die primêre gly en die sekondêre gly.

'n Primêre gly kan reggestel word deur kontrabestuurtegnieke toe te pas. Dit beteken om in die teenoorgestelde rigting van die gly te stuur, jou voet van die versneller af te haal en NIE die rem te trap nie. Beheer die voertuig deur te stuur tot jy dit weer onder beheer het.

'n Primêre gly gebeur ook baie maklik wanneer jy op 'n sinkplaatpad ry en die agterkant van die voertuig swaai weg as jy om 'n draai gaan. Wanneer dit gebeur terwyl die voertuig in vierwieltrek is, gebruik jou versneller sodat die voorwiele die voertuig in lyn kan trek. 'n Fout wat baie eienaars van voertuie met permanente vierwieltrek maak, is om alles te los en dit kan katastrofiese gevolge hê.

'n Sekondêre gly is 'n onbeheerde gly soos wat ek op die Guernsey-pad beleef het. Die voertuig begin rondom sy eie swaartepunt te tol en jy het geen beheer daaroor nie. Haal jou voet van die versneller af en hou aan die stuurwiel vas. Moet nie aan die kontroles raak nie en wag dan totdat die voertuig tot stilstand kom.

AS 'N BAND BARS

Uit ervaring weet ons dat baie ongelukke gebeur wanneer een van die bande bars en soos in die geval van 'n gly, hang dit baie af van watter band bars en die oppervlak waarop jy ry.

Indien 'n agterband bars, is die effek op die voertuig nie so groot soos wat dit sal wees as wanneer 'n voorband bars nie. Sodra die band bars, haal jou voet van die versneller af en beheer die voertuig met die stuurwiel totdat jy tot stilstand kom. Moet nie rem trap wanneer die band bars nie. Sou jy dit doen, gaan die voertuig in die rigting van die gebarste band neig en kan jy maklik van die pad af gaan en beheer verloor.



BO: So lyk die stelling as die vryloopnawe (*freewheel hubs*) los is.

ONDER: 'n Voertuig met vryloopnawe gesluit.



Bars die band op los 'n oppervlak terwyl jy om 'n draai gaan, kan dit ook veroorsaak dat die voertuig gly. Wees dus gereed om soos tydens 'n primêre gly verdedigend op te tree.

Wanneer 'n voorband bars is die effek traumaties. Die voertuig sal baie sterk in die rigting van die gebarste band trek. Dit is belangrik om ten alle tye albei hande op die stuurwiel te hou sodat daar maksimum beheer behou kan word. Stuur teen die rigting waarheen die voertuig trek, los die versneller en moet nie die rem trap nie. Beheer die voertuig met die stuurwiel en wag tot hy bykans stilstaan voordat jy rem trap.

Ons het die ongelukkige ervaring gehad waar een van ons jagvoertuie juis in so 'n ongeluk betrokke was. Die studente het die oggend uitgegaan om kliënte

vir 'n jag te ontmoet en net voor 'n draai in die pad het die linker-voorband gebars. Die pad was baie onlangs geskraap en dus was daar los gruis op die oppervlak. Die voertuig het begin gly, 'n klip getref en die voorste suspensie beskadig. Dit het veroorsaak dat die voorwiel vassteek, met die gevolg dat die voertuig gat oor kop geslaan het.

Gelukkig het die student wat bestuur het, nie gejaag nie, maar die 80 km/h waarteen hy gery het, was steeds te vinnig om dié onvoorsiene situasie te verhoed. Hulle het met geringe beserings weggestap, waaroor ons baie dankbaar is, maar dit kon soveel erger gewees het.

'n Bakkie wat rol of skade kry kan skielik jou jag bederf of ander nare gevolge hê. Ry dus versigtig, kom veilig by jou jagbestemming aan en geniet die jag! 🏹

BOSVELDOMHELSING

Soos 'n dief in die nag het Covid-19 ons in 2020 van 'n jagseisoen beroof! Ek is seker baie jagters het ver teruggestap op gister se jagspore en herinneringe opgeroep om die skadudans van onrus te stop. Só het ek dan onthou van 'n rooibokjag op my gunsteling-jagplaas, Ratelpan. Hier is my storie...



BO: Die gemaklike kamp op Ratelpan waar jagters wat op hierdie plaas jag, tuisgaan.

HOOFFOTO: Die Bosveld gaan oor meer as net diere. Die bome en plantegroei wat in dié streek aangetref word, is uniek en gee 'n spesiale karakter aan die boswêreld.



Gerhard by sy trofee-rooibokram ná afloop van die jag.

Die vroeë winterson het die rante van die Magaliesberge liggies gestreel, toe ek daar duskant Hartbeespoort my 4x4 se neus in 'n noordelike rigting draai. Brits het neffens voor my gelê, dan is dit verby Koedoeskop, Thabazimbi, links na Makoppa, en regs na Rooibokkraal!

Toe ek drie ure later die groot hekke van Ratelpan oopdruk, voel ek die opgewondenheid in my hart. 'n Paar vlakkies aan die kant van die grondpad het my uitgelate gegroet, sterte uitgestrek in die lug. Ek het baie stadig die laaste paar honderd treë na die plaashuis gery en twee koedoekoeie afgeneem wat mooi poseer het vir 'n foto.

Nadat ek almal gegroet het en my pakkasie lêplek gekry het, was dit tyd om my skietgoed na te gaan. Die plan was om twee rooibokramme te jag en daarvoor het ek my Sako .30-06 met Sierra se 200 grein GameKing-koeëls gelaai met 48 grein S365 teen 2 428 vps. Hier-

die swaarder koeëls het voorheen al bewys dat hulle 'n rooibok se handbriek lekker kan vasdraai. Ondervinding het ook geleer dat konvensionele koeëls teen hierdie lae spoed minder op impak fragmenteer en 'n goeie wondkanaal veroorsaak.

Ek het ook 'n paar 200 grein Rhino-koeëls gelaai, net ingeval

skoot en kan jy jou .308, 7x57 of .30-06 met lekker swaar koeëls inspan. Hierdie swaarder en stadiger maatjies penetreer goed en mors heelwat minder vleis as die ligte en vinnige atlete.

Die meeste jagters wat ek ken, doen hul teleskoopverstelling sodat skootplasing twee duim hoog op 100 meter is. Dis nou ingeval hulle na 'n bok

Skielik gebeur die dinge. Die maltrap van 'n rooibokram wat uitgelate rinkink het 'n ent voor my opgedoem!

ek daardie bruin kuifkop-elandbul sou raakloop. Proefnemings wat ek op die skietbaan gedoen het, het getoon dat beide die Rhino- en Sierra-koeëls met dieselfde ladings bykans enersse akkurate groeperings deur my Sako lewer.

Oor die algemeen is 150 meter in die bosveld 'n lang

moet skiet wat verder as 100 meter staan. My ervaring het egter geleer dat ek in die bosveld baie selde na bokke verder as 80 meter skiet. Derhalwe verkies ek om my teleskoopinstelling te rig op 100 meter. Sou ek egter wel 'n skietgeleentheid kry na 'n bok wat verder as 100 meter staan, verstel ek net my

Schmidt & Bender twee klikke op, en korrel ek presies op die skietpunt wat ek op die skietbaan ingeef het.

DIE AAND VANTEVORE

Daardie aand is ek by my kampvuur en word my vleisies met groot sorg oor die kameeldoringkole uitgepak. Ek het gedink aan hoe ons Voorste Mense die geskiedenis deur die Bosveld ingetrap het, maar kort-kort het my gedagtes gedwaal na die rooibokramme wat ek vroeër die aand 'n entjie anderkant die lapa hoor snork het.

Dit was vroeg in Mei en die ramme was vasgevang in brons tyd. Hierdie tyd van die jagseisoen kan baie opwindend wees, want die ramme verloor soms in hul speelsheid konsentrasie en dit is dus vir 'n jagter heelwat makliker om nader aan sy prooi te kom. En ons weet mos, as die bokke waaksaamheid verloor beteken dit jaggeluk en vleis vir die pot!

Met slaaptid lê ek onder 'n ligte kombers en wonder hoe my jag gaan verloop. Toe 'n jakkals veraf na sy wyfie roep, draai ek om en raak rustig aan die slaap.

Die oggend was nog besig om wakker te word toe Simon en ek, geweer oor die skouer, koersvat na 'n gedeelte van die plaas waar die groot rooibokramme vermoedelik sou wei. Simon is 'n voorslag-spoorsnyer en ek was baie ingenome om weer saam met hom skoenleer af te trap.

Nou moet ek hier erken dat die jagbroeke wat ek tien jaar gelede gedra het nie meer pas nie, en die jare sit om my oë, maar ek hoor nog die roepstem van die jagavontuur baie sterk en derhalwe verkies ek om te stapjag.

'n Rukkie later was ons teenwoordigheid onheilspellend vir 'n groot trop rooibokke en moes ek aanskou hoe die wildsbokke paranoïes rondtrippel en toe spoedig van rigting verander. »



'n Troppie koedoekoeie poseer vir die kamera.

» Ek het nie verwag om die bokke so gou te raak te loop nie en ons het onwetend hul terrein betree. Alles het so vinnig gebeur dat ek ook nie kon sien of daar 'n ram in die trop was nie. Die uitdaging van spoorsny het vir ons gewink en die jag kon begin.

OP DIE SPORE

Ons het aanvanklik duidelike spore gekry en die wind was in ons guns om met berekende reëlmaat langs die trap van die bokke te agtervolg. Hierdie metode van spoorsny is egter baie tydsam en die bosagtige terrein het ons genoop om telkens die spoor te verlaat en met 'n wye draai te agtervolg om die wind weer van voor te kry.

Toe ons heelwat later nie weer die bokke se spore kon kry nie, het ons 'n meer spekulatiewe metode van spoorsny onderneem en uitgekyk vir die mees waarskynlike vlugroete wat die bokke kon volg. Rooibokke is baie territoriaal en sal meestal in dieselfde omgewing wei, en as hulle op vlug slaan is dit gewoonlik in 'n groot sirkel binne daardie gebied.

Terwyl ons teen die wind inhou en met 'n wye draai al om en tussendeur die vaalbosse begin stap, dwaal my gedagtes met verwondering na die pragtige omgewing waarin ek myself bevind het.

JAG OP RATELPAN

Ek is 'n buitemens wat lief ge-

word het vir die vars lug en die aroma van Ratelpan se bos. Ek was bevoorreg dat my goeie vriend, Johan, my weer die geleentheid gegun het om hier op sy pragplaas te kom jag.

Op hierdie plaas word jy nie begroet met 'n *grand* vista van berge en rante nie. Sekere gedeeltes is baie ruig bebos, terwyl daar ook oop dele vir langer skote is. Saam gekombineer gee dit die jagter 'n terrein wat 'n verskeidenheid uitdagings en avontuur bied.

Baie mense dink dan meestal ook net aan die ryk dierelewe as daar van die Bosveld gepraat word, en hulle vergeet dat die streeknaam eintlik afkomstig is van die struktuur van die bos en boomveld. Ek dink nou byvoor-

beeld aan die alomteenwoordige geelhaak en soetdoring, die sierlikheid van die kameeldoring, die mal groei van die sekelbos, die vaalbos se takharnas en opvallende blougrys boskasies van die kanferbos, en natuurlik doringbosse wat met hul slap-hangende doringtakke enige jagter stekelrig sal omarm en in sy trap stuit.

Terwyl ons stadig om die bosse beweeg, dink ek toe ook aan die "grootpiete" wat beweer dat alle jag op 'n logiese wyse uitspeel en dat elke jag die voortsetting van 'n vorige jag is. Dit mag dalk waar wees, dink ek, maar my vorige jagavonture het my laat besef dat Ratelpan se bosse uniek is. Elke jag hier beskik oor sy eie karakter wat gekenmerk

word aan onpeilbare vlakke van geluk en kanse. Hierdie bosveld kom van allerlei kante na jou toe; wat jy sien en wat jy nog moet vind, geleenthede wat jy kry en wat jou ontwyk, geluk en uitdaging, hard maar lekker – jy voel vry maar hierdie jagveld omarm jou en hou jou tog ook liefdevol gevangene.

AKSIE!

Skielik gebeur die dinge. Die maltrap van 'n rooibokram wat uitgelate rinkink het 'n ent voor my opgedoem! Ons het platgeval, en asof vasgeklem teen die sandveld, het ons vir 'n hele ruk doodstil gelê. Die veeragtige gerwe van die boesmangras het daarop gedui dat die wind steeds in ons guns was en ons kon net die knieknik van verskeie wildsbokke aan die ander kant van die bos waarneem.

Na links was 'n digte bos belaa met die hindernis van die

stekelrige blinkblaar-wag-'n-bietjie se vashaak, vassteek, en vashou. Na regs was dit heelwat meer oop maar 'n paar rooihart-beeste wat daar wei, het ons aantog bemoeilik.

Ek wou ook nie met die gevolge van teleurstelling flankeer nie en ons besluit om vir eers te bly lê en die uitdaging van geduld aan te pak.

Ná 'n rukkie het ons baie stadig en versigtig om ons rondgekyk om te sien of daar nie ook ander ramme is nie. Toe hoor ons 'n gesnork en sien hoe nog 'n ram skielik sy opwagting maak. Die twee ramme het hul nekke kromgetrek en mekaar bestorm. Dit het my en Simon kans gegee om ongesiens nog 'n bietjie nader te sluip. Albei bokke was diknekramme, en dit was moeilik om dadelik en presies te kon bepaal watter ram die beste horings het.

Teen dié tyd was die rooihart-

beeste buite sig en kon ek in die knielhouding met die geweer teen my skouer deur my teleskoop die ram met die beste horings uitsoek. Die bok het in 'n ander rigting gekyk en was vir 'n oomblik vasgevang in die afwesigheid van konsentrasie. Ek het die slot versigtig gewerk om 'n patroon in die kamer te kry, die sweet wat by my oë inloop afgevee, en die .30-06 laat praat. Die bok het skaars 10 tree verder in sy spore geval.

Die ander rooibokke het met 'n reeks polsende spronge na 'n wegkomkans gegryp. Ek het weereens besef dat waaksaamheid deurslaggewend is as wilde diere in die bosveld wil oorleef, en dat wakkerheid en geduld by die jagter met jaggeluk beloon sal word. In my geval was dit meer jaggeluk, want my gedagtes het baie gedwaal terwyl ons die bokke agtervolg het.

Terug by die plaashuis het

baie hande met slagwerk begin waarna kuipwerk met kundigheid voorberei is vir die tak-sidermis. Met die koeël wat herwin is in my binnesak en my vleisies in die koelkamer, het ek ingenome na die groot en gerieflike lapa gestap vir 'n lafenis. Later die aand by die kampvuur besef ek my gedagtes was steeds vasgevang deur die vreemde tale van die Bosveld.

Nou, etlike jare later, draai ek my gesig na die son, ek sluit my oë en ruik nog die bosveldgeur. Ek voel die bosveldomhelsing wat die dans van skadurwees in my gemoed dadelik stopgesit het.

Feast and famine, drought and rain

Endless pleasure, eternal pain

Like a moth to the flame,

The bushveld calls

No, it shouts my name!

– Rege Podroza



WWW.ISOWALL.CO.ZA

BENEFITS



Reduced food wastage



Economies of scale purchasing in bulk



Risk mitigation on just in time deliveries of perishable goods



Additional storage

AVAILABLE IN VARIOUS STANDARD SIZES

EASY TO ASSEMBLE

VARIOUS CUSTOMISATION OPTIONS

Based on the needs of our customers and the industry, the Isowall Coldkit and Freezerkit offer practical solutions for cold chain and cold storage and are designed for maximum versatility.

The Isowall Coldkit and Freezerkit are made from the highest quality, durable materials, namely our signature insulated Polystyrene Isopanel® which has been used in the cold storage industry for **over 45 years**.

The Isowall Coldkit and Freezerkit are the ideal solution for all your cold chain and cold storage needs.

PRACTICALITY

The Isowall kits can be assembled and disassembled quickly and easily. Their solid construction, which uses our patented tongue and groove joint, makes this possible. The optional cooling unit is designed as a plug-and-play solution.

STANDARD SIZES

Customisable to your needs, different standard designs are available. The Isowall Coldkit and Freezerkit are adaptable to your business – the exterior and interior finishes and internal layout can be made as per customer requirements.

The Coldkit maintains temperatures of between 2 to 5 °C while the Freezerkit maintains a temperature of – 20 °C.

All Freezer kits are configured with doorframe heating and a pressure release valve.

An installation guide is available upon purchase of a unit.

All data conforms to current best practice and is for guidance only. For specific conditions of use, refer to our Technical Department. Isowall Southern Africa reserves the right to alter specifications without prior notice.

REQUIRED BUT NOT INCLUDED:

- Drill
- 5mm Drill Bit
- Pop Rivet Gun
- Caulking Gun/Silicon Gun
- Spirit Level
- Builder's Square and Chalk Line

COOLING UNITS ARE SUPPLIED WITH:

- Liquid Line Drier
- Integrated Vertical-Discharge Condenser (Microchannel)
- Accumulator
- Fully Wired Electrical Panel with System Controller
- Charged with Refrigerant and Ready to Install

Isowall Group

Providing sustainable value since 1973

+27 (0) 12 804 3564

+27 (0) 12 804 6395

info@isowall.co.za

Head Office

326 Derdepoort Road,

Silverton, Pretoria

CERTIFICATIONS

ISO9001 and ISO14001

VAN SUKSES TOT 'N LES

Daar kom 'n tyd in elke jagter se lewe dat hy 'n bok gaan kwes en harde lesse leer.



LEUPOLD
AMERICA'S OPTICS AUTHORITY®

Hans is een van die deelnemers aan ons Jong Skrywers-kompetisie wat vroeër vanjaar tot 'n einde geloop het. Hy is die gelukkige wenner van 'n Leupold-geskenkpak, geborg deur Formalito, Leupold se plaaslike agente. Geluk, Hans!

My loopbaan as jong jagter het baie goed begin en ek het dit amper te maklik gevind. Dit het my baie laat wonder hoe en hoekom ander mense bokke kwes. Is hulle te haastig, of kan hulle net nie kalm bly nie? Dié vroeë sukses het my gemaklik gemaak, maar soos elke jagter nou seker dink, was dit net 'n kwessie van tyd. Ek het vinnig my les geleer, veral die verskil tussen selfvertroue en selfvoldaanheid.

In 2014 was ek gelukkig genoeg om 'n jong elandbul op ons familieplaas net buite Lydenburg in Mpumalanga te jag. As deel van 'n uitdunningsproses moes vier elandbulle af – een vir elke vennoot. My pa het sy eland aan my gegee en ek het my eerste kans op 'n groot bok gehad. Ons was die naweek op die plaas en ná 'n lang dag se jag het ek 'n skoot op 'n bul gekry. Dit was nie verder as 120 meter nie en

ek het met my pa se Tikka .30-06, 'n geweer waarmee ek baie vertrouwd was, geskiet. Die skoot was reg van voor en ek het die kruishaar mooi op die eland se kuiltjie geplaas.

DIE SKOOT KLAP

Die skoot het goed geloop en ons het duidelik gehoor, en gesien, dit was raak... Ons het die hele Saterdagmiddag na die bok gesoek sonder enige sukses. Daar was geen teken van bloed of pens nie, nie eens 'n hoof wat effens sleep nie. Ons het die volgende oggend weer ure lank gesoek en op 'n stadium die trop gekry, maar die bul was nie daar nie.

'n Lang storie kort; die eland is 'n paar dae later deur my oom uit sy lyding verlos nadat hy die mank elandbul sien stap het. Die nuus het groot verligting gebring, maar ook teleurstelling. Ek sou baie makliker met 'n misskoot kon saamleef as om

die bok deur dae se lyding te sit.

Ek het weer oor die skoot nagedink en probeer uitvind wat ek dié keer anders gedoen het. Die resep vir 'n goeie skoot is tog so eenvoudig. Volg dit en jy sal jou bok plattrek, of hoe? Dit was 'n ervaring wat ek nooit weer wou herhaal nie en ek het myself belowe ek sal nie weer só 'n skoot van voor waag nie.

BOSVELD TOE

In 2015 is ons jaggroep na 'n plaas tussen Alldays en Musina. Dit is my gunstelingplek om te jag. Daar is darem niks so mooi soos die mopaniebosveld nie. Ek, my pa en my broer het met ons aankoms die week se strategie bespreek en bepaal wat ons wou skiet. Ons deel gewoonlik die vleis onder mekaar en dit verbeter ons kanse om alles te kry waarna ons soek.


Hierdie jaar wou ons 'n elandkoei, 'n koedoe of gemsbok, en

dan 'n paar rooibokke jag. Die rooibokke was al vroeg in die koelkamer en my broer het 'n mooi gemsbokkoei platgetrek. Toe die week amper om was, het die geleentheid om die elandkoei te skiet na my kant toe gekom en ek het geweet 'n mens kry nie elke dag so 'n tweede kans nie.

Ons het my broer en sy gemsbok laatoggend gaan oplaai. Met ons aankoms het die gids verduidelik dat hulle nie lank terug elande gewaar het nie. Hy stel toe voor dat ons sommer van daar af moet stap en kyk of ons die bokke kan opspoor. Dit was besig om dodelik warm te word en ek het ons kanse om 'n eland te kry, betwyfel.

Ná omtrent twee ure se stap, het ek gewonder of die gids regtig elande gesien het. Volgens my was die hitte van die dag die slegste tyd om te probeer jag en die hoeveelheid wild wat ons gesien het, het my opinie bevestig.

Die mooi mopaniebosveld van Limpopo.



Elandkoei. (Foto: Nic de Bruine)

Ek het begin dink ek het reeds my kans op 'n eland gehad en dit verbeur, maar soos die Engelman sou sê: *“Never despair.”*

Ons was al op pad in die rigting van die kamp met die son wat ons doodbrand, toe die gids, Jutas, my skielik stop. Sowat 600 meter weg was 'n blink vel sigbaar en hy het bevestig dat dit 'n trop elande is wat in 'n oopte wei. Omdat ons gelukkig was om die bokke te sien voordat hulle van ons geweet het, kon ons 'n goeie bekruipl beplan. My pessimisme het in 'n oogwink omgeskakel na 'n mengsel van opwinding en angs. Ek het besef dat ek hierdie kans moet gebruik om die vorige jaar se kwesskoot uit my gestel te kry.

NADER EN NADER

Ek en Jutas het goed saamgewerk om al hoe nader aan die elande te kom. Op 'n stadium kon ons rondkyk vir enige mooi koeie in die trop en daarna het die jag werklik begin. Ons is oomblikke later hande-viervoet die lang gras in en het toe by die opening gekom waar die bokke wei.

Ek het op my knieë gaan staan, 'n lekker dwarstak gekry waaroor ek kon skiet en die Ruger .338 Winchester Magnum

daarop neergelê. Die afstand was omtrent 120 meter en ons kon die trop mooi bekijk. Daar het 'n massiewe bul en 'n paar jong koeie het in die koelte gelê, maar nie een wat ek kon skiet nie. Die volgende oomblik het 'n mooi volwasse elandkoei vanuit die bos in die oopte gestap en al wat ek kon sê was, “Daardie een links?” Jutas het net geantwoord, “Ja, daardie een” en die skoot het geklap.

Ek kon duidelik sien hoe die koeël die bok se lyf tref. Die skoot was beter as my vorige skoot op 'n eland. Al wat teen my kon tel, was die feit dat die koei weg van my gestaan het. Ek het, soos ek geleer is, die skoot verder terug geplaas om op te maak vir die posisie waarin sy gestaan het.

'n Paar minute later stap ek en Jutas nader om te inspekteer en tot my verbasing kry ons geen teken van 'n doodskoot nie – nie bloed, hare, pensmis of sap nie, ook nie 'n slepenede spoor nie. Niks! Die herhaling van die kwesskoot het in my kop gemaak. Hier gaan ons alweer.

Die plaasbestuurder het 'n uur later saam met die ander twee gidse opgedaag en ons is tot lank na vyfuur agter die trop se spore aan op soek na enige

teken van 'n raakskoot. Ons het die trop so twee keer mooi gesien en die bokke deeglik deursoek, maar daar was geen teken van 'n kwesbok nie. Die eerste ding wat die gids gevra het, was of ek seker is dit was raak. Ek was dalk nie die wêreld se mees ervare jagter nie, maar ek was seker met alles in my dat ek die eland raakgeskiet het.

Elke moontlike situasie het later deur my kop afgespeel. Was ek te haastig? Het my behoefte tot sukses gelei tot blinde sekerheid? Ek het gevoel asof die elande my weereens gewys het hulle is beter as ek.

Die son het begin sak en ek het besluit ons moet die lang pad terugstap na waar ek die bok geskiet het. Dit was om seker te maak daar was regtig geen teken van 'n raakskoot nie. Ek was desperaat om aan myself te bewys dat ek tog 'n ware jagter is. Enige teken van optimisme sou my dag verander. Die son het reeds gesak toe ons by die oop stuk veld waar ek op die eland geskiet het, aankom. Teen hierdie tyd het ek aanvaar dat ek iewers 'n fout gemaak en my kans verbeur het.

Dit was egter toe dat Jutas iets sê wat soos musiek vir my ore was: “Daar lê sy.” Ek was toe al


so negatief dat ek dit nie kon glo nie, maar daar sien ek die eland met haar pote in die lug. Sy het binne 100 tree van waar sy gestaan het, gelê. My droom het waar geword en my trots was weer herstel.

GOEIE SKOOTPLASING

Die skoot was toe mooi 'n ent voor die agterbeen geplaas en ons het die koeël uit die teenoorgestelde blad herwin. Die Hornady InterBond het goeie werk verrig. Daar was geen teken van bloed nie. Tot almal se verbasing was my instink van die begin af korrek. Ek was geweldig verlig dat ons die eland gekry het en dat die skoot goed was.

Dié twee elandjagte het my meer van jag geleer as enige ander ervaring. Dis 'n goeie ding om selfvertroue te hê. 'n Tekort daaraan lei tot huiwering en dit eindig nooit goed nie. Maar as jagter moet jy ook versigtig wees om nie té gemaklik te raak dank sy vorige suksesse nie.

Jy moet jouself altyd herinner dat goeie oordeel en nederigheid die ware resep is vir 'n suksesvolle jag. As jy nie 100 % gemaklik is met die skoot nie, moet dit nie eens probeer nie. Jy sal een of ander tyd soos ek 'n dure les leer. 🎯



DIE BOSBOK (*TRAGELAPHUS SCRIPTUS*)



Die bosbok (*Tragelaphus scriptus*) is die kleinste lid van Afrika se spiraalhoring-, oftewel *Tragelaphus*-familie. Tot soveel as 29 subspesies van bosbokke is al regoor Afrika geïdentifiseer, en hulle kom in baie streke van ons land – van die Kaap tot in Limpopo – voor.

Bosbokke se natuurlike habitat is digte stroke bos naby 'n rivier of ander bron van water, en hulle dieet bestaan hoofsaaklik uit blare, alhoewel hulle ook vinnig 'n voorliefde vir aangeplante groente en vrugte ontwikkel as hulle in gebiede voorkom waar met dié tipe gewasse geboer word. Hulle is baie aktief in die nag en vroeg in die oggend.

Op baie plase en in natuurre-servate leef groepies bosbokke in die kamp saam met besoekers. Daar is bykans nie 'n ruskamp in die Nasionale Krugerwildtuin wat nie ook 'n familie of twee bosbokke huisves nie, en een van die redes wat vir hierdie gewoonte van die bosbok aangevoer word, is dat die kamp skuiling bied teen aanvalle van roofdiere soos luiperds.

Alhoewel die bosbok die kleinste lid van die *Tragelaphus*-familie is, is hulle bekend vir hulle kort humeur en menige jaghond of jagter het al sy rieme styfgeloop met 'n gekweste bosbokram wat sy man gestaan het. Daar is ook al gevalle opgeteken waar gekweste bosbokke mense doodgemaak het. So, hierdie kalantjie is dus beslis nie 'n bok wat sonder die spreekwoordelike handskoene aangepak moet word nie. 🍌

JOU GIDS TOT GROOTKALIBER-GEWERE

waar die romantiese en die praktiese ontmoet



- Ontmoet van die groot geeste van die grootkaliber-wêreld
- Pitkos vir beide die gesoute jagter en grootkaliber-entoesias
- Alles wat die beginner wil weet oor grootkalibers

Indien jy dit nie in die winkel kry nie, bestel só:



DIGITALE WEERGAWE

Gaan na:

<https://www.magzter.com/ZA/Media24/SA-Hunter-Jagter-Kolskoot/Fishing-&Hunting/ofzinio.com/za> [of pressreader.com/catalog/south-africa](https://pressreader.com/catalog/south-africa) [of pagesuite.com](https://pagesuite.com)



E-pos:

johan.terblanche@Media24.com



Tel:

021 406 4962

HUNTING DURING THE LOCKDOWN

Fate tends to intervene on the side of the deer, even during a pandemic.



The full-length view of the custom-made 7x57 used during the lockdown hunt. (PHOTOS: Robert Southey)

It's 2020 and South Africa was in the midst of a strict lockdown because of the Covid-19 pandemic. We, on Melsetter in the Karoo, were more fortunate than many urban dwellers as the terms of the lockdown confined us to our home – all 3 200 hectares of it! Much more preferable to being confined to a small apartment!

We were able to ride bicycles, walk, and exercise our dogs who ranged freely through the grass that were at knee height after the good rains that fell

between the beginning of December and the end of April – 302 mm in total. As always, however, there was a “but...”

The spectre of climate change loomed. The rain seemed to have cut off, and there was little prospect of any falling until next spring – which hadn't materialised over the past four years.

A TRIP ALONG THE BOUNDARY

On this day, I drove down the Macasserfontein Road, a gravel road which runs along our eastern boundary fence. The fence is ancient and its original sneezewood poles desperately needed repairing. I had two aims in mind, firstly, to assess what materials were required to repair the fence, and secondly to see whether I could hunt a fal-

low deer to provide much-needed rations to our small labour force: two men, their wives, and families, to whom Melsetter is also home.

As I drove along, I scanned the veld on my left for any sign of deer. There they were! A group of eight or ten, including what looked like a pretty good stag with reasonable antlers, the remainder being his harem – young and fertile does, ideal for the larder. Instinct took over and fence repair leapt onto the back seat. I gently sped up in an effort to look, for all the world and especially the deer, just like a passing vehicle going about its normal travels.

At that stage, I didn't have a plan, I just wanted to crest the small rise ahead of me so that

my vehicle would disappear from the deer's view. Over the rise I went, foot off the accelerator, and the vehicle rolled quietly to a halt. Just over the crest there is an old borrow pit. Our northern boundary fence between Melsetter and our neighbour runs along the edge of the borrow pit and then up the flank of Mount Melsetter.

A PLAN

My plan began to evolve. I fired up the motor, turned into the edge of the borrow pit and parked just off the Macasserfontein Road. I was out of view of any deer, provided that they had not been disturbed by my passing. About 30 metres in front of me was a corner, formed by our eastern boundary fence meeting

the fence along the edge of the borrow pit. As quietly as I could, taking my rifle, leather ammunition slide with eight 150-grain cartridges, binocs and range-finder with me, I set about stalking the deer.

SUITABLY ARMED

My rifle is a beauty. A 7x57, custom built on a Deutsche Waffen- und Munitions Fabriken action. It is stocked in handsomely grained Turkish walnut with an elegantly shaped cheekpiece, buffalo horn fore-end tip and pistol grip cap. But I digress! Back to the evolving plan.

There was no wind to speak of. I crept along the boundary fence on the Melsetter side and gradually dropped down to dead ground while keeping a wary eye to my left, but the deer were nowhere in sight. As I reached the bottom, about 15 metres ahead of me was a fence, which I knew divided the camp in which I had last seen the deer, from the neighbouring camp deeper into Mount Melsetter.

If I could only get to that fenceline and work my way along it to where it met the dense *Acacia karroo* bushline. I could use that cover to work my way around to emerge on the edge, more or less where I calculated the deer to be.

I strode purposely forward to



The stock is made from Turkish walnut and has an elegantly shaped cheekpiece.

the fenceline but then entered fickle fate! As I carefully worked my way along the fence, I suddenly caught sight of some movement. I froze in mid-stride, and slowly raising my binoculars, scanned the long grass on the fenceline. There it was again. As my eyes focused, an antler swam into view. Standing dead still, I continued to watch. A young stag with smallish antlers stepped fully into view, no more than 80 metres away. He was oblivious to my presence, grazing unconcerned alone.

Now my dilemma: Do I abandon my initial plan and take the young stag, risking the shot and startling the other group of deer? Fate was against the young stag as I decided to take the chance and shoot the young stag. Then I would continue with my initial plan. Who knows, with luck I might be able to take one of that careless stag's harem!

I carefully mounted my rifle over my trigger bipod and picked the young stag up in my scope. He came straight towards me, now at 70 metres, chest-on.

I flicked the safety off, squeezed the trigger, and heard the thump of the hit. He leapt into the air and dashed away, only to collapse and disappear in the long grass. Marking the dust, I walked up to him and touched his eye with the rifle barrel, but he was gone. The deer never knew what hit him.

I left him there and continued down the fenceline into the dense *Acacia karroo* bush. Slowly, I worked my way towards where I thought the deer might be. It was the flick of an ear that gave them away! Quietly, I set up my bipod, standing in the shadow of a large *Acacia karroo* thorn tree. The flies around me were terrible – in my eyes, around my nose. I watched the deer over the bipod, trying to select one of the does. But they were skittish and would not settle. Clearly, my first shot had unsettled them. Angrily, I waved the flies away. It was my white hand that caught a patch of sun through the branches that alerted the deer, and they dashed away. Fate had intervened yet again – on the side of the deer! ☹️



The rifle is made on a DWM M98 Mauser action, one of the best Mauser actions available.

STEVENSON-HAMILTON: TROTS SUID-AFRIKAANS SEDERT 1994

Klere wat ook in die hitte werk.



Stevenson-Hamilton se nuwe broek saam met die skeurvrye kortmouhemp is 'n wenkombinasie vir elke dag se dra en vir die bos, en natuurlik ook hulle kamoefleerdrag-keps.

Stevenson-Hamilton se unieke kamoefleerdrag is een van die eerste goed wat baie van ons in die tas pak voordat die koue begin en die lope warm geskiet word. Hierdie kamoefleerdrag is só gewild onder Suid-Afrikanners dat baie ander maatskappye die kamoefleerpatroon al probeer namaak het. As dit egter nie die Stevenson-Hamilton-handelsmerk dra nie, is dit beslis nie die ware jakob nie en ook nie van dieselfde gehalte nie.

Vir diegene wat nog nie weet nie, jy kan binne die kamoefleerpatroon nege verskillende ontwerpe sien wat deel uitmaak van die groter prentjie: 'n renoster, twee sebras, 'n olifant, 'n olifantoog, hiëna, kameelperd-

kolle, 'n voël in 'n boom, dier-spore by 'n dam en natuurlik doringbome. Om alles te sien is nogal 'n lekker uitdaging om die kampvuur – probeer dit gerus tydens jou volgende jagtog.

Soos die eienaar van die maatskappy, Thomas Bredenkamp, my vertel, is die grootste uitdaging met hul produkte dat 'n mens dit nie sommer deurdra en nuwes nodig het nie. Die maatskappy is ook baie bekend vir hulle groot reeks breëband-leer- en materiaalhoede.

DIE TOETS

Ons het onlangs die geleentheid gekry om van Stevenson-Hamilton se klere te toets en het besluit om hulle gewone “danskerk-en-werk”-klere bos toe te

Die kortmouhemp met die skeurvrye materiaal (*ripstop*) is baie gemaklik en het mooi gewerk in die warm Musina-bosveld.



vat. Aangesien die toets in middel Maart op 'n plaas net buite Musina in Limpopo was, wou ek natuurlik nie dankie sê vir enigiets wat my nog warmer kan laat kry, wat bykans enigiets sou wees. Gelukkig het Stevenson-Hamilton se hemde my behoorlik verbaas. Ek het in die warm Limpopo-son eers hulle kortmouhemp probeer en ja, soos 'n mens kan dink, het ek hom behoorlik natgesweet, maar dit het my nie gepla nie. Intendeel, ek het 'n paar ander fabriek se hemde ook daar gehad wat ná 'n klein bietjie stap in die veld so styf aan my lyf vasgekleef het dat dit 'n irritasie was. Die feit dat die hemp 100 % uit katoen gemaak is, maak 'n groot verskil. 'n Ventilatiesnit met 'n gaasvoegsel agter op die rug laat die lug deur en hou só jou lyf koel. Dit help ook dat die hemp vinnig droog word. Die skeurvrye materiaal (*ripstop*) sal ook verseker dat 'n doring nie noodwendig die

hemp skeur soos jy deur die veld beweeg nie. Die knopies op die hemp sit lekker naby aan mekaar, wat verdere gemak teweegbring.

Ek het een oggend 'n bietjie vroeër uitgegaan en besluit om die langmouhemp aan te trek. Ek is redelik langer as die normale mens en het nog nooit regtig 'n langmouhemp gehad waarvan die moue my reg pas nie... tot daardie oggend. Die langmouhemp het perfek gesit en ek kon gemaklik vroeg die oggend met hom uitgaan. Ek het ook geweet dat dit binnekort weer lekker warm sou word en dat ek dan net die moue kan oprol en aangaan met die jag.

Beide hemde is ook lekker lank in lengte, dus steek 'n mens dit net een keer in en jy hoef nie die hele dag lank stukke wat uit-trek weer in te steek nie.

Die twee sakke op die bors is net groot genoeg vir 'n klein jag-verkyker of selfoon en maak



Die middag op die skietbaan was die langmouhemp behoorlik natgesweet, maar dit het glad nie gepla nie en het sommer vinnig weer droog geword.



Die naat in die middel van die pype is uniek aan die broek, so ook die sakke wat goed vasmaak met 'n knoop.

lekker stewig met 'n knoop toe. Hulle het 'n materiaal-invoeging aan die kant, sowel as onder elke sak, wat beteken hulle strek lekker breed oop en dat wat ook al jy binne-in sit, jou nie sal pla terwyl jy stap nie.

Laaste op die lys van produkte was hulle splinternuwe langbroek wat een van die dae op

die rakke beskikbaar gaan wees. Reeds met die aanpas van die broek het hy lekker gemaklik gesit. Die materiaal is 50 % katoen en 50 % polikatoen, wat soortgelyk is aan die tipe materiaal wat die weermag gebruik. Met een sak agter op die boud en die twee *cargo pants*-tipe sakke op die bene is daar genoeg pak-

plek vir 'n oggend- of middagsessie in die veld. Hulle het ook hulle eie unieke aspek ingebring met 'n naat in die middel voor op die pype. Die broekspype is redelik breed, maar terselfder tyd ook nie so breed om steurend te wees nie. Dit het genoeg beweegruimte as jy tussen die bosse moet deurkruip.

Die Stevenson-Hamilton-kleure het my regtig beïndruk tydens

die jag en die twee hemde is nou heel bo aan my klerelys vir bykans enige geleentheid. Ek gaan beslis vir my nog aanskaf.

* Vir meer inligting oor die klere of om te hoor waar jou naaste handelaar is, kontak die vervaardiger, Promark, by 012-546-5035 of stuur 'n e-pos aan admin@promark.co.za. Besoek gerus ook hul webtuiste by www.promark.co.za. 🇿🇦



Die rooibokram wat ek die oggend vroeg geskiet het. Hier het ek reeds die langmouhemp se moue opgerol. Die lang moue was lekker handig agter op die bakkie op pad veld toe die oggend.



Stevenson Hamilton DIE LEEFSTYL



Vir jou
naaste handelaar
kyk by
www.promark.co.za



Produk van SA



LA.VA-VAKUUMVERPAKKINGSMASJIE

V.100 Classic



Met voedselpryse wat skynbaar maandeliks styg, is dit vir die meeste huishoudings noodsaaklik om vermorsing tot 'n minimum te beperk. Dit is ook dan algemeen bekend dat vakuumverpakte voedsel langer hou. As jagters verstaan ons dat kwaliteitwildsvleis afhanklik is van onder meer behoorlike veroudering. Wildsvleis wat reg verpak is, vertoon beter en die finale produk is duidelik van goeie gehalte.

Nie almal kan egter industriële verpakkingsmasjiene bekos-

tig nie en dis waar La.va inkom. Hulle reeks bekostigbare vakuumverpakkingsmasjiene word vanaf Duitsland ingevoer en is reeds sedert 2007 in Suid-Afrika beskikbaar. Dié masjiene kom ook met 'n tweejaar-waarborg.

Ek het onlangs die geleentheid gekry om twee van hulle masjiene – die V.100 Classic en die V.300 Premium – te toets.

Die V.100 is 'n intreevlakmasjien en verg 'n bietjie meer insette van die gebruiker as die ander masjiene in die reeks. Dit verseël sakke en het ook 'n aanhegsel wat gebruik word vir

La.va se akriel- en vlekvrystaalvakuumhouers.

Om sakke te seël is eenvoudig; jy maak só: Plaas die oop kant van die sak oor die verhitte seëlement en sit die posisioneringstrokie binne-in die sakkie. Skakel die masjien aan en druk die sakknoppie (*Beutel*). Dit aktiveer die vakuummotor. Druk die deksel toe en die lug word binne 'n paar sekondes uit die sak gesuig. 'n Rooi aanwyserliggie gaan aan as voldoende lug verwyder is. Die sak kan nou geseël word. (Dit is belangrik dat daar nie vloeistof in die

masjiene gesuig word nie.) Druk die seëlnoppie totdat die rooi liggie afskakel – die enkele seël se sterkte kan deur verstellings van tussen 1 en 10 beheer word. Sodra die seëlliggie afgaan, verwyder die sak deur 'n rooi knoppie te druk.

Dit klink seker ingewikkeld, maar is eintlik heel eenvoudig. Soos reeds genoem, die eenheid akkommodeer ook die aanhegsel wat gebruik word wanneer jy lug uit die akriel- en vlekvrystaalhouers wil trek. Dié houers is regtig baie handig en ek gebruik hulle al jare. Koppel bloot die aanhegsel aan die masjien en druk die ander kant daarvan in die gaatjie bo-op die houer se deksel. Skakel dan die aanhegselknoppie (*Behalter*) aan. As genoeg lug verwyder is, duik 'n klein oranje rubberborreltjie bo-op die houer se deksel in en dit is die aanduiding dat die vakuum voldoende is.

Om die houer oop te maak, druk eenvoudig die knoppie wat die druk verlos. 'n Handpomp om die lug uit die houers te suig is ook beskikbaar en dis hoe ons dit sommer op 'n daaglikse basis doen. Ons familie stoor ons kaas, groente en vrugte in hierdie houers en dit hou aansienlik langer as enige ander verpakkingsmetode.

Ek maak gereeld wildsosaties en deur die blokkies vleis wat in die marinade lê in een van hierdie houers te hou, lewer uitstekende resultate. Die lae druk help die vleis om die marinade beter te absorbeer. Ná agt jaar se gebruik, was dit nog nooit nodig om enige seëls te vervang nie – die houers werk so goed soos die dag toe ek hulle gekoop het.

V.300 Premium



La.va se nuwe reeks vakuüm houers.



Die houers en handpomp is afsonderlik beskikbaar, so jy hoef dus nie die masjien te koop om hulle te gebruik nie.

Die V.300 is onder jagers La.va se gewildste model. Die basiese beginsel is dieselfde, maar minder insette deur die gebruiker word benodig. Die deksel is magneties en verg slegs 'n klein bietjie druk as die vakuüm masjien aangeskakel word. Dit het ook 'n dubbele seël pleks van slegs een soos op die V.100.

The V.300 Premium het 'n verstelbare vakuümspektrum

van -0.1 tot -0.96 bar wat deur 'n verstelbare drukklep beheer word. Die eenheid kan ook verstel word om outomaties die vakuüm te suig en te stop om te verseël, waarna die deksel self oopspring. Beide modelle gebruik La.va se 90 mikron-sakke sowel sakke van 160 mikron wat fantastiese beskerming teen vriesbrand bied.

Die sakke is in 12 groottes beskikbaar en is perfek om enigiets – van 'n klein blokkie kaas tot 'n elandrugstring – mee te verpak. Met dié rolle kan jy jou eie

grootte sakke maak deur die verlangde grootte self te sny.

My eie V.100-model was deur die jare vir my onontbeerlik vir die verpakking van my wildsvleis, veral droëwors en biltong. Ek verpak beide in 500 gram-pakkies en dit bly vir tot 'n jaar lank vars teen -18 °C in my vrieskas. Tydens 'n vakansie in Mosambiek het ek en vriend Schalk ons barrakuda- en dorado-filette met die V.100 verpak en dit het vir maande daarna vars gebly.

As ek weer kon kies, sal ek die

V.300 koop. Sy verstelbare druk is ideaal om sagte items soos lekkergoed, vis en groente in sakke te verpak sonder om dit plat te druk.

Maar ek sal my eie La.va vir niks verruil nie – die produkte is van uitstaande gehalte en hulle *werk*. Ek kan beide ten sterkste aanbeveel.

Die V.100 kos R8 500 en die V.300 R11 500.

* Vir meer inligting skakel La.va SA by 072-160-5556 of besoek www.lava-sa.co.za.

la.va®

BESOEK ONS
AANLYNWINKEL
www.lava-sa.co.za

Kwaliteit ingevoerde vakuümverpakkingsmasjien
en vleisverwerkingstoerusting
TWEEJAAR-WAARBORG




SA JAGTERSLEDE KRY

5%-afslag op masjiene **10%-afslag** op sakkies

E: info@lava-sa.co.za | C: +27 72 160 5556

Dovetail Wooden Boxes

- Standaard-ammunisiekassie: R470. (Sluit gravering van naam en kaliber in.)
- Enige ander gravering kos ekstra.
- Kan landswyd koerier @ R115
- 100gat-rubber/hout-herlaaiborde. R250
- 50gat-rubber/hout-herlaaiborde. R200



Lizelle Louw: 083-257-4041 | E-pos: lizellelouw@gmail.com
www.dovetailwoodenboxes.com

EURO-VATO SUPPRESSORS AND MUZZLE BRAKES 100% Titanium

ULTRA-LIGHT

ACCURATE

DURABLE

EFFECTIVE

Euan 082 556 5474 // www.euro-vato.co.za // info@euro-vato.co.za

BBG NIGHT FURY
ENGINEERING
DESIGN. DEVELOP. MANUFACTURE.

WWW.BBG.ENGINEERING | 012 653 0023
INFO@BBG.ENGINEERING

BLITZ
BLADE SHARPENER

Any blade super sharp
in a *Blitz!*

0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

NIGHT FURY NF#2 - 036
GUN ACCESSORIES

STD FRONT CAP
LARGE BASE
STD END CAP
STANDARD INTERNAL BRAKE

ADDED LENGTH 231 mm
OVERALL LENGTH 249 mm
WEIGHT 545 g

R3916
INCL VAT

WWW.BBG.ENGINEERING | 012 653 0023 | SILENCE@NIGHTFURY.CO.ZA

VECTOR OPTICS PREMIUM SCOPES
Excellent Optical Performance. Satisfying Perfectionists!
Challenging the World's Best Brands with Fair Price

SCOPE MOUNTS
Premium-quality, Stress-free Mounting
Ultimate Repeatable Accuracy & Reliability

- German optical system
- Clear Schott glass lenses
- 30 mm Monotube
- Long eye relief (100 mm)
- Adjustment $\frac{1}{8}$ & $\frac{1}{16}$ mil
- Side focus
- Glass mil-dot reticle
- RED illuminated
- Honeycomb sun shield
- FREE Picatinny mounts

PARAGON - German Style:
1.2-6x24mm R5 900.00
2-10x50mm R7 500.00
3-15x50mm R8 500.00
4-20x50mm R8 900.00
6-30x56mm R9 600.00

PACER - Air Rifle & .22:
3-9x40 x 1" R 990.00

GRIZZLY - Bos & Vlakke:
2.5-10x56mm R3 750.00
3-12x56mm R3 900.00

FORESTER - Value For Money:
2-10x40mm R3 900.00
3-15x50mm R4 500.00

REAPER - Multi-coated III:
6-24x50mm R4 600.00

SENTINEL - Multi-coated III:
6-24x50mm R4 950.00

TAURUS - 6xZoom Focus III:
5-30x56FFP R8 900.00

RED DOT SIGHTS
SCRD-10A R2 944.00
SCRD-10C R2 944.00

LASER RANGEFINDERS:
Rover 6x30x600m R3 990.00
Aurora 8x30x1200m R5 990.00

Quick-detachable Pivot Mounts
Quick-detachable Picatinny rings with lever with perfect repeatable zero
Mounts for Sako Tikka, Blaser R8 / R95, Docter sights and sporting rifles
Vector rings from R500

For more info visit
www.eaw.de/en/service/online-catalogue.html

TOOL Fair Cell: 082 566 2332 | wilhelm@toolfair.co.za Visit www.toolfair.co.za to view range

JAGTER HUNTER
SUID-AFRIKAANSE - SOUTH AFRICAN

Koop nou jou advertensieruimte vir Julie 2021 se
SA JAGTER/HUNTER.

Its time to advertise in the July 2021
SA JAGTER/HUNTER.

Jacques Boshoff | Sel: 079-528-8793
jacques.boshoff@media24.com

JAGTERS MARK | HUNTERS MARKET

JAGTER HUNTER

OM IN HIERDIE MARK
TE ADVERTEER:
Skakel Esmarelda by
Sel: 084-744-9948

E-pos:
esmarelda.ferreira
@landbou.com

JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

ezulwini Game Lodge

**HUNTING AND FAMILY LODGE
NORTH WEST PROVINCE**

- 35 km north of Brits.
- Bushveld farm with various game species.
- Self-catering lodge suited to friend and family groups.

Tel: 071-087-4444
info@ezulwinigame.co.za

IMMANES MAREE
WILD / GAME

**'OUTFITTERS' EN PH IS WELKOM
MET TROFEEJAGTERS**

- 2 600 ha-jagplaas
- 60 km buite Vryburg
- Pragtige kameeldoringveld
- Baie mak en vet wild
- Netjiese skoon akkommodasie, 12 persone
- Groot verskeidenheid wild o.a. buffels

Skakel Theo: 082-475-3273
vir pryslys en besprekings.

PREMIUM SAFARIS - ELLISRAS

- 6 500ha-jagplaas.
- Ses boogskuilings.
- Geweel/boog.
- Boskamp en lodge beskikbaar.

E-pos vir pryslys.
Ig Steenekamp
Tel: 079-729-7986
E-pos: igsteen@vodamail.co.za

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:Esmarelda Ferreira | Sel: 084-744-9948 | E-pos: esmarelda.ferreira@landbou.com**JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES****SAND SPOOR SAFARIS – THABAZIMBI**

Bushveld farm – 220 km from Pretoria.
Well-equipped bush camp.
Eskom power.
Skinners, slaughtering and cooling facilities.
Price list on website.
paul@sandspoorhunt.co.za
www.sandspoorhunt.co.za
Paul Jordaan
Cell: 083-227-3420

DIPHOFU GAME RANCH, MARBLE HALL/ROEDTAN

1½ hours north of Pretoria.
We cater for all your bushveld needs such as trophy and biltong hunting.
Lodge accommodates ten people. Self-catering.
Narizanne: 012-346-6305
hunting@diphofu.co.za
www.diphofuhuntingsafaris.co.za
<https://www.facebook.com/Diphofu>

THABA-E-ÉLANG, MOKOPANE

Two hours north of Pretoria.
We cater for all your hunting needs such as trophy and biltong hunting. Bow or rifle hunting. Accommodation for six people.
Max four hunters.
Self-catering.
Narizanne: 012-346-6305
hunting@diphofu.co.za

ALLDAYS LIMPOPO

Hunter's camp, accommodates eight people. Self-catering, Eskom power, skinners, hunting vehicle to drop and pick up.
Fully equipped butchery.
Zebra, impala, kudu, gemsbuck, wildebeest, eland, warthog.
Enjoy mopani bushveld.
Contact for prices and bookings.
Memory:
083-207-8245 or
Chipomemory65@gmail.com

SHELDRAKE GAME RANCH, MUSINA, LIMPOPO

Ons bied al sedert 1982 jag aan.
Geweer- of boogjagters welkom.
Gewone/trofeewild, buffels en swartwitpense.
Besoek www.sheldrake.co.za
vir pryse en besprekings.
Gerhard Minnaar:
E-pos: gerhard@sheldrake.co.za
Sel: 082-809-3523

KALAHARI-JAG

Kom geniet die gasvryheid van rooi duine, kameeldoringbome en grasvlaktes.
Selfsorg-akkommodasie.
Slaggeriewe en koelkamers.
Sel: 082-373-3648
E-pos: jopetku@gmail.com

UITZICHT GAME LODGE

Fouriesburg, Oos-Vrystaat.
Drie ure vanaf Johannesburg.
Skilderagtig mooi met tien spesies om te jag.
Jag reeds 20 jaar slegs met SA jagters. Elande, blouwilbeeste, blesbokke, springbokke en ander.
Skakel Johan 083-675-1761
www.uitzichtgamelodge.co.za

THABAZIMBI BUSHVELD HUNTING

Quality hunting with lots of game.
Rifle and bow hunting.
Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA: 083-627-0350
Email: office@limcroma.com

BILTONGJAG IN DIE BEAUFORT-WES-OMGEWING

10 000ha gemengde veld en tipografie.
22 spesies op plaas en 12 om te jag. Geen minimum getal jagters per groep.
Kontak deur web: www.badshoek.co.za

SERENGETI HUNTING SAFARIS ELLISRAS – LIMPOPO

Bushveld hunting at its best. Well-equipped lodges or bush lodge. Self-catering and full-catering. Pricelist available at: serengetilodge@xpress.co.za
hunt@serengetisafaris.co.za
Phillip Craucamp:
083-652-9151

JAGGELEENTHEDE – AUCH MACOY

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies.
Selfsorgeenhede.
Slag- en koelkamergeriewe.
Skakel Davin: 079-870-0499
of Maryke: 051-407-6938
marykeb@satb.co.za

JAG IN OOS-KAAP

Tussen Port Alfred en Grahamstad.
Vir inligting en pryslys kontak per e-pos: dirk.gouwsprop@border.co.za

KLAWERVLEI AFRICAN HUNTING SAFARIS – TOLWE, LIMPOPO

Geweer- en boogjag. Verskeie spesies wild. selfsorglodge, vier chalets, slaap 19.
Koelkamer.
Swembad.
Kontak Adriaan:
+27-73-338-7234
E-pos: klawervlei@webmail.co.za

BILTONG/POTJAGTERS

Springbokke @ R1 200.
Blesbokke @ R1 800.
Swartwilbeeste @ R3 500
Blouwilbeeste @ R4 200.
Rooihartbeeste R4 200.
Lechwe-ooie @ R3 000.
Jagdagfooi R180 per persoon.
Slagfooi: R50 klein bokke en R100 groot.
GEEN minimum hoeveelheid jagters, jagdae.
Nie verblyfgeriewe op plaas.
Welkom-omgewing.
Skakel Willie: 073-162-8657

**COME HUNT IN THE LOWVELD: GRAVELLOTTE**

Size of hunting area: 2 700ha

Sixteen species including magnificent buffalo, sable antelope, kudu and Livingstone eland bulls.

- Special discount for groups of five or more.
- Comfortable tents on decks.
- Clean bathrooms, lapa, fully equipped kitchen.
- Self-catering or fully catered options. Camp serviced daily.
- Cool room, firewood, hunting guides and vehicles all included.
- Meat processing available on request.
- Corporate or family groups, PH's and outfitters all welcome.

Johan: 082-555-3367
johan@chimoyo.com
Website: www.chimoyo.com

**LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA, RIVERSDALE**

- Best hunting destination in Western Cape.
- No hidden costs.
- Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
- Full/self-catering. 45+ species.
- Owners are PH and outfitters

082-443-1147
082-448-3975
www.lasarusgamefarm.co.za
info@lasarusgamefarm.co.za

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:

Esmarelda Ferreira | Sel: 084-744-9948 | E-pos: esmarelda.ferreira@landbou.com

TE KOOP | FOR SALE



Hunt Africa
- SINCE 2020 -
WWW.HUNTAFRICALEATHER.COM

**-15% Discount
coupon code SAJ2535**






Hunt Africa (Pty) Ltd
Brits, 0250
Contact: +27-64-739-9773
info@huntafricaleather.com

TROFEË TE KOOP



Buffel, eland, twee koedoes, rooihartbees, rooibok en verskeie gemonteerde horings.
R30 000 vir die trofeë en sebravel.
R60 000 vir die olifantande 14,7 kg elk met permit.



Hendrik: 082-566-5822

TE KOOP | FOR SALE



BACK 'N TRACK DOGS

- Two German shorthaired pointers.
- One male, one female.
- Trained for blood and bird work.
- Highly pedigreed.
- 2 years old.

Contact for more information
Frik 083-306-5540

SRS AND OPTICS

WELCOME TO SRS AND OPTICS
Manufacturer of Premium Rifle Stocks



SKAAPBOER KOLWE  LIKE US ON facebook

PROUDLY AMERICAN
BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS



LEUPOLD
SIGSAUER
NEVER SETTLE

SRS and Optics stocks
a wide range of Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827
Email:
wjff0824106827@gmail.com
www.srsandoptics.co.za

TE KOOP | FOR SALE

THE PERFECT BULLET PULLER

- Bestel direk by vervaardiger.
- Kalibers van .22 tot .458 altyd beskikbaar.

Mauritz:
084-461-3421
www.perfectbulletpuller.co.za

TE KOOP: 9 979 M² STANDPLAAS IN DITHOLO WILDLIFE ESTATE

- 1 000 ha-eiendom 90 minute vanaf Pretoria tussen Bela-Bela en Thabazimbi.
- Baie dierspesies. Buffels, seekoeie, kameelperde, sebras, damme met kurper en baars, ingesluit.
- Geen jag word toegelaat nie.
- 4ster-lodge in die eiendom.
- Prys R220 000 vir vinnige koop.

Fernando: 082-496-3899



DIENTE | SERVICES

Jansewors Slaghuis
Wild Game



Mamogalieskraal, Brits, Lethlabile straat.
GPS
25° 29' 49.0S 27° 49' 24.1E

WILDSVLEISBEWERKING R7.50
ALLE VERDERE VERWERKTE PRODUKTE BESKIKBAAR.

Die Rook en Pekel van Produkte.
Oorspronklike skepper van gekeurde boerewors.

Ontvang op Sondag. Aflewering Gauteng / Noordwes

Tel: 079-442-0210/
073-397-6936
jansewors@kasterolie.co.za

DIENTE | SERVICES

QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS
Firearm licence and firearm appeal applications.
(99% success rate)
All other legal work.
info@qjattorneys.co.za
Phone: 082-805-0674
(Pretoria)

JUST MOTIVATIONS – R350
Custom firearm motivations.
100% success rate.
Afrikaans/English.
SMS email address to 082-567-8437 Johan Justus, retired SAPS Colonel.

VdB
- VEZI - de BEER inc. -

CONTACT VEZI & DE BEER INC FOR YOUR:

- Firearms Application
- Motivations
- Firearms Appeal Application

Phone: 012-361-5640
Email: willie@vezidebeer.co.za

Travalia
FARM STORE

MEAT PROCESSING

- Professional processing in a quality facility
- Deliveries to CPT/JHB
- Bookings essential
- Offload Mon-Sun
- Central location – Three Sisters – 50m from N1

082-306-5722
www.travalia.co.za

WILDVERWERKING

GAME MEAT PROCESSING
Streng KBA
PRETORIA MOOT-AREA

Maak van:
Biltong, droëwors, boerewors, cabanossi, patties, ens.

www.gamemeat.co.za
Skakel nou: 083-305-1489



Burris

FIND WHAT MATTERS

**ACCURACY OUT TO 1,800 METER
WITH THE PUSH OF A BUTTON**

The New
Eliminator IV

LASERSCOPE 4-16X50MM



FEATURES

- X96 RETICLE
- ILLUMINATION
- SECOND FOCAL PLANE
- RETICLE DISPLAYS
- REMOTE CONTROL
- BALLISTIC CALCULATOR

THE NEW ELIMINATOR IV FEATURES **EXTENDED RANGEFINDING CAPABILITIES.**
ENHANCED BALLISTIC CALCULATOR OFFER MORE DATA AND **FASTER-AIMING SOLUTIONS.**

Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.